

6147 5812X



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State



34300002045809

Universiteit Vrystaat

**EKKLESIOLOGIESE PERSPEKTIEWE OP
DIE GESKIEDENIS VAN DIE NGKA-RING
VAN LESOTHO TOT 1998**

Gideon Josua Beukes

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad

MAGISTER THEOLOGIAE

In die

Fakulteit Teologie

Departement Ekklisiologie

aan die

Universiteit van die Vrystaat

Studieleier: Prof dr RM Britz

Blomfontein

Augustus 2001

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die kwalifikasie MTh aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n kwalifikasie aan 'n ander Hoër Onderwys Inrigting ingedien is nie.

Gideon Josua Beukes

03 Augustus 2001

INHOUDSOPGAWE

EKKLESIOLOGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE GESKIEDENIS VAN DIE NGKA-RING VAN LESOTHO TOT 1998	i
INLEIDING	1
HOOFSTUK 1	
.....	
.....	3
VAN ONDERLINGE GEMEENSAP TOT AMPTELIKE SKAKELING: DIE VERHOUDING TUSSEN DRIE KERKE DIE PESG (KEREKE EA LESOTHO), DIE NGK OVS EN DIE NGSK OVS: 1847 - 1944	
.....	
.....	3
Inleiding	3
1. Die PESG plant gereformeerde presbiteriaanse gemeentes onder die Basothovolk: 1833-1850.....	3
2. Die vestiging van 'n NG Kerk aan die oorkant van die Oranjerivier en sy verbintenis met die PESG: 1848-1862	5
3. Die NG Kerk van die OVS en die PESG sit die hartlike verhouding voort: 1863-1868	7
4. GA Maeder, seun van 'n PESG sendeling, word die NGK OVS se eerste sendeling, 1874	8
5. Die gevolge van die "Gun War": 1880-1881	9
6. Die PESG onttrek uit die Vrystaat: 1887.....	10
7. Die PESG kry die karakter van geïnstutueerde kerk in Basotholand: die Kereke ea Lesotho kom tot stand.....	11
8. Die amptelike skakeling tussen die Ned. Geref. Sendingkerk OVS en die 'Kereke ea Lesotho': 1910 - 1944.....	13
9. Die skakeling tussen die NGK en Kereke ea Lesotho: 1900-1944	15
10. Samevatting	16
HOOFSTUK 2	18
'N GESAMENTLIKE SENDINGAKSIE VAN DIE NG SENDINGKERK EN DIE NG KERK IN DIE ORANJE VRYSTAAT LOOP UIT OP GEMEENTESTIGTING IN BASOTHOOLAND: 1947-1963	18
Inleiding	18
1. Die PESG en die NGK/NGSK probeer die nuwe bedieningsituasie in die Goudveld oorbrug.....	18
2. 'n Nuwe ooreenkoms skep die moontlikheid van sendingwerk in Basotholand en die oorplanting van die Kereke ea Lesotho in die Vrystaat.....	21
3. Die Sinodes van die NGSK en die NGK besluit op 'n sendingaksie in Basotholand.....	24
4. Die SSK van die NGSK konstitueer en beplan 'n besoek aan Basotholand	25

5. 'n Deeglike ondersoek in Basotholand: 1957.....	28
6. Die sendingonderneming kom van die grond met die aanwys van die eerste werkkragte: 1957.....	30
7. 'n Basis van samewerking struktureer die onderneming: 1958.....	33
8. Indringende samesprekings met die Kereke ea Lesotho, 1959.....	35
9. Die onderskeie NG Sinodes neem met genoegdoening kennis.....	37
10. Die praktyk van die sendingaksie.....	38
11. Kerkinstituering in Basotholand.....	40
12. Beleidsrigting vir die werk in Basotholand en 'n Sendingbeleid.....	44
"DIE SENDINGBELEID VAN DIE NED. Geref. Kerk in die OVS.....	46
13. Samevatting.....	47

HOOFSTUK 3..... 49
KERKLIKE SKAKELIGGAME NEEM DIE RING VAN BASOTHO LAND
(LESOTHO) AAN DIE HAND 1963-1970..... 49

Inleiding.....	49
1. Die konstituering van die Ring van Basotholand: 1963.....	50
2. Die taak van die Ring van Basotholand.....	51
3. Die eerste vergadering van die Ring in Basotholand: 1963-1964.....	53
4. Die verband tussen die Ring van Basotholand en die GSK.....	54
5. 'n Nuwe Politieke bestel: Lesotho kondig hom aan: 1965.....	56
6. Onderwys en nog 'n gemeente in Basotholand (Lesotho) oorheers die kerkvergaderings in 1965.....	57
7. 'n Skakelkommissie kom as tussenganger tot stand: 1966.....	59
8. Die ringsitting van 1966 in Maseru en die geskille in die plaaslike gemeente.....	61
9. Die GSK laat hom geld en ondersteun 'n omvattende bouprogram in Lesotho: 1966.....	63
10. 'n Spesiale ringsitting stig 'n gemeente en keur 'n vierde sendelingpos goed: Oktober 1966.....	64
11. Die laaste jare van die sesde dekade: Die Ring bly aan die hand van die skakelliggame.....	65
12. Samevatting.....	67

HOOFSTUK 4..... 69
Die ring BELEEF UITBREIDING, TERWYL DIE SKAKELKOMMISSIE
VAN LERAARS 'N BELANGRIKE ROL SPEEL: 1971-1986..... 69

Inleiding.....	69
1. Tugsak op tugsak:1971-1973.....	69
2. 'n Sewende gemeente word gestig: 1971.....	71
3. Nuwe entoesiasme en die moontlikheid van uitbreiding: 1971.....	71
4. Die aanvoerwerk in die omgewing van Mphaki: 1972.....	73
5. 'n Plaaslike NG gemeente in die Vrystaat stuur 'n sendeling vir die sendingwerk in die berge van Lesotho.....	74
6. Nog tugsake en 'n kerklike werkster aangestel: 1973-1980.....	76

7. Kommissies registreer die eiendomme en 'n onderliggende krisis kondig hom aan: 1982-1984.....	79
8. Nog steeds tugsake ... en die besef dat die situasie bereedder moet word: 1981-1986	80
9. Samevatting	82

HOOSTUK 5.....	84
TE MIDDE VAN KRISISSE BRING TEOLOGIESE VERANTWOORDING DIE RING NA VORE 1987-1999.....	84

Inleiding.....	84
1. Indringende gesprekke oor die toekoms lei tot 'n memorandum en Ringswerkwinkel: 1987	84
2. Ringswerkwinkels en die teologiese verantwoording van sending en kerk in Lesotho: 1989-1992.....	86
3. 'n Agtste gemeente word gestig en 'n nuwe geslag leraars: 1989-1991.....	89
4. Tugsake en probleme met voltydse arbeiders: 1989-1992.....	90
5. Verdeeldheid in die Ring: 1992-1995.....	91
6. Ringslede bid vir 'n wonderwerk: 1995.....	93
7. Kerkvereniging veroorsaak Kerkskeuring: 1996	93
8. Die verhouding tussen die NGKA Ring van Lesotho en die LEC.....	95
9. Die Herderlike Brief van 1998.....	97
10. Samevatting.....	99
11. Die NGKA Ring van Lesotho in perspektief.....	99

OPSOMMING	102
Summary	103
Keywords	104
Sleutelbegrippe	104

BRONNE	105
---------------------	------------

BEDANKING

Madel, hierdie perspektiewe word met liefde aan jou opgedra.

AFKORTINGS

ANC African National Congress

ASSK Algemene Sinodale Sendingkommissie

BCP Basotholand Congress Party

BNP Basotholand National Party

GSK Gesamentlike Sendingkommissie vir Sending in Lesotho

LEC Lesotho Evangelical Church

NG Nederduitse Gereformeerde

NGK Nederduitse Gereformeerde Kerk

NGK OVS Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat

NGKA Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika

NGKA-OVS Nederduitse Gereformeerde Kerk van Afrika in die Oranje Vrystaat

NGSK Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk

OVS Oranje Vrystaat

PEMS Paris Evangelical Mission Society

PESG Paryse Evangeliese Sendinggenootskap

RK Ringskommissie

SASK Sinodale Algemene Sendingkommissie

SKSE Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie

SSK Sinodale Sendingkommissie

UK Uitvoerende Komitee

UOVS Universiteit van die Oranje Vrystaat

VGKSA Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

ZAR Zuid-Afrikaansche Republiek

INLEIDING

Hierdie studie het sy direkte oorsprong in drie versoeke. By sy vergadering gedurende Junie 1989 het die Sinodale Sendingkommissie van die NGK die Gesamentlike Sendingkommissie vir sending in Lesotho ('n skakelliggaam van die sendingkommissies van die NGKA OVS en NGK OVS met die Ring van Lesotho) gevra "...om 'n diepgaande studie te maak van die werk aldaar met die oog op 'n herbeplanning en herstrukturering van die bediening." (Notule SSK NGK OVS 6 Junie 1989:9). Dit verteenwoordig die eerste versoek. Die tweede versoek het twee jaar later gekom en was meer spesifiek. Weer het dit van die SSK NGK OVS gekom "Die Teologiese Fakulteit van die UOVS word versoek om behulpsaam te wees met navorsing oor die geskiedenis van die NGKA in Lesotho" (SSK NGK OVS 21 Mei 1991:12). Die derde versoek het uit Lesotho gekom. By die Skakelkommissie NGKA-Ring van Lesotho op 24 Mei 1996 word die leraar van die Thabang gemeente gevra om die geskiedenis van die NGKA in Lesotho te beskryf. Die Kommissie het gemeen dat die kerk sy geskiedenis lering sou kon put om pad te vind (Notule Skakelkommissie NGKA-Ring in Lesotho 24 Mei 1996). Hierdie versoek het die navorser by die saak betrek.

Om aan hierdie versoek gevolg te gee was 'n uitdaging wat die outeur op die spoor van primêre dokumente gebring het. Dit is opgediep uit die Argiefbewaarplekke van die NGKA OVS en die NGK OVS in Bloemfontein. Daarby is die notules en ander ter saaklike bronne van die Ring van Lesotho deeglik bestudeer. Die bedoeling was immers om 'n wetenskaplik verantwoorde beskrywing van die geskiedenis van die Ring van Lesotho daar te stel aan die kant is daar dus gekies vir die teologies kritiese metode van die kerkgeskiedskrywing, waarin die versamelde bronne kronologies bestudeer is om in terme van dokumentasie 'n samehangende verhaal te vorm. Daarin is hopelik in die studie geslaag. Aan die ander kant is die objek van die navorsing op die Ring en die verbande waarin die Ring funksioneer het, gestel. Daarom het dit nie uitgeloop op die wel en weë van verskillende gemeentes nie. Dit het die verhaal geword van die geïnstitueerde Ring van Lesotho. En, die ekklesiologiese konteks waarin hy vergestalt is.

Op die keper beskou, het die onderneming uiteindelik uitgeloop op die geskiedenis van die NGKA Ring van Lesotho. Van daar ook die titel. En, is dit duidelik waarom die studie met die jare lange verhouding tussen die LEC en die NGK/NGKA begin. Dit plaas immers die Ring in 'n baie belangrike kerkhistoriese perspektief. 'n Tweede belangrike perspektief is die rol wat verskillende sinodale kommissies in die lewe en werk van die Ring gespeel het. Hier is die deurslaggewende besluite geneem. Van hieruit is dikwels aan nuwe insette en ontwikkelinge gevolg gegee. Die kerklike strukturering rondom 'n sendingaksie en die instituering van 'n Ring binne die sendingsituasie, kan dus in die uitklaring van die geskiedenis nie oor die hoofgesien word nie. Die derde perspektief stel die Ring self aan die orde. Hoedat daar tugsake hanteer

is. En, hoedat uiteindelik die aandrang op kofessionele verantwoording die Ring in eie reg na vore laat kom het.

Binne bogenoemde omlysting handel hoofstuk een oor die verhouding tussen drie bevriende kerke, die PESG (Kereke ea Lesotho), die NGK OVS en die NGSK OVS tussen die jare 1847 tot 1944. Die tweede hoofstuk behandel die tydperk 1947 tot 1963, waarin die gesamentlike sendingaksie van die NGSK en die NGK uitloop op gemeentestigting in Basotholand. In die derde hoofstuk word aangedui hoedat kerklike skakelliggame die Ring van Lesotho aan die hand geneem het tussen 1963 en 1970. Hierna fokus hoofstuk vier op die onverwagte uitbreiding wat in die Ring plaasvind, terwyl die leraars 'n toenemend belangrike rol begin speel (1971-1986). Die laaste hoofstuk vertel hoedat teologiese verantwoording te midde van krisisse die Ring in eie reg na vore gebring het tussen 1987 en 1998. Die laaste paragraaf knoop die sakkie in 'n samevatting toe.

Hoofstuk 1

VAN ONDERLINGE GEMEENSAP TOT AMPTELIKE SKAKELING: DIE VERHOUDING TUSSEN DRIE KERKE DIE PESG (KEREKE EA LESOTHO), DIE NGK OVS EN DIE NGSK OVS 1847 - 1944

Inleiding

Die doel van hierdie eertse hoofstuk is om die kollig – in ‘n oorsigtelike sin – te laat val op die verhouding tussen drie gereformeerd-presbiteriaanse kerke oor ‘n tydperk van min of meer 100 jaar, dit wil sê vanaf 1847 tot 1944. Die eerste van hierdie kerke voer sy ontstaan terug op 1833 toe die PESG met sendingwerk en kerkplanting in Basotholand begin het. Na ongeveer 50 jaar sou die PESG uitloop op die Kereke ea Lesotho. Die tweede kerk staan bekend as die NGK OVS. Hierdie kerk is deur christen trekboere na die Vrystaat gebring en het in 1864 homself in ‘n sinodale verband tot uitdrukking laat kom. Vanweë ‘n duidelike sendingvisie het die NGK OVS en die naburige PESG nou betrokke geraak en ‘n oortuigende verstandhouding aangeknoop. Vroeg in die 20ste eeu het daar ‘n wending gekom toe die selfstandige NGSK OVS as ‘n derde vennoot bygekom het.

1. Die PESG plant gereformeerde presbiteriaanse gemeentes onder die Basothovolk: 1833-1850

Die PESG, of te wel Société des Mission évangéliques de Paris, is in 1822 gestig as uitloper van die Franse protestantisme. As sodanig moet die stigting van hierdie sendinggenootskap begryp word teen die agtergrond van die ontstaan van vele soortgelyke genootskappe binne die Europese en Amerikaanse protestantse kerke waarin ‘n intense aandrang om sendingwerk onder die heidene van die wêreld beleef is. Die stigting van die een sendinggenootskap na die ander was alreeds vroeg in die negentiende eeu van so ‘n omvang dat ‘n duidelike missionêr-historiese ontwikkeling hom hierin as ‘n nuwe beweging afgeteken het (vgl Kane 1977, p. 103 ev). “Mit der Wende zum 19.Jh. beginnt nicht nur für die protestantische Mission, sondern auch für die Missionsgeschichtschreibung eine neue Epoche, sofern aus den Gesellschaftsarchiven und dem breiten Strom der Missionspublizistik in reicher fülle zur verfügung stehen”, merk Gensichen tereg op wanneer hy ‘n kerkhistoriese uiteensetting van “die protestantische Mission ... von 1800 bis 1914” gee (Gensichen 1961: 30). Bosch praat weer oor hierdie gebeure in terme van “Missions in the wake of the Enlightenment” (Bosch 1991:262 ev)

en bring dit in verband met die Christelike herlewings en entoesiasme om die Evangelie oor die hele wêreld te verkondig (Bosch 1991: 274 ev, 334ev).

Die PESG is deel van hierdie nuwe sendingbeweging en met teologies en ekklesiologies in die lig hiervan begryp word. Hierdie Genootskap (PESG) was in sy arbeid deur die presbiteriaanse benadering gestempel. Die *Journal des Missions évangéliques* het getrou berig oor die wel en weë van sy sendelinge in veral Frans-Afrika, Basotholand en Madagaskar (RGG 1v 1930:62,70). Basotholand is dus die Suid-Afrikaanse geografiese en kulturele konteks waarin die PESG as draers van die Evangelie sy voete moes vind. Alleen in hierdie situasie was hy ook nie. Vele ander genootskappe het die breëre Suid-Afrikaanse omgewing met mekaar gedeel. Trouens, Britz meen dat daar kerkhistories tussen ongeveer 1800 en 1850 in Suid-Afrika beslag gegee is aan 'n pluriformiteit van kerke en sendinggenootskappe (vgl Britz s.d. 1ev). Du Plessis het in 1910 **A History of Christian Missions in South Africa** saamgestel en die vestiging en uitbreiding van hierdie genootskappe, insluitende die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap (ESG, (vgl Du Plessis 1911:189-190) beskryf. In sy **Recent developments in the South African mission fields** (1958) het Gerdener hierdie geskiedenis op datum gebring. Beide boeke gee 'n oorsig van die sendinggenootskappe en hulle werksaamhede in Suider-Afrika.

As 'n vennoot van ander sendinggenootskappe, en met name die London Missionary Society en die Wesleyan Missionary Society, het hy die Basotho's in die sentrale binneland begin evangeliseer (vgl Gill 1993:59). Die pioniers, wat op 9 Julie 1833 hulle eerste sendingstasie te Morija gestig het, was eerwaardes Thomas Arbousset, Eugène Casalis en Constant Gosselin. "The work at Thaba Bosiu met from the first with a large amount of success. The natives, headed by their chief, attended Devine service on Sunday to the number of 400. The time between the morning and afternoon services was employed in diligently learning to read" (Du Plessis 1965:197). Die "sukses" wat die PESG in die begin met die bediening gehad het was grootliks as gevolg van die Basotho opperhoof Moshweshwe se samewerking, asook die ywer van die drie Franse sendelinge om die evangelie aan die Basothos te verkondig. "As soon as we had become sufficiently familiar with the local idiom, it was decided that we would visit the little metropolis of the region every week, in rotation" (Germond 1967:512). Germond (1967:512) wys ook op Moshweshwe se positiewe houding teenoor die PESG: "Whenever you may visit to teach us, I will be there to gather my people and to ensure that you are listened to with attention." Dit was egter eers na ses jaar se toewyding, liefde en geloof dat God hulle bediening op 'n sigbare wyse beloon het. "Towards the end of 1838 a few souls began to awaken to the new life: Ntlaloe, the first fruit of the Basutoland Mission, was the first to be converted at Thaba Bosigo. On the 18th August 1839 he was baptized, the first among his people, under the name Daniel" (Ellenberger 1938:41).

Die PESG het aanvanklik vinnige uitbreiding beleef. Sewe sendingstasies het in die eerste tien jaar (1833-1843) tot stand gekom: Bethulie (1833), Morija (1833), Bersheba (1835), Thaba Bosiu (1837), Mekuatleng (1837), Berea (1843) en Bethesda (1843). In 1843 was daar reeds 12 sendelinge op sewe PESG sendingstasies werksaam (Ellenberger 1938:30ev). Hierna het nog bygekom Hebron (1847), Carmel (1847), Cana (1847), Hermon (1853) en Leribe (1859). In 1845 word begin om die Nuwe Testament in Sesotho te druk te Morija (Ellenberger 1938:30ev). Uit literatuur oor hierdie vestigingsfase (Ellenberger 1933:11-94; Gill 1993:1ev; Germond 1967:23-163; Casalis 1861:1-122; Balfet 1984:65ev; Mohapeloa 1985:1ev) blyk dit dat die sendingwerk van die Franse sy konsentrasiepunt in die evangelisering, die onderrig in die Christelike geloof en kerkplanting gevind het. Die sendelinge het ook bykomend hulle kennis gedeel ten opsigte van geletterdheid, bouegnieke, landbou, medisyne, higiëne, diplomatie, handeldryf, ensovoorts (Gill 1993:59). Gill skryf: "... a certain pattern of mission work had emerged. The early experiments of Van der Kemp and others to clothe the gospel in the way of life and idiom of the indigenous peoples had been replaced by the more familiar approach of trying to bring the blessings of Western Christian civilisation to indigenous peoples." Maar hy gaan te ver as hy meen dat hierdie arbeid slegs neergekom het op die "bringing 'Christianity and civilisation to the natives'" (Gill 1993: 59).

Die Paryse Sendinggenootskap het dus binne die kort bestek van twintig jaar homself te midde van die Basothovolk gevestig. Vanuit sy sendingstasies en deur bemiddeling van toegewyde sendelinge is die evangelie verkondig en die fondament van 'n toekomstige gereformeerde en presbiteriaanse kerk gelê. Na die weste het die Weslyaanse Sendinggenootskap op sy beurt weer 'n aantal sendingstasies beman: Thaba Nchu (1833), Merimetsu (1834), Lishuane (1834), Platberg (1834) en Merabeng (1835)... En, anderkant hierdie stasies, op die vlaktes nog verder wes, was 'n groot getal blanke en Christen trekboere besig om terselfdertyd plase op te bou en permanent te vestig (vgl vir 'n oorsig hiervan, Van der Merwe 1985: 20 ev).

2. Die vestiging van 'n NG Kerk aan die oorkant van die Oranjerivier en sy verbintenis met die PESG: 1848-1862

In die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing word die vestiging van trekboere ná 1820 noord van die Oranjerivier as draers van die Kaaps-Hollandse Kerk na die binneland onderskat (vgl hieroor Viviers 1982: 24 ev). Die sogenaamde Groot Trek, toe meer as 6000 blankes die Kaapkolonie gedurende 1836 verlaat het, kry kerkhistories veel meer die eer daarvoor dat hierdie landverhuising die oorsaak was dat die NG Kerk homself ook in die noordelik binneland geïnstitueer het. In sy navorsing in verband met die vorming van die eerste NG gemeentes buite die Kaapkolonie toon Britz (1998:1ev; 2000:1ev) egter aan dat dit die trekboere was wat beslag gegee het aan hierdie kerk aan die einde van die veertiger jare. Dieper in die binneland

het die emigrante uit die Kaapkolonie (die sogenaamde Voortrekkers) hulle wel vir gemeentevorming laat vind, maar in die voorpos omstandighede het dit in die jare 50 uitgeloopt op die instituering van drie afsonderlike kerkverbande, naamlik die Nederduitse Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (vgl Moorrees 1937:898 ev, Van der Watt 1988:154 ev).

Vir die doeleindes van hierdie studie is die totstandkoming van NG gemeentes na 1848 tussen die Oranje- en die Vaalriviere van besondere belang. Hierdie gemeentes is saamgegroeper in die Ring van die Transgariet (vgl Stodart 1982) as deel van die Kaapse NG Sinode (vgl Britz 2000:14 ev). Die lidmate en predikante van hierdie gemeentes het 'n goeie verhouding gehad met die sendelinge in Basotholand (Britz 2000:2). Die PESG het ook amptelik met die Kaapse Sinode geskakel. Veertien jaar nadat die Franse met hulle sendingwerk in Basotholand begin het, in 1847, tydens die Kaapse Sinode, word op versoek van die Sendingraad besluit om 'n sendeling in diens van die PESG, HM Dyke, te eksamineer en te orden. Die Sinode voldoen aan die versoek ter wille van die bande met die susterkerk, die Gereformeerde Kerk in Frankryk (Smit 1989:2).

By die volgende Sinode van 1852 word 'n brief van die Franse Sendelinge uit Basotholand voorgelees waarin hulle hulle dank betuig vir die ordening van ds. Dyke. Die brief vra ook dat hulle sending as verteenwoordigend van die Gereformeerde Kerk in Frankryk, as "susterkerk" erken word (Smit 1989:2). Die Sinode antwoord hierop om "De Broeders Zendingen der Fransche Gereformeerde Kerk, arbeidende in het Basutoland en elders, te erkennen als medebroeders, geördende Evangelie Dienaars eener Zuster Kerk, verbonden door de naauwste banden van gemeenschappelijk geloof" (Handelingen NGK ZA 1852:21ev). Die besluit sê verder dat die Sinode graag deputate met die amptelike vergadering van die Sendelinge sou wou uitruil (Handelingen NGK ZA 1852:22). So is daar 'n broederlike band tussen die Kaapse Sinode en die PESG voortgaande gekoester. Hierby kan mens aanvaar dat die afgevaardigdes van die Ring van die Transgariet intens hiermee gemoeid was en eerstehandse kennis van hierdie verhouding gehad het.

Dit word onderstreep toe daar in Maart 1858 'n onverkwiklike oorlog tussen die Basothos en die Boere van die Vrystaat in die Zuid Afrikaanse Republiek uitbreek. Om dit in perspektief te plaas, moet vir 'n oomblik 'n wyer blik in die geskiedenis gewerp word. Dit was die Kaapse Goewerneur Sir George Napier wat die gebied waarin die PESG sy sendingstasies opgebou het, vir die eerste keer in 1843 konkreet by die koloniale politiek betrek het in 'n Traktaat met Moshweshwe. Toe is Basotholand gedefinieer en gekarteer. Daarmee is hy ingeskakel by die politieke en staatkundige ontwikkeling van Suid-Afrika, waarin Brittanje so 'n deurslaggewende rol sou speel. Maar, hiermee het nog 'n faktor, wat die geskiedenis en bewussyn van die PESG sou stempel bygekom. In die tweede helfte van die 19de eeu het die inskakeling van Basotholand gestuit op gewelddadige verzet. En, moes die PESG boonop twee

oorloë met die naburige Vrystaat oorleef - in 1858 en in 1865. Oor die oorsake en verloop van hierdie konflikte word uiteenlopend geoordeel (vgl Gill 1993:70ev, Muller 1981:303 ev).

In Maart 1858 verklaar die boere in die Vrystaat oorlog teen die Basothos (Britz 2000:18). Die Basotho's is beskuldig van voortdurende veediefstalle. Vir die PESG was hierdie oorlog 'n geweldige terugslag. Die Boere het twee van hulle suksesvolste sendingstasies – Bersheba en Morija - aangeval en onherstelbare skade aangerig (Gill 1993: 70ev). Soveel so dat ds. AA Louw van Fauresmith en 85 burgers van die Vrystaat, wat lidmate van hierdie gemeente was, hulle protes teen hierdie aanvalle op die sendingstasies in *De Gereformeerde Kerkbode* aangeteken het (Britz 1998:18). Bersheba waar die eerste volledig Sotho Bybel in 1855 gedruk is, "...was never able to recover from the lamentable disaster" (Ellenberger 1938:103). In September 1858 onderteken beide die Boere en die Basotho's in Aliwal-Noord 'n ooreenkoms vir vrede. Die vrede sou egter nie lank hou nie (Ellenberger 1938:103).

In April 1862 is drie Franse sendelinge van die PESG teenwoordig by 'n Christelike konferensie in Fauresmith wat deur ds. AA Louw en die NGK kerkraad van dié dorp gereël is (Britz 1998:24). Volgens Britz het heelwat bekende predikante van daardie tyd, soos ds. Andrew Murray senior en junior, ook die konferensie bygewoon, asook die President van die Vrystaat – MW Pretorius (1998:24). Adolphe Mabile was een van die drie Franse sendelinge wat by die konferensie teenwoordig was. In **The Mabilles of Basutoland**, waarin sy lewe en werk beskryf word, word die konferensie so beskryf: "...a conference which was notable as showing an awakening missionary zeal in the Dutch Reformed Church. One session, presided by the President of the Free State, was devoted to Missions, and a collection on behalf of the French Mission was taken up amounting £33. The occasion was also notable as being the first in which French and Dutch ministers came together north of the Orange River" (Smith 1939:110).

Daar was dus erkenning van die NGK leraars se kant vir die werk wat die Franse sendelinge onder die Basotho's gedoen het. Dit bevestig dat die oorlog van 'n paar jaar te vore, nie die verhouding tussen die PESG en die leraars van die NG Kerk beskadig het nie. Maar, twee jaar later sou die verhouding opnuut onder druk kom toe nog 'n oorlog tussen Moshweshwe en die Vrystaat uitbreek het. En, toe was die Ring van die Transgariëp van die NGK ook iets van die verlede. Trouens, die Vrystaatse gemeentes moes hulle verband met die Kaapse Kerk opsê (Britz 2000:30). Dit het beteken dat hulle op hulleself aangewese was. 'n Eie sinodale verband moes gevorm word.

3. Die NG Kerk van die OVS en die PESG sit die hartlike verhouding voort: 1863-1868

By die Kaapse Sinode van 1862 is beswaar aangeteken teen die sittingsreg van gemeentes buite die grense van die Kaapkolonie op grond daarvan dat

Ordonnansie 7 van 1843, waarin die Kaapse NG Kerk juridies en amptelik erken is, nie voorsiening gemaak het vir gemeentes buite die kolonie nie. Daarmee is die regsgeldigheid van die besluite en samestelling van die Sinode in gedrang gebring. Toe die Sinode hierdie beswaar verwerp, is in beroep gegaan by die Hooggeregshof. Laasgenoemde het die beswaar gehandhaaf. In die praktyk het dit beteken dat die gemeentes uit die OVS, Natal en die ZAR die vergadering moes verlaat (Britz 2000:29ev; Van der Watt 1988:190ev; Moorrees 1937:905ev).

Die gemeentes van die NG Kerk in die Vrystaat het besluit om in 'n NG Sinode te konstitueer. Dit het in 1864 en 1865 gestalte gevind (vgl Oberholster 1964:70ev; Britz 2000:30-34). Dit was kerkhistories 'n belangrike ontwikkeling.

Uit die oogpunt van die PESG sendelinge het dit beteken dat 'n gevestigde gereformeerde en presbiteriaanse kerk hom in die omstreke bevind het. Dit was 'n bevriende kerk, in wie se predikante die sendelinge soos in die vorige paragraaf reeds aangedui, reg uit die staanspoor geesgenote gevind het. In 1864 met die konstituering van die eerste Vrystaatse Sinode is ds. HN Dyke dan ook teenwoordig om groete van die Franse broers oor te dra (Smit 1989:2).

Hierdie vriendskap sou die krisis van die Tweede Basotho-oorlog oorleef. Die verhouding tussen die Volksraad van die Vrystaat en die PESG was egter, veral tydens hierdie oorlog, wat geduur het vanaf 1865 tot 1866, minder vriendskaplik. Die blanke boere het geglo dat dit die Franse sendelinge was wat die Basotho's opgesteek het om teen die Vrystaat te veg. Daarom het die Volksraad druk op die PESG uitgeoefen om hulle sendingstasies in die gebied wat die boere van Basotho's verower het, te ontruim en te verlaat (Walker 1968: 293ev, 325ev). Sommige leraars van die NGK het egter ten spyte van die Volksraad se houding lojaal gebly aan hulle Franse sendeling vriende. Germondhet nog aangeteken: "The minister of the Dutch Reform Church in Bloemfontein, Mr. Van der Walt, defended the cause of our mission in a sermon which he preached ... after the Volksraad had decreed our expulsion ... He was not afraid to take as topic of his exhortation the seizure of Naboth's vineyard by Achab and to apply it to the circumstances of our mission" (Germond 1967:283).

4. GA Maeder, seun van 'n PESG sendeling, word die NGK OVS se eerste sendeling, 1874

Die oorlog, sowel as die politieke gevolge daarvan vir die PESG, het dus weer nie sy verhouding met NGK te veel skade berokken nie. Tewens, die PESG het in 1868 die proses van heropbou met moed en oortuiging aangepak. In die 1870's skryf meer en meer kinders in by die PESG se sendingskole

(Mohapelo 1983:2).

Tot in 1872 het elke sendingstasie homself bestuur en sy sake gereël. Die behoefte aan 'n sentrale liggaam om die sendingstasies se werksaamhede te koördineer en bestuur het egter al groter geword. Die proses om die sending van die PESG in 'n selfstandige Kerk oor te laat gaan het in 1872 met 'n voorstel vir 'n Sinode wat die 'wette vir die kerk' sou maak verdere momentum kry (Mohapelo 1983:2).

Uiteindelik sou die NGK OVS ook met 'n sendingaksie onder die Basotho's begin. Opperhoof Paulus Mopeli, 'n halfbroer van Moshweshwe, het aanvanklik saam met sy stam in die omgewing van die latere Clocolan gewoon. In 1866 al vra Mopeli die Vrystaatse Volksraad om onder hulle beskerming te woon. Die Volksraad het die versoek in Julie 1867 aanvaar en die gebied van Witsieshoek aan Mopeli en sy mense gegee. Mopeli was 'n gedoopte lidmaat van die PESG en vra daarom vir President Brand, 'n sendeling. President Brand het hierdie versoek aan NGK deurgegee. Tydens die 1871 Sinode van die NGK OVS word die versoek van Mopeli die besluit van die vergadering (Handelinge Sinode NGK OVS 1871:115). Op 15 Februarie 1874 word 'n seun van een die Franse Sendelinge van Morija in Basotholand, GA Maeder, in Bloemfontein se Tweekoringkerk bevestig as die eerste NG Kerk sendeling vir Mopeli en sy mense op Witsieshoek (Odendaal 1974:6,7; Britz 2000:44 ev). Daar was ook sendelinge van die PESG by die geleentheid teenwoordig. (Smit 1989:2). Dit verbaas dus nie dat die sendingverslag aan die 1874 Sinode van die NGK melding maak dat "...ds. Collaird van de Fransche Zending in Basutoland" saam na Witsieshoek vertrek het om die jong sendeling (GA Maeder) op 15 Maart 1874 aan Mopeli en sy mense voor te stel nie (Handelinge Sinode NGK OVS 1874:115).

"By die bevestiging van ds Maeder het die teenwoordige predikante en sendelinge ooreengekom ... om jaarliks 'n interkerklike sendingkonferensie te reël" (Britz 2000:45). Hierdie konferensies het 'n hartlike saamkomplek geword waarin bedienaars van die Woord uit verskillende protestantse agtergronde koppe bymekaar gesit het. Daarin is die broederband wat ontwikkel het tussen voorgangers van veral die NGK OVS, die PESG, die Berlynse en die Weslyane Sendinggenootskap (Britz 2000:45). Die notules van hierdie konferensies het ongelukkig in die geskiedenis weggeraak. Dit onderstreep egter hoe heg die band tussen (onder andere) die PESG en NGK OVS se ampsdraers was. Teen hierdie agtergrond is dit ook duidelik waarom die NGK OVS amptelik geskakel het. By die NGK OVS Sinode van 1878 is 'n PESG afvaardiging as amptelike verteenwoordigers ontvang (Smit 1989:3).

Dit was op die vooraand van nog 'n dramatiese oorlog wat hom in Basotholand sou afspeel.

5. Die gevolge van die "Gun War": 1880-1881

In 1870, na die Basotho (grens) oorloë, is die huidige grense tussen die Vrystaat, Kaapkolonie, Natal en Basotholand deur Brittanje vasgestel. Hiermee moes die Basotho's verlies neem. Die land was 'n Britse Protektoraat. Wetgewing vir die gebied sou voortaan ook met 'n Britse-koloniale oorweging gemaak word. Dit sou nie noodwendig die belange van die plaaslike bevolking in berekening bring nie.

Die Kaapse regering owerheid het in 1878 'n wet gemaak wat dit onwettig gemaak het vir swart mense om wapens te verkoop, te dra of om daarmee handel te dryf (Walker 1947²: 397ev). Sodoende wou die regering, onder wie Basotholand ook was, voortdurende botsings en oorloë met en tussen swart stamme uit die weg probeer ruim. Die Basotho's het egter geweier om hierdie wet te gehoorsaam, en om hulle wapens oor te gee. Hulle het geredeneer dat hulle 'n vreedsame nasie was. Die koloniale regering se poging om hierdie wet op die Basotho's af te dwing het ongelukkig uitgeloop op "the Gun War" van 1880-1881. 'n Franse sendeling, ds. A. Mabile skryf in 1882 oor die gevolge van die oorlog: "...the war...has dealt our work a noticeable blow in general, and has profoundly shaken it. Our churches are sick and can scarcely recover. Many of our Christians are led astray and lack sufficient spiritual peace to return to God; there are many who openly return to heathenism, and others who seem ready to follow them" (Mahapelo 1985:4). 'n Ander gevolg was dat die Basotho's blankes nog meer gewantrou het.

Die verhouding tussen die NGK OVS en die PESG is nie hierdeur geskaad nie. Hartlike besoeke oor en weer, en die bywoon van konferensies oor die sending het steeds voortgang gevind. In 1883 besoek dr E Casalis, ds. A Dieterlen en ds. A Boegner, Direkteur van die PESG, die Sinode. Ds. Boegner dra groete oor van die Gereformeerde Kerk in Frankryk, hy rig ook 'n uitnodiging na die vyftigjarige feesviering van die PESG in Basotholand, later dieselfde jaar (Smit 1989:3). So het die verbintenis tussen die PESG en die NGK OVS homself verbreed en verdiep. Toe die PESG 'n paar jaar later besluit om hom eerder by Basotholand te bepaal, was die aangewese weg om sy stasies in die OVS aan die NGK oor te gee.

6. Die PESG onttrek uit die Vrystaat: 1887

By die Sinode van die NGK OVS van 1887, spreek die "Wel-Eerwaarden Mabile, van Morija, in het Basutoland" die vergadering toe (Handelinge Sinode NGK OVS 1887:843). Hy dra die groete oor van die ander Franse broers. "Hun wens is, dat steeds naauwere vereniging en meer zamewerking dan tot hiertoe mogen plaats hebben" (Handelinge Sinode NGK OVS 1887:843). Daar word ook mededelings gemaak oor die beplande teologiese skool vir Sothosprekende evangeliste en 'n hoërskool vir meisies. Sy

boodskap aan die Sinode word afgesluit met 'n versoek dat die NGK vir die werk van die PESG sal bid (Handelinge Sinode NGK OVS 1887:843). Die Sinode spreek op sy beurt sy dank uit teenoor ds. Mabile met die oortuiging dat die onderlinge meeleving in mekaar se arbeid die bande tussen die twee kerke "nog hechter maakt" (Handelinge Sinode NGK OVS 1887:844).

Later tydens dieselfde sinodesitting maak die Assessor 'n mededeling namens ds. Mabile: "dat... de Conferentie der Fransche Zendingen in Basutoland besloten had zich uit den Vrijstaat terugtrekken, en hun werk te concentreren in Basutoland..." Vir die Sinode was dit belangwekkende nuus. Die leemte wat hierdeur vir die sending situasie ontstaan het, kon nie met sienderoë aanvaar word nie. Hand moes bygesit word. En, Die Moderator was oortuig dat "... den Afvaardigen van zulke Gemeenten, waar het Zendingwerk door de Fransche Broeders gedreven wordt," die nodige reëlins moes maak om hierdie werksaamhede oor te neem (Handelinge Sinode NGK OVS 1887:852). Op hierdie manier is werksaamhede van die PESG in die Vrystaat deur NG gemeentes verder ondersteun. Dit spreek boekdele oor die onderlinge verhouding tussen die NGK OVS en die PESG. In die praktyk het dit beteken dat die PESG gemeentes nou sendinggemeentes van die NGK geword het. Dit het byvoorbeeld op Bethulie (1891), Smithfield (1895) en Ventersburg (1895) gebeur (vgl Handeling Sinode NGK OVS 1891:80ev; 1903:80ev).

Tydens die 1889 sinodesitting van die NGK OVS was ds. Dyke van die PESG teenwoordig. Volgens hom volg die PESG die NGK se werksaamhede nou met nog groter belangstelling omdat die PESG van hulle sendingstasies aan die NGK in die Vrystaat oorhandig het (Handelinge Sinode NGK OVS 1889:956). Hy bedank die Sinode ook vir sy finansiële ondersteuning (Handelinge Sinode NGK OVS 1889:956).

Volgens Smit (1989:3) is die behandeling van die saak by die Sinodes van 1887 en 1889 die oorsprong van die ooreenkoms waarvolgens die twee kerke in die toekoms sou saamwerk. Dit sou daarop neerkom dat die NG Kerk nie in Basotholand sal werk nie en die PESG nie meer in die Vrystaat nie. Die NG Kerk het - volgens Smit - hierdie reëling ook geïnterpreteer dat dit sou beteken dat lidmate van die PESG wat na OVS gekom het, lidmate van die NG sendingkerk gemeentes sou word en omgekeerd (Smit 1989:3).

Dit is 'n vraag of die PESG dié reëling ook so geïnterpreteer het. In die notules van die Raad van PESG sendelinge - die "Missionary Conference" - van 1887-1889 word daar geen melding gemaak van so 'n 'ooreenkoms' met die NGK in die Vrystaat nie. Volgens die PESG was hulle lidmate vry om by enige Evangeliese kerk wat deur die "Missionary Conference" goedgekeur was, aan te sluit tydens hul verblyf in Suid-Afrika (Brutsch 1993). Dit is uit die gegewens ook duidelik dat hier nie sprake was van 'n amptelike kerklike ooreenkoms nie. Afgevaardigdes van die twee kerke het goedertrou gehandel. Wat wel waar is, is die feit dat sedert die PESG uit die Vrystaat onttrek het daar wel 'n hoflikheidsverstandhouding tussen die twee kerke was om mekaar

se werkgebiede en werk te erken en te respekteer.

7. Die PESG kry die karakter van geïnstitueerde kerk in Basotholand: die Kereke ea Lesotho kom tot stand

Dit alles wat tot dusver oor die verhouding tussen die PESG en die NGK OVS gesê is, straal onderlinge vertroue en gemeenskaplikheid uit. Hier is werklik sprake van 'n broederband. Die twintigste eeu het aangebreek terwyl die Anglo-Boereoorlog in Suid-Afrika uitgeveg is. En, die PESG het nou kerkregtelik al meer die karakter van 'n geïnstitueerde kerk gekry. Dit sou sy stempel op die verhouding met die NGK OVS afdruk. Dit is dus derhalwe nodig om op hierdie punt iets te sê oor die institusionele ontwikkeling van die PESG in die Kereke ea Lesotho.

Aanvanklik was daar in Basotholand 'n Konferensie van Sendelinge - "Missionary Conference" - wat oor die werkkringe toesig gehou het (Mohapeloa 1983:7). Reeds in 1887 het die PESG met teologiese opleiding vir Basotho's te Morija begin (Mohapeloa 1983:5). Die eerste twee Basotholeraars, C Motebang en J Moteane, word in 1891 georden (Mohapeloa 1985:5). In 1898 is die "Seboka" (Raad) ingestel waar sendelinge en Basotho predikante saam die toesig oor die werk behartig het "from that time onwards one could talk of the Church of Basutoland..." (Mohapeloa 1983:7). In 1918 is begin met duideliker struktureing van die werkkringe ("out stations") in gemeentes ("parishes") volgens die presbiteriale stelsel van kerkregering (Smit 1989:5). Daar is aansluiting gevind by die model van die Church of Scotland (Mohapeloa 1985:14) en teen 1933 het die volgende struktuur beslag gekry:

1. die klein gemeente met sy kerkraad ("lekgotlana" of "out station")
2. die groot gemeente met sy kerkraad ("Parish")
3. die Ring ("Presbytery") en
4. die Sinode ("Seboka") wat uitgebrei word om naas die leraars ook twee lidmate uit elke Ring in te sluit.

Sodoende sou die sendelinge toenemend in die minderheid wees en die kerkregering in die "Seboka", Ringe en Kerkrade oorgaan in die hande van die inheemse kerk. Die Sendingraad sou uiteindelik ophou funksioneer (Mohapeloa 1985:15). In 1933 was die "Seboka" ongeveer die ekwivalent van die Sinode van die Ned. Geref. Sendingkerk wat in 1910 gekonstitueer is (Smit 1989:4).

Die kerk wat in Lesotho ontstaan het as gevolg van die PESG se werk het dus al meer 'n eie identiteit ontwikkel. "Up to the establishment of the Seboka, the words "mission" and "church" could be used interchangeably. But from the time onwards one could talk of the Church of Basotholand (Kereke ea Lesotho), provided one remembered that the missionaries still played an imported role in its development" (Mohapeloa 1985:7).

Die PESG het dus sedert die einde van die 19de eeu al meer sy karakter as 'n sendinggenootskap verloor. Hy het hom ingerig as 'n gereformeerd-prebiteriaanse kerk. Opvallend is ook dat die skakeling tussen die PESG en die NGK OVS na 1890 afgeplat het. Vroeg in die twintigste eeu het daar egter binne die kader van die NGK in die Vrystaat 'n belangrike ekklesiologiese ontwikkeling plaasgevind. Gedurende 1910 is die ongeveer 50 jaar sendingarbeid van die NGK OVS in 'n Sinode van die NGSK OVS gekonstitueer. Die PESG, of liever die Kereke ea Lesotho het nou in 'n verhouding met twee NG Kerke te staan gekom. Vervolgens moet rekening gehou word met die gegewe dat die Kereke ea Lesotho, die NGK OVS en die NGSK OVS in 'n onderlinge verhouding te staan gekom het. Ter wille van sistematiesing word eers aandag gegee aan die amptelike skakeling tussen die NGSK OVS en die Kereke ea Lesotho. Daarna word 'n paragraaf gewy aan die skakeling tussen, die NGK OVS en die Kereke ea Lesotho. In beide gevalle word die tydperk 1910 tot 1944 behandel.

8. Die amptelike skakeling tussen die Ned. Geref. Sendingkerk OVS en die 'Kereke ea Lesotho': 1910 - 1944

Die Ned. Geref. Sendingkerk (NGSK) van die Oranje Vrystaat het op 9 Maart 1910 te Bloemfontein gekonstitueer (Odendaal 1974:12 ev). Veertien van die veertig sendinggemeentes se afgevaardigdes was teenwoordig. Die eerste Moderator was eerwaarde HA Roux van Bethlehem, CJ vR Smit van Ladybrand was Assessor en JS Louw van Bloemfontein die Skriba. Die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat (NGK OVS) het as Moederkerk (of stigterende kerk) 'n konstitusie voorsien waarvolgens die nuwe NGSK moes handel. Daarin is bepaal hoe die samestelling van die sinode sou wees; die breë lyne van administrasie is vasgelê en die verhouding tussen die NGK en NGSK bepaal. Dit het daarop neergekom dat die NGSK onder toesig en voogdyskap van die NGK sou funksioneer. Die beleid van die NGK was dat die NGSK 'n pad van geleidelike ontwikkeling moes volg wat uiteindelik sou lei tot selfstandigwording.

Die NGSK OVS het as 'n nuwe kerk óók met die Kereke ea Lesotho (PESG/Seboka) in verband getree. Reeds by die eerste Sinode van 1910 was daar 'n brief waarin eerwaarde Dieterlen verskoning vra dat hy nie namens die Kereke ea Lesotho die vergadering kan bywoon nie (Handelinge Sinode NGSK 1910:4). By die Sinode in 1912 was di. A Mabile en E Motsamai teenwoordig om die groete en goeie wense oor te dra van die Kereke ea Lesotho (Handelinge NGSK 1912:2, 10). By die Sinodes van 1915 en 1919 doen afgevaardigdes van die Sendingkerk na die Kereke ea Lesotho in Basotholand verslag. Daar word ook besluit om die Kereke ea Lesotho se Sotho almanak met tekste, net so vir die NGSK se gebruik oor te neem. (Handelinge Sinode NGSK 1915:11). Eerwaardes Bertschy en Mohapelo besoek die NGSK sinode in 1919. Eerwaarde Bertschy maak in sy toespraak

die merkwaardige opmerking: “Het is hem aangenaam om te hooren, dat de Kerk in Basutoland beschouwt word als de moeder van de Kerk in de Vrijstaat” (Handelinge Sinode NGSK 1919:16). Hieruit kan afgelei word dat baie lidmate van die NGSK in die Vrystaat die Kereke ea Lesotho (PESG) tereg beskou het as die éérste om die Evangelie aan hulle – die Sothosprekendes - te bring. Dit sou ook die band van broederskap tussen die Kereke ea Lesotho en NGSK verstewig.

By die sinode van 1925 dra ds. C Motebeng die groete van die Kereke ea Lesotho oor (Handelinge Sinode NGSK 1925:6). Hy wys in sy toespraak op die één Bron van die geloof en belydenis van beide kerke. Op grond hiervan vra hy vir samewerking (Handelinge Sinode NGSK 1925:53). By die Sinode van 1928 word die name Dieterlen en Motsamai uit Basotholand onder die name van afgevaardigdes van susterkerke vermeld. Daar word klaarblyklik na 'n bespreking besluit om 'n gereelde kollekte op te neem vir die werk van die Susterkerk in Basotholand (Handelinge Sinode NGSK 1928:8,29). Hierdie kollekte sou tydens die Oktober nagmaalgeleenthede in die Sendingkerk opgeneem word en vir die Kereke ea Lesotho gestuur word vir die onderhoud van een of meer evangeliste in Basotholand (Handelinge Sinode NGSK 1928:8,29). Hierdie besluit word ook beskou as “Eerste poging van ons Sendingkerk om sendingwerk te doen” (Handelinge Sinode NGSK 1928:34).

Hierdie fonds word in 1931 die Dankoffer Uitbreidingsfonds (Handelinge Sinode NGSK 1931:13). Ongelukkig word in die NGSK notule van 1931 ook gelees: “Hierdie fonds, wat in die lewe geroep is deur die geroep om hulp van die Franse broers in Basotholand, lê nog ongebruik. In 1928 (is 'n) tjek aan eerwaarde C Christeller gestuur maar dit is teruggestuur.” (Agenda Sinode NGSK 1931:26). Die NGSK Sinode het toe besluit om hierdie geld vir die werk in Witzieshoek te stuur omdat: “... die Franse Sending in Basotholand geweier het om die geld te ontvang.” (1931:23).

Die weiering van die Kereke ea Lesotho om hulp van die NGSK te aanvaar, het 'n onderliggende rede gehad. Christeller verduidelik die Kereke ea Lesotho se besluit in 'n brief (15 September 1928) aan ds Strydom, die Sendingsekreteraris van die NGK (wat die geld gestuur het): “...we can do nothing without the consent of Griffith. Although being very grateful for the money to us we could not keep it on account of our Seboka having decided not to accept any money before the question has been settled with Griffith. I think it is safer, as the native happens to know what is published by your church” (Algemene Korrespondensie Lêer 1928², NGK OVS Argiefbewaarpalekbewaarpalek). Dit is duidelik uit die brief dat die Franse Sendelinge die gebaar van die NGSK waardeur het. Hoewel mens nie agterna die vinger presies op die seerplek kan lê nie, moet aanvaar word dat die beleid van rasse segregasie, wat in die twintiger jare in Suid-Afrika weersin en selfs opstand onder veral swart stedelinge veroorsaak het, hier 'n rol gespeel het. Daarby het die NGK en die NGSK nie gekroom om vanuit hierdie plofbare situasie self 'n (kerklike) beleid van segregasie te beredeneer nie.

By die Sinode van 1934 rapporteer eerwaarde HA Roux - die NGSK afgevaardigde na die Sinode van die Kereke ea Lesotho in April 1932 - dat daar groot dankbaarheid was vir wat die NGSK vir die Kereke ea Lesotho se lidmate in die Vrystaat doen (Handelinge Sinode NGSK 1934:40). Eerwaarde Roux het in sy toespraak voor die Kereke ea Lesotho eweneens van NGSK dankbaarheid gewag gemaak. "Van ons beste werkers het ons vroeër van hulle (Kereke ea Lesotho) gekry. Ons dink aan hulle as aan 'n ouer suster..." (Handelinge Sinode NGSK 1934:40). In 1937 word vir die eerste keer nie 'n afgevaardigde na Basotholand gekies nie (Handelinge Sinode NGSK 1937:8). Dit moet as 'n uitsondering beskou word want by die volgende sinodes in 1940 en 1944 word daar weer 'n verteenwoordiger gekies. Die Kereke ea Lesotho stuur op hulle beurt in 1937 'n brief om hulle groete aan die NGSK vergadering oor te dra (1937:10).

By die Sinode van 1940 is Eerwaarde Noto van die Kereke ea Lesotho teenwoordig om groete oor te dra (Handelinge Sinode NGSK 1940:9). By dié Sinode word 'n lys van susterkerke opgeteken met die naam van die "Paris Evangelical Mission" tussen onder andere die name van die Ned. Geref. Sendingkerk in die Kaap, Transvaal, Natal (Handelinge Sinode NGSK 1940:24). In 1944 word die leiding van die afgevaardigde van die Kereke ea Lesotho gevra oor die lidmaatskap van 'n man uit Basotholand wat saam met sy twee vroue in Basotholand gedoop is en nou na die NGSK wil oorkom (Handelinge Sinode NGSK 1944).

Op die keper beskou is dit duidelik dat die Kereke ea Lesotho die "nuwe" NGSK Sinode tussen 1910 en 1944 aanvaar het en dat die twee kerke in 'n goeie verhouding saam geleef het. Die konteks was egter nie meer dié van die 19de eeu toe sendelinge op soveel konferensies met mekaar gepraat het nie. Die verhouding is met ander woorde veramptelik. Die Kereke ea Lesotho is natuurlik ook meegeneem in die groeiende Suid-Afrikaanse (sending georiënteerde) ekumeniese beweging, waarin hy 'n eie selfstandige posisie ingeneem het en met ander kerke bande geknoop het. Die ontdekking van goud in die Vrystaat in die veertiger jare sou egter die verhouding tussen die Kereke ea Lesotho en die NGSK OVS in die brandpunt plaas.

Voordat dit egter in behandeling kom, moet die skakeling tussen die NGK OVS en die Kereke ea Lesotho tussen 1910 en 1944 beskryf word.

9. Die skakeling tussen die NGK en Kereke ea Lesotho: 1900-1944

Dit blyk dat die band van broederskap tussen die NGK OVS en die Kereke ea Lesotho na 1889 begin afkoel het. Die Kereke ea Lesotho het afstand gedoen van sy sendingstasies in die Vrystaat en dit aan die NGK oorhandig (Handelinge Sinode NGK OVS 1887:852; 1889:958). Toe die NGSK OVS in

1910 konstitueer, is die ou vriendskap eerder voortgesit met die NGSK. In werklikheid was daar na 1900 geen amptelike skakeling tussen die NGK OVS en die Kereke ea Lesotho nie.

By die NGK OVS Sinode van 1925 was daar twee beskrywingspunte wat wel veroorsaak het dat die NGK en die Kereke ea Lesotho weer met mekaar in gesprek sou tree. Die eerste beskrywingspunt het gehandel oor die: "Bearbeiding van uitgewekenes in Basotholand" (Handelinge Sinode NGK OVS 1925:4 ev). Die Sinode word in die punt gevra om aandag te gee aan die bearbeiding van uitgeweke blankes in Basotholand (Handelinge Sinode NGK OVS 1925:4). Die volgende beskrywingspunt het gehandel oor: "Sendingwerk in Basotholand" (Handelinge Sinode NGK OVS 1925:5). Hier word gevra dat daar ondersoek gedoen moet word na die moontlikheid om die Christendom na Basotholand uit te brei. Daar word verder gevra na die invloed van die Roomse Kerk en sektes. En besluit dan "na bevind van sake, in oorleg met die erkende aldaar gevestigde Protestantse genootskappe, daar werkkringe vir die NG Kerk ... te open" (Handelinge Sinode NGK OVS 1925:5). Die Sinode wys toe 'n kommissie bestaande uit NG leraars op die grensdorpe met Basotholand, aan om die saak te ondersoek en by die volgende Sinode verslag te doen (Handelinge Sinode NGK OVS 1925:101 ev).

By die volgende sinode in 1928 is die verslag ter tafel. Daaruit blyk dat die Sendingsekretaris, ds Strydom, die ondersoek in Basotholand onderneem het. Hy moet egter negatief rapporteer, veral omdat die "Franse Sending" in die persoon van eerwaarde Christeller verduidelik het dat die toestand verander het. Die politieke klimaat onder die swartmense is ongunstig gestem (Handelinge Sinode NGK OVS 1928:78). Hierop besluit die Sinode: "... om die hele situasie in Basotholand sorgvuldig in die oog te hou en waar nodig, handelend op te tree." (Handelinge Sinode NGK OVS 1928:78). Met die oog op die blankes in Basotholand het die Sinode besluit dat die NG kerkrade van gemeentes op grensdorpe hierdie mense geestelik moet bearbei (Handelinge Sinode NGK OVS 1928:118).

Vir die volgende sestien jaar word daar by die NGK in die Vrystaat se sinodes nie verder gepraat oor die situasie in Basotholand en die Kereke ea Lesotho nie. Dit kom eers weer in 1944 se notules aan die orde. By dié Sinode stel die predikant en ouderling van Wepener voor en die vergadering besluit: "... om 'n wakende oog in die seil te hou wat sendingaangeleenthede in Basotholand betref, en om daadwerklike steun – direk of andersins – aan die Protestantse Sending aldaar te verleen as omstandighede dit vereis en toelaat." (Handelinge Sinode NGK OVS 1944:445).

Hierdie gegewens bevestig dat die verhouding tussen die NGK OVS en die Kereke ea Lesotho nie meer soos in die 19de eeu gestruktureer was nie. Tewens, die verband het in werklikheid afgeplat tot sporadiese kontakte. Die verhouding het eintlik tussen die NGSK en die Kereke ea Lesotho voortgeleef. Maar, soos hierbo reeds aangedui, sou die ontdekking van goud in die Vrystaat die prentjie weer verander.

10. Samevatting

Hierbo is oorsigtelik nagegaan hoedat 'n gereformeerde en presbiteriaanse sendinggenootskap gedurende die 19de eeu 'n inheemse kerk in Basotholand geplant het. In die onmiddellike nabyheid het terselfdertyd die NGK OVS gestalte gekry. Beide kerke het van die begin af in 'n noue geestelike verbintenis gestaan. Veral omdat die NGK OVS 'n sendingbewussyn gekoester het. Sy sendingaksie het uitgeloop op eie sendinggemeentes wat in 1910 as 'n NGSK Sinode gekonstitueer is. Dit kan met goeie reg aanvaar word dat lidmate van die NGSK én van die PESG gemaklik oor en weer beweeg het.

Gedurende die twintigste eeu het die verhouding veramptelik en het die NGSK dit in werklikheid met die Kereke ea Lesotho voortgesit. Die NGK OVS het op die agtergrond geskuif. Dit sou die ontdekking van goud in die Vrystaat wees wat die drie kerke weer om een tafel bymekaar gebring het. Talle lidmate van die Kereke ea Lesotho het as mynwerkers in die Vrystaat opgedaag. Waar moes hulle kerklik inskakel? By die NGSK? Of, moes die patroon wat aan die Witwatersrand gevolg is, nou ook van toepassing gemaak word? Ds. Paul HA Fouche het sedert 1906 die Kampongsending aan die Rand met die hulp van 'n paar evangeliste hanteer (Cronje 1982:55). In die Kereke ea Lesotho (LEC) se Argiefbewaarplek op Morija is 'n brief van die NGK in Transvaal wat in 1920 deur ds. Fouché geskryf en onderteken is. Daarin word die Kereke ea Lesotho gevra om hulle lidmate te kom help bedien. Dit sou die Kereke ea Lesotho dan ook doen. Mohapeloa (1984:11) skryf: "Before 1924, the Basotho Christians on the Reef (most of them men) had been looked after by the Dutch Reformed Church Mission. But in that year (1924) a French missionary was sent to Johannesburg to work among them. By 1930 this "Rand Mission" had four out stations, and work had begun among the women." Hier het die Kereke ea Lesotho waardevolle ondervinding opgedoen en besef dat lidmate onder die abnormale omstandighede van die trekarbeidstelsel uit die kerk verdwyn, tensy hulle opgesoek en ingeskakel word (Mohapeloa 1985:28). Het die NGK/NGSK dit ook só gesien? In hoofstuk 2 word hierdie vraag beantwoord.

Hoofstuk 2

'N GESAMENTLIKE SENDINGAKSIE VAN DIE NG SENDINGKERK EN DIE NG KERK IN DIE ORANJE VRYSTAAT LOOP UIT OP GEMEENTESTIGTING IN BASOTHOOLAND: 1947-1963

Inleiding

Dié hoofstuk stel die ontstaan van 'n gesamentlike sendingaksie van die NGSK en die NGK OVS in Basotholand aan die orde. Dit is 'n pakkende verhaal van onderhandelinge, ooreenkomste en beleidsdokumente. Dit is ook 'n komplekse verhaal - te minste omdat die Kereke ea Lesotho as 'n gereformeerde susterskerk 'n bepalende rol in hierdie verhaal sou speel. Die hoofstuk begin in 1947 toe die verhouding met die Kereke ea Lesotho in die gedrang gekom het en dit eindig met die stigting van die NGSK gemeentes in Basotholand.

1. Die PESG en die NGK/NGSK probeer die nuwe bedieningsituasie in die Goudveld oorbrug

Aan die einde van die eerste hoofstuk is daarop gewys dat die ontstaan van die Goudveld in die Odendaalsrus-omgewing lidmate van die Kereke ea Lesotho in die Vrystaat betrek het. Uit die oogpunt van die Sendingkommissie van die NGK OVS was dit voor die hand liggend dat hierdie lidmate in terme van die aanvaarde verstandhouding, ter plaatse by die NGSK gemeentes moes inskakel. In die praktyk het dit nie sondermeer gebeur nie. Hiervan was die NGSK ook deeglik bewus. Dit is gevolglik te begrype waarom die Sinode van die NGSK OVS van 1947 die geleentheid te baat neem om die saak by die afgevaardigde van die Franse Kerk te opper. Eerstens word die Kereke ea Lesotho gevra om sy lidmate wat in die Vrystaat kom werk of woon te waarsku om hulle nie deur sektekerke, wat beweer dat hulle deur die NGSK erken word, te laat mislei nie (Handelinge Sinode NGSK 1947:7). Voorts wys die Sinode daarop dat lidmate uit Basotholand hulle eerder by die Kongregasionalistiese en Bantu Reformed Church voeg (Handelinge Sinode NGSK 1947:75). Op hierdie punt wou die sendeling van Bloemfontein spesifiek wees. Hy versoek derhalwe, met instemming van die Sinode, "die afgevaardigde van Basotholand om dit duidelik aan sy kerk te stel dat hulle lidmate hulle moet laat aanmeld by die Kereke ea Ba Ned. Geref" (Handelinge Sinode NGSK 1947:75).

Die besoeker uit Basotholand moes sy kerk se posisie verduidelik. Dit het hy probeer doen. Die Kongregasionalistiese Kerk is 'n amptelik erkende kerk, laat hy hoor, met wie sy kerk saamwerk. Dit staan lidmate van die Kereke ea Lesotho wat in Suid Afrika werk, vry om hulle dienooreenkomstig hierby te voeg. Met die Bantu Reformed Church was hy egter onbekend (Handelinge Sinode NGSK 1947:75). In die bespreking wat volg wou die NGSK nie kop gee nie. Daar was tog 'n verstandhouding wat gehandhaaf moes bly. Maar, dit word ook duidelik dat 'n situasie besig was om te ontwikkel wat nie op 'n eenvoudige manier in terme van 'n vroeëre verstandhouding gereël kon word nie. Die Kereke ea Lesotho het amptelik bande met ander kerke gesmee. Dit moes inageneem word. Sy lidmate kon in Suid-Afrika en ook in die Vrystaatse Goudveld lidmaatskap opneem by ander kerke. Boonop blyk dit dat die Kereke ea Lesotho ook probleme van sy eie het met ooreenkomste wat met ander protestante kerke in die Vrystaat aangegaan is. Die Wesleyaanse Kerk het byvoorbeeld, ten spyte van 'n onderlinge ooreenkoms, in Basotholand begin werk (Handelinge Sinode NGSK 1947:75). Uiteindelik word die Kereke ea Lesotho versoek om die hele aangeleentheid indringend te bespreek (Handelinge Sinode NGSK 1947:75). Die bedoeling is dat die nuwe bedieningsituasie in die Vrystaat só oorbrug word dat die bestaande verband en ooreenkoms tussen die twee kerke nie geskaad sou word nie.

Dit het egter meegebring dat die SASK van die NGK OVS ook by die saak betrek sou word. Dit was immers dié Kommissie van die NGK OVS waarin die verbondenheid met die dogter- of Sendingkerk vergestalt is. Vir die NGSK was hierdie Kommissie die adres van die Moederkerk. Maar, ook haar oor en haar oog. Daarby was die SASK verantwoordelik vir die bestuur en instandhouding van die finansiële hulpbetoon wat uit die NGK OVS gekom het. Aan hierdie Kommissie is voortdurend verslag gedoen. En, hierdie Kommissie het altyd 'n verteenwoordiger na die Sinode van die NGSK gestuur. Op sy vergadering in Augustus 1948 neem die SASK NGK OVS die saak in behandeling en besluit om die Kereke ea Lesotho in Basotholand te ontmoet ten einde 'n hersiende en werkbare ooreenkoms op te stel. 'n Verteenwoordiger van die NGSK sou saamgaan.

Vroeg in 1949 het hierdie ontmoeting in 'n vergadering by Morija plaasgevind. Toe het die Algemene Sendingsekretaris van die NGK OVS, ds DG van der Merwe, en 'n verteenwoordiger van die NGSK (waarskynlik uit sy Moderatuur) eerwaarde Baccout, "hoof van die Franse Sending" ontmoet (Notule SASK 1-3 Februarie 1949). Uit hulle hartlike en openhartige gesprek, is die belange van die Evangelie voorop gestel en is tot 'n vergelyk gekom. Daarvolgens sou die NGK verantwoordelikheid neem vir die bediening aan lidmate wat uit Basotholand op die Goudveld kom werk het. Om hiermee te help stel die Kereke ea Lesotho Evangelis Patose beskikbaar. Hy sou in Odendaalsrus arbei en deur die SASK OVS besoldig word. Dit het dus beteken dat die "Franse Sending" sy arbeid steeds tot Basotholand sou beperk (Notule SASK 9-10 Augustus 1949). En, die NGK/NGSK sou ook nie in Basotholand met sendingwerk begin nie. Die vergelyk het gevolglik aan die

tradisionele verstandhouding niks verander nie. Evangelis Patose het 'n rukkie later in die NGSK gemeente op Odendaalsrus begin werk.

Toe Eerwaarde Brutch as verteenwoordiger van die "Franse Sending" by die NGSK Sinode van 1951 verwelkom is, het die Moderator tereg gewag gemaak van hierdie bedieningsooreenkoms wat, volgens hom, 'n hartlike samewerking tot gevolg gehad het tussen die NGSK OVS en die Franse Kerk in verband met die bediening aan en posisie van laasgenoemde se lidmate in die Vrystaatse Goudveld (Handelinge Sinode NGSK 1951:127-128). Die kwessie in verband met die Kereke ea Lesotho lidmate wat steeds aansluiting soek by die Kongregasionalistiese en Bantu Reformed Church, verduidelik hy verder, is deur die vorige Sinode na die Saakgelastigde van die NGSK en die Sendingsekreteraris van die NGK verwys vir ondersoek en terugrapport (Handelinge Sinode NGSK 1951:22).

Soos hierbo aangedui, het die ondersoek in 1949 op 'n bedieningsooreenkoms tussen die Kereke ea Lesotho en NGK/NGSK uitgeloop. Teen hierdie agtergrond was die toespraak van die Kereke ea Lesotho afgevaardigde by die NGSK Sinode van 1951 van groot belang. Die Sinode het met verwagting na hom geluister. Eerwaarde Brutch se groetboodskap konsentreer egter op die probleme van die Franse Kerk in Basotholand: gebrek aan fondse, armoede, vyandigheid en bedreiging van die Roomse en Anglikaanse Kerke en die vraagstuk rondom die selfstandigwording van die Kerk (Handelinge Sinode NGSK 1951:129). Hiermee het hy sake van dringende en eksistensiële belang vir die Kereke ea Lesotho in Basotholand op die tafel geplaas.

Vanuit die oogpunt van die NGSK was die voortgaande aansluiting van die Kereke ea Lesotho lidmate by ander kerke in die Goudveld tog ook van deurslaggewende belang (Handelinge Sinode NGSK 1951:22). In die praktyk het die ooreenkoms van 1949 nie daarin geslaag om al die Basotholidmate in die plaaslike NGSK gemeentes op te neem nie. Die NGSK wou hieroor duidelikheid hê. Enkele dae later versoek die Sinode die SASK "om duidelik te sê wat die verhouding is tussen die NGK OVS en die Franse Sending (Handelinge Sinode NGSK 1951:142). En, tweedens, stel eerwaarde WPJ Dippenaar voor dat die Moderatuur opdrag gegee word "... om in oorleg met die Sinodale Sendingkommissie van die Ned. Geref. Kerk (OVS), dit ernstig te oorweeg of die NG Kerk nie met sendingwerk in Basotholand moet begin nie" (Handelinge Sinode NGSK 1951:142). Hierdie voorstel is aanvaar.

Die implikasie van hierdie besluit was dat die onderlinge verstandhouding naamlik dat die Franse Kerk en die NGK onderskeidelik nie in die Vrystaat en Basotholand sou werk nie, in die gedrang gekom het. Het die **Kerklike Kongres oor die Naturelevraagstuk**, wat in 1950 deur die Federale Sendingraad van die NG Kerk in Bloemfontein byeengeroep is, nie dalk belangrike aanvoerwerk hiervoor gedoen nie? Verteenwoordigers van die NG Sendingkerk het immers in die verrigtinge gedeel (1950:172). Een van die besluite was dat die Afrikaanse Kerke met 'n program van aksie na vore moet

kom om die nood van diegene wat nog ongeëwangeliseer is, onder andere in die Britse Protektorate, aan te spreek (1950:170). By die kongresbesluit het 'n bymotief ingesluit, naamlik dat die program ten minste ook diegene wat "ons volksideale en in sommige opsigte ook die Protestantse leer vyandig gesind is" (1950:170) moes help hok slaan. In al die ter saaklike dokumente is daar egter nêrens verwysings na die besluite van bogenoemde kongres nie. Dit moet derhalwe aanvaar word dat die kongres nie direk die besluit van die Sinode van die NGSK (OVS) geïnspireer het nie. Hoogstens was daar 'n indirekte verband.

Wat nie misgekyk moet word nie, is dat die ooreenkoms van 1949 tussen die Kereke ea Lesotho, die SASK en die NGSK OVS in die praktyk nie goed gewerk het nie. Trouens, die Kereke ea Lesotho het ook toenemend hiervan bewus geword. By sy vergadering in Augustus 1951 neem die SASK 'n brief van eerwaarde Baccout in behandeling waarin hy die ooreenkoms in verband met die bediening in die Goudveld wil wysig. Waarskynlik was daar 'n aandrang van Basotholidmate wat in die goudmyne gewerk het, om steeds in die bediening van die Franse Sending (Kereke ea Lesotho) te deel. Hiervoor sou die laasgenoemde hom graag laat vind. Die SASK het egter by hom aangedring om tog maar by die ooreenkoms te bly (Notule SASK 15-16 Augustus 1951).

Dit blyk dus dat 'n situasie besig was om te ontwikkel wat nie op 'n bevredigende manier deur die tradisionele verstandhouding tussen die NGK en die Kereke ea Lesotho (PESG) oorbrug kon word nie. Selfs die ooreenkoms van 1949 het blykbaar te kort geskiet. Dit het al meer gelyk of die Franse Kerk in die Vrystaatse Goudveld by die bediening van die Evangelie betrokke wou raak. En, dat in die geleedere van die NGSK/NGK die gedagte om in Basotholand sendingwerk te doen, posgevat het. By sy vergadering aan die einde van Januarie 1952 het die SASK weer hieraan aandag gegee. Dit, en die (sinodale) versoek van die NGSK of dit nie tyd geword het om in Basotholand met sendingwerk te begin nie, het die verhouding met die Franse Kerk en sendingwerk oorkant die Basotholandgrens weer op die agenda van die SASK geplaas.

2. 'n Nuwe ooreenkoms skep die moontlikheid van sendingwerk in Basotholand en die oorplanting van die Kereke ea Lesotho in die Vrystaat

Die SASK van die NGK OVS moes dus nou met die hele kwessie rondom die betrokkenheid van die Kereke ea Lesotho in die Vrystaat en moontlike NGK sendingwerk in Basotholand handel. By sy eerste vergadering in 1952 benoem hy 'n kommissie bestaande uit di. DG van der Merwe (Algemene Sendingsekretaris) en WR Kock (Voorsitter SASK van die NGK OVS) en eerwaardes JPH Wessels, BJ Odendaal en DMC de Koker om die saak wat eerwaarde Baccout in sy brief aanroer, te beredder. Ook die Kereke ea

Lesotho was oortuig dat die ooreenkoms van 1949 nie aan die verwagtinge voldoen het nie en ook nie meer al die punte bymekaar kon hou nie. Hulle was dus angstig om met die NGK (OVS) te onderhandel. Bowendien het die Switserse Sending (Gerdener 1958:103 ev), as vertroude vennoot van die Kereke ea Lesotho, sy lidmate wat die Transvaalse goudmyne verruil het, hierheen gevolg en hulle bedien. Die Kereke ea Lesotho en die Switserse Sending het tewens 'n samewerkingsooreenkoms ten opsigte van die Transvaal gesmee. Die aangewese weg was sekerlik dat hulle op soortgelyke wyse in die OVS sou saamwerk. Beide het egter gemaak "... that they cannot go on with this matter before consulting the DRC" (Notule Konferensie 6 Maart 1952 GSK Lêr 1952-1968).

Van die kant van die NGK (OVS) het die prentjie anders gelyk. 'n "Kampomgensing" is in die Goudveld gevestig. Sendelinge en evangeliste was besig om 'n gemeentelike struktuur vanuit die Kampongensing te vestig. Dit het beteken dat die NGSK nuwe gemeentes bygekry het. Die plaaslike NG gemeentes, sowel as die Sinodale verband van die NGK (OVS) het hierdie nuwe onderneming entoesiasies gesteun. Die NGK/NGSK het juis gemeen dat lidmate van die Kereke ea Lesotho wat in die myne kom werk, by hierdie bediening tereg moes kom. Om hiermee te help is evangelis Patose in die NGSK verband reeds vroeër aangestel. In die praktyk het hy egter net onder die Kereke ea Lesotho se lidmate begin werk. Dit het spanning geskep (Notule Konferensie 6 Maart 1952 GSK Lêr 1952-1968).

Op die 6de Maart 1952 het bogenoemde NGK/NGSK Kommissie 'n afvaardiging van die Kereke ea Lesotho (eerwaardes E Berger en E Labarthe) in Bloemfontein ontmoet. Eerwaardes M Buchler en RH Bill van die Switserse Sending was ook teenwoordig. 'n Nuwe ooreenkoms sou nie maklik uitgemaak word nie. Die konferensie het uiteindelik gemeen dat daar drie opsies is: (1) Die Switserse Sending bedien sy lidmate, terwyl die (1949) ooreenkoms tussen die NGK en die Kereke ea Lesotho gehandhaaf word. (2) Die Kereke ea Lesotho en Switserse Sending sluit geleedere en bedien hulle eie lidmate terwyl die NGK op sy beurt met sy eie bediening deurgaans. (3) Die derde kom neer op 'n drie-hoekige ooreenkoms tussen die partye. Laasgenoemde was eintlik prakties onmoontlik. Die tweede oorweging het die opsegging van die 1949 ooreenkoms geïmpliseer. Die eerste het weer die Kereke ea Lesotho in 'n onmoontlike posisie geplaas. Die konferensie kon dus nie 'n definitiewe besluit formuleer nie. Daar is toe ooreengekom om die saak by die onderskeie verantwoordelike kerklike kommissies voor te lê en dit dan verder te voer (Notule Konferensie 6 Maart 1952 GSK Lêr 1952-1968). Die onderskeie kerklike kommissies het die uitslag van hierdie vergadering sekerlik in behandeling geneem. Maar, aan 'n bevredigende oplossing kon hulle nie gevolg gee nie. Daar sou weer met mekaar gepraat moes word.

So het dit gekom dat in Augustus die volgende jaar, 'n vergadering tussen die Kereke ea Lesotho en die Uitvoerende Komitee van die SASK NGK OVS belê is. Dit het plaasgevind op 27 Augustus 1953. 'n Uitvoerige gesprek met eerwaarde Brutch oor die hele kwessie rakende die aandrang van die Kereke

ea Lesotho om self in die Goudveld te werk het plaasgevind (Notule UK SASK NGK OVS 27 Augustus 1953). By hierdie vergadering is 'n nuwe ooreenkoms beklank. Dit het die volgende behels:

1. "Dat die NGK OVS dit verwelkom dat die Paryse Genootskap in die Vrystaatse goudarea sal werk;
2. dat hierdie werk beperk sal wees tot hulle lede en die kampongs;
3. dat daar op 'n basis van apartheid gewerk sal word as daar samewerking sal wees (dit bedoel dat wanneer beide op een plek werk, elkeen die vryheid het om selfstandig voort te gaan, GLB).
4. dat hierdie werk op die Goudveld en in Basotholand nie sal begin alvorens die leiers van die onderskeie kerke geraadpleeg is nie;
5. dat dit duidelik moet wees dat die ooreenkoms verbreek word as die Kereke ea Lesotho op die Goudveld begin werk en dat die NGK dan te enige tyd ook werk in Basotholand kan begin – wat ons in die nabye toekoms ook sal doen" (Notule UK SASK NGK 27 Augustus 1953).

Hierdie nuwe ooreenkoms is dan ook by die vergadering van die SASK aan die begin van 1954 goedgekeur (Notule SASK NGK OVS 9-10 Februarie 1954). Hiermee is die weg gebaan vir die onderskeie kerke om selfstandig in dieselfde geografiese gebiede te arbei. Nog in dieselfde jaar laat die Kereke ea Lesotho weet dat hulle hulle uit bogenoemde ooreenkoms onttrek (Notule SASK NGK 17-18 Augustus 1954). In terme van die vergelyk wat op 27 Augustus 1953 bereik is, het eerwaarde Brutch se voorlegging aan sy kerk dus nie geslaag nie. Die Kereke ea Lesotho sou nou 'n weg van sy eie – in die Vrystaat – opgaan. Op sy beurt besef die SASK NGK OVS dat sendingwerk binne Basotholand vir die huidige besonder moeilik is. Die Regentes is onder andere 'n Rooms Katoliek. Daarom word die saak tot 1955 uitgestel (Notule SASK NGK 17-18 Augustus 1954). En, in Februarie 1955 deel die Algemene Sendingsekretaris die SASK mee dat "die regering nou besig is met die Protektorate" en dat dit nie nou 'n geleë tyd is om met sendingwerk in Basotholand te begin nie (Notule SASK NGK 8-9 Februarie 1955).

Uit wat tot dusver uit die verskillende notules opgediep is, blyk dit - op die keper beskou – dat die 1949 ooreenkoms tussen die Kereke ea Lesotho, die SASK NGK OVS en die NGSK dus nie werklik in sy doel beantwoord het nie. Daarom is 'n tweede vergelyk getref, wat die deure enersyds oopgemaak het vir die Kerke ea Lesotho om sy lidmate onder bepaalde voorwaardes in die Vrystaat te bedien en andersyds vir NGK om 'n sendingaksie in Basotholand te inisieer. Die Kereke ea Lesotho het die 1953 ooreenkoms nie aanvaar nie. Dit het beteken dat hy sy lidmate in die Goudveld self sou bedien. Ondertussen was dit lank reeds praktyk dat lidmate van die NGSK gemeentes, wat terugkeer het na Basotholand, deur sendelinge en ouderlinge uit die naburige gemeentes in die Vrystaat bedien is. So boekstaaf die NGSK Sinode van 1959 sy dank "teenoor ouderling MS Letuka van Wepener wat vir meer as agt jaar die vaandel van die Evangelie en van ons Kerk in Basotholand hoog gehou het, ten spyte van baie teenstand en ontmoediging..." (Handelinge Sinode NGSK 1959:358). Die Sinode noem

ook met dankbaarheid die naam van “eerwaarde IC Potgieter, voorheen van Ficksburg, vir wat hy gedoen het in verband met die sendingwerk in Basotholand” (Handelinge Sinode NGSK 1959:385). Volgens sy seun het hy reeds sedert die dertiger jare lidmate in Basotholand bedien (IC Potgieter 17 Julie 2000). Eerwaarde Potgieter was vir 41 jaar sendeling op Ficksburg (tussen 1910-1951). Eerwaarde JPJ Zeeman en ouderling Letuka het sy bediening in Basotholand na 1951 voortgesit.

Dit is gevolglik onverantwoord om die mislukking van die bedieningsooreenkomste sonder meer aan kerkisme of moedswil toe te skryf. In die situasie is beide kerke by die bediening van hulle lidmate betrek. En, dit sou ook uitkring na evangeliserings- en sendingwerk.

3. Die Sinodes van die NGSK en die NGK besluit op ‘n sendingaksie in Basotholand

By die Sinode van die NGSK, wat in 1955 op Dewetsdorp vergader het, kon dr. ML Maile verslag doen van sy besoek aan die Sinode van die Kereke ea Lesotho in 1953. Hy beklemtoon dat hierdie Kerk gebuk gaan onder die aanslag van die Rooms Katolieke Kerk. Ook word swaar gedra aan ‘n finansiële skuld. Met die kerkskole gaan dit nie goed nie. Maar, sê hy, “hulle is een met ons. Hulle glo vas dat ‘eendrag maak mag’ en bid dat hierdie eendrag mag aanhou en sterk wees soos sement en dat ons mekaar sal lief hê” (Handelinge Sinode NGSK 1955:77).

Op Dewetsdorp het eerwaarde Paroz in dieselfde strekking die groete van die Kereke ea Lesotho oorgedra. In 1955, wys hy die Sinode daarop, was daar in sy kerk 47 Ringe en 447 kerkgeboue. Tien sendelinge, 45 leraars en 337 evangeliste het die meer as 56 000 lidmate bedien (Handelinge Sinode NGSK 1955:126). Toe die sendeling van Ficksburg (eerwaarde Zeeman) hom bedank, gebruik hy ‘n beeld wat die mooi verhouding tussen die kerke uitdruk: “Patryse roep mekaar met dieselfde stem” (Handelinge Sinode NGSK 1955:127). Ten spyte daarvan dat die twee kerke oor die afgelope ses jaar nie daarin kon slaag om ‘n bedieningsooreenkoms ten opsigte van die Goudvelde van die Vrystaat, kon bereik nie. Die verhouding tussen hierdie twee kerke was trouens steeds heeltemal oop.

‘n Verdere verwikkeling kom toe twee beskrywingspunte, ingedien deur eerwaarde JP Jacobs, sendeling van Bethlehem-Wes en Moderator van die Sinode, voor die vergadering dien: “Die H.E. Sinode benoem by elke gewone vergadering ‘n kommissie onder die naam Sinodale Sendingkommissie, saamgestel uit die Sendingsekretaris van die Moederkerk, twee sendelinge en twee leraars van die Sinode. Hierdie kommissie is belas met die sendingonderneming van die kerk (Bpt. 55a). Die vergadering besluit om die Dankoffer Uitbreidingsfonds tot beskikking van die Sinodale Sendingkommissie te stel (Bpt. 55b). Die Sinode ondersoek die moontlikhede van ‘n eie sendingonderneming in Basoetoland en indien uitvoerbaar, gee

dienooreenkomstig opdrag aan sy SSK (Bpt. 56)” (Handelinge Sinode NGSK 1955: 9; 137).

Beide hierdie beskrywingspunte is aanvaar. Dit het meegebring dat die NG Sendingkerk nou ook oor die dienste van 'n Sinodale Sendingkommissie beskik het en dat hierdie kommissie hom met “'n eie sendingonderneming in Basotholand” moes bemoei. As verteenwoordiger van die NGK OVS by die Sinode het ds PSZ Coetzee hierdie aangeleentheid verder toegelig in soverre, sê hy, “die Moederkerk reeds opgetree en onderhandel het”. Hy voeg hieraan toe dat die te worde gekose Sendingkommissie dadelik met sy werk van ondersoek kan begin “en nog in Januarie aan die SASK rapporteer, sodat die saak voor die Moeder Sinode kan dien” (Handelinge Sinode NGSK 1955:137).

Voordat hierdie kommissie gekonstitueer is, het die Sinode van die NG Kerk in die OVS in Bloemfontein gedurende April 1956 vergader. In sy verslag maak die SASK gewag van “die noodsaaklikheid en moontlikheid om sendingwerk in Basotholand te begin” (Handelinge Sinode NGK 1956:20). Dit is deur die kommissie ernstig oorweeg. Omdat die politieke toekoms van die Protektorate van die Britse Regering (insluitende Basotholand) op hoë regeringsvlak in die weegskaal was, is die SASK van mening dat nie oorhaastig te werk gegaan moet word nie, “maar op die regte oomblik te wag” (Handelinge Sinode NGK OVS 1956:26). Hierop stel die predikante van Dewetsdorp (ds FA Dreyer) en Ladybrand (ds H le C Taute) voor: "Die H.E. Vergadering keur in beginsel goed om werk in Basotholand te begin, en dra dit aan die Sinodale Sendingkommissie op om, wanneer die tyd geskik geag word, na deeglike ondersoek, daarmee 'n begin te maak" (Agenda Sinode NGK OVS 1956:172).

In die verhaal van die sendingwerk van die NGSK en NGK het die Sinodale besluite van 1955 en 1956 'n belangrike wending geïmpliseer. Beide Kerke het nou amptelike besluite geneem wat 'n sendingaksie en kerkplanting in Basotholand moontlik gemaak het. Hieraan moes nou prakties uitvoering gegee word. In die Goudveld het die Kereke ea Lesotho ook sy lidmate bymekaar gemaak en in gemeentes georganiseer.

4. Die SSK van die NGSK konstitueer en beplan 'n besoek aan Basotholand

Op Woensdag 15 Augustus 1956 het die SSK van die NGSK OVS vir die eerste keer in Bloemfontein vergader (Notule SSK 15 September 1956). Dié Kommissie het bestaan uit: Ds. DG van der Merwe (Sendingsekretaris NGK OVS en sameroeper), eerwaarde JP Jacobs van Bethlehem (Voorsitter), ds. IT Lekhula (Trompsburg), dr. ML Maile (Bothaville), en eerwaarde BJ Odendaal van Bloemfontein (Saakgelastigde NGSK). Nadat die vergadering gekonstitueer is, het die voorsitter op die historiese belang van die byeenkoms

gewys. Die SSK van die NGSK is die eerste sendingkommissie van enige Sendingkerk in die Unie. Ds. van der Merwe het bygevoeg dat die NGK OVS met blydschap kennis geneem het van dié besluit van die NGSK en dat die Moederkerk sal help waar hy kan.

Op die agenda was twee sake. Allereers is die kwessie rondom die befondsing van sendingwerk in Basotholand ter tafel geneem. Na 'n bespreking word besluit dat die Vrystaatse Vroue Gebeds Bond (£2 per tak per jaar) en Christelike Jeug Vereniging (£1 per tak per jaar) van die NGSK in hierdie verband genader sal word. Hier benewens meen die vergadering dat 'n "heffing opgelê" moet word van 1d. per lidmaat per jaar. Laastens word 'n skakelkommissie met die Moederkerk aangewys. Ds. DG van der Merwe en eerwaarde BJ Odendaal word hiervoor gekies.

Hierna kon die vergadering aan die tweede saak op die sakelys, naamlik die sendingaksie in Basotholand, aandag gee. Na "waardevolle" toeligting deur die Sendingsekretaris van die NGK OVS besluit die vergadering dat eerwaarde PJ Jacobs in sy persoonlike hoedanigheid met eerwaarde Paroz van die Kereke ea Lesotho in Basotholand sou skakel met die oog op samewerking. Daarmee is gehou aan die gees van die vroeëre ooreenkoms en die vriendskap wat tussen die Kereke ea Lesotho en die NGSK bestaan het.

Vroeër die jaar, gedurende April, het eerwaarde DM Ramatsui die Kereke ea Lesotho se Sinode by Thaba Morena bygewoon en die groete van die NGSK (OVS) oudergewoonte oorgedra. Hy is vriendelik ontvang, maar moes op lastige vrae antwoorde verskaf. Dit is duidelik dat die vrae politieke bewustheid geherberg het. Noudat die skole in Suid Afrika onder beheer van die Staat is (vanweë die nuwe Wet op Bantoe Onderwys van 1953), wat is die standpunt van die kerk ten opsigte hiervan, wou hulle weet. Hierop het eerwaarde Ramatsui geantwoord: "Aangesien die kerk 'n liggaam onder die Staat is, kan die kerk geen teenstand teen die beleid van die Regering bied nie. Die kerk is onderworpe aan die wetsbepalings van die Staat. Dit moet uitdruklik gesê word dat die kerk nie in die politiek inmeng nie, wat te meer is, dit sou die kerk nie baat nie, want die kerk beskik nie oor die geld waarmee die belange van skole behartig kan word nie. Dit is vanselfsprekend dat in die uitvoering van sy beleid, die Regering die kerk se belange nie verwaarloos nie. Die lede van die Regering is Christene" (Notule Sinode NGSK 1959:134).

In die lig van die toenemende politieke bewussyn en groeiende kritiek teen Apartheid (of die Suid-Afrikaanse Regering) en kolonialisme eie aan die tyd, is die vraag veelseggend. So ook die antwoord. Sou dit die Kereke ea Lesotho bevredig? Of, het dit die agterdog verder gestimuleer? Dit is nie te veel gesê om te aanvaar dat die verhouding tussen die twee kerke tot op sekere hoogte versteur is. Daarvoor was daar politieke redes. Dit sou meermale op die voorgrond tree. Die Kereke ea Lesotho het met die NGK verskil oor die Apartheidsbeleid in Suid-Afrika, en het slegs probeer om in die beste belang van hulle lidmate op te tree (Brutch; 1993 onderhoud).

Maar, terug na die vergadering. Ds. van der Merwe moet weer met die Britse Hoëkommissaris (Sir Percival Leisching) in verbinding tree vir toestemming van regeringsweë om in Basotholand te begin werk. Dr. Maile en eerwaarde Lekhula sou saam met eerwaarde JPJ Zeeman, sendeling van Ficksburg, 'n onderkaptein naby Leribe gaan besoek. Laasgenoemde het toestemming verleen dat in sy gebied met sendingwerk begin kon word. Die vergadering se laaste besluit was om weer gedurende Oktober, in Ficksburg, byeen te kom (Notule SSK NGSK 15 Augustus 1956).

'n Brief van die Saakgelastigde van die NGSK, eerwaarde BJ Odendaal, werp bykomende lig op bogenoemde besluite. Daarvolgens sou die besoeke aan Basotholand op 10 Oktober 1956 plaasvind. En, dat die SSK van die NGSK daarna op 11 Oktober 1956 in die sendingpastorie op Ficksburg sou vergader (Brief: 24 September 1956).

Uit die notule van die vergadering van die SSK NGSK OVS van 11 Oktober 1956 blyk dit dat uitvoering gegee is aan die besluite van Augustus (Notule SSK 11 Oktober 1956). Eerwaarde Jacobs, vergesel van eerwaarde JPJ Zeeman, het 'n ontmoeting met eerwaarde Paroz van die Kereke ea Lesotho gehad. Uit eerwaarde Jacobs se verslag aan die kommissie blyk dit dat Paroz oortuig was dat die PESG nie besware het teen die NGSK se voorgenome werk in Basotholand nie, maar: "... dat hulle nie offisieël kan toestem nie, weens politieke redes..." dit sou hulle moontlik op een of ander manier kan kompromiteer (Notule SSK 11 Oktober 1956:1). Dr. Maile en eerwaarde Lekhula wys die vergadering egter daarop dat dit 'n verkeerde prosedure sou wees om met toestemming van 'n onderkaptein in Basotholand te begin werk. Die kaptein van die gebied moes nie geïgnoreer word nie. Daarom het hulle gewoon die grens oorgesteek en 35 lidmate van die NGSK ontmoet (Notule SSK 11 Oktober 1956). Tussen hulle is ook ouderlinge wat op die Kerkraad van die NGSK Ficksburg dien. Hulle is almal baie positief oor die moontlikheid van die NGSK se betrokkenheid in Basotholand (Notule SSK NGSK 11 Oktober 56).

Ds van der Merwe het samesprekings met die Hoë Kommissaris gevoer. Op 'n vraag het hy aangedui dat die doel van die onderneming evangelisasie, hospitalisasie en later opvoeding (onderwys) is. Die Kommissaris het nie besware teen die voorgestelde werk nie. Die prosedure om dit te bewerkstellig is egter dat die NGSK lidmate die inisiatief sal moet neem. Hulle sal by die plaaslike kapteins vir standplase aansoek moet doen vir die verlangde toestemming. Na 'n bespreking van hierdie eerste indrukke oor Basotholand word op voorstel van die voorsitter besluit: "... dat 'n gesamentlike kommissie van die Sendingkerk en die Moederkerk 'n toer deur Basotholand moet onderneem om sodoende statistieke in te kry en 'n totale idee te kry van die veld wat beset word voordat ons besluit waar ons gaan begin werk" (Notule SSK NGSK 11 Oktober 1956:1).

in Basotholand by te dra. Uit 'n geldlegging is £256 byeengebring vir 'n kerkgebou in Basotholand.

Die versoek van die SSK NGSK OVS aan die SASK NGK OVS is derhalwe onverwyld deurgestuur. By sy vergadering in Februarie 1957 neem die SASK die skrywe in behandeling. Daarvolgens versoek die SSK van die Sendingkerk dat "twee lede van die SASK op 'n besoek aan Basotholand" moet saamgaan (Notule SASK 6 Februarie 1957). Hiervoor het die SASK hom laat vind omdat dit in lyn was met die opdrag van die Sinode van 1956.

5. 'n Deeglike ondersoek in Basotholand: 1957

Die wile was nou aan die rol gesit. 'n Deeglike en uitgebreide ondersoek in Basotholand sou plaasvind. Dit is beplan vir 25 en 26 Maart 1957. Die lede moes ondersoek instel na die toestande en moontlikhede vir sending in Basotholand (Verslag van afvaardiging wat Basotholand besoek het in die GSK Lêer, 1952-1968).

Die afvaardiging het bestaan uit vier predikante van die Sinodale Sendingkommissie van die NGK OVS, naamlik: Di. DG van der Merwe (Algemene Sendingsekretaris), LL Nel (Heilbron), H leC Taute (Ficksburg) en BJ Odendaal (Bloemfontein). Vir die NGSK OVS het die volgende sendelinge saamgegaan: Eerwaardes JP Jacobs (Bethlehem-Wes en Paul Roux), JPJ Zeeman (Ficksburg), BJ Odendaal (Bloemfontein-Wes). In private hoedanigheid het eerwaardes JP Pansegrouw (Zastron), JF Malan (Umtata), WJC Olwagen, CT Smith (Ficksburg), JA Visser (Ladybrand), ds. PL Cilliers en evangelis Tlali van Ladybrand, die reis meegemaak.

Die afvaardiging het vol verwagting op Zastron ontmoet waar inligting uitgeruil en die reis beplan is. Wat sou hulle in Basotholand teëkom? Waarop moes hulle bedag wees? En, sou twee dae genoeg wees om hulle deeglik en verantwoord te vergewis van die situasie?

Die span predikante en sendelinge het op Zastron weggespring om van daar deur die bopunt van die Herschel gebied te gaan. Hier het ds Willie Pieterse van die NGSK Oos-Kaap gearbei. Hy was reeds met die Kereke ea Lesotho in aanraking en het onderhandel oor samewerking en die oorneem van drie buiteposte van die Franse sendingstasie Thabana Morena (Onderhoud 25 Julie 2000). Die geselskap het hom egter nie ontmoet nie. Hulle het van Herschel deur Sterkspruit na Quthing in Basotholand gegaan. By Quthing is noord gedraai in die rigting van die distrikte van Mohaleshoek en Mafeteng besoek. Dit is moontlik hier, in die omgewing van Mafeteng, waar hulle by Van Rooyenshek oor die grens is om in Wepener te oornag. Die volgende dag is hulle weer oor die grens en deur Mafeteng na Maseru, Berea en Leribe.

Die eerste en belangrikste indruk waaronder die afvaardiging gekom het was die imponerende kerk- en skoolgeboue wat deur die Rooms Katolieke Kerk

Van Rooyenshek oor die grens is om in Wepener te oornag. Die volgende dag is hulle weer oor die grens en deur Mafeteng na Maseru, Berea en Leribe.

Die eerste en belangrikste indruk waaronder die afvaardiging gekom het was die imponerende kerk- en skoolgeboue wat deur die Rooms Katolieke Kerk orals opgerig en instand gehou is. Hierdie Kerk was goed in Basotholand gevestig. Dit was 'n Kerk wat vooruitstrewend sy stempel op die samelewing afgedruk het (Brady 1952). Hierbenewens het die afvaardiging met hulle deurreis opgemerk dat die "Franse Protestantse Kerk" (Kereke ea Lesotho) swaarkry. Daar was orals tekens van verval weens 'n gebrek aan personeel en finansies (Verslag van afvaardiging wat Basoetoland besoek het, GSK Lêer, 1952-1968).

Die afvaardiging het ook 'n aantal lidmate van die NGSK OVS ontmoet. Hierdie lidmate was uitgesproke ten gunste vir die vestiging van NGSK gemeentes in Basotholand. Eerwaardes Zeeman van Ficksburg en Visser van Ladybrand en evangelis Tlali - van Ladybrand maar oorspronklik afkomstig uit Basotholand - het reeds goeie kontakte gehad met NGSK lidmate in Basotholand. Hierdie lidmate was gewoonlik mense wat vroeër in die Vrystaat op plase of myne gewerk het en by NGSK aangesluit het. Later het hulle teruggekeer na Basotholand waar hulle lidmate van die NGSK gebly het (Handelinge Sinode NGSK 1959:195-197). Eerwaardes Zeeman, Visser en evangelis Tlali het van hulle geweet en hulle bedien. Eerwaardes Jacobs, Visser, Smith en evangelis Tlali het boon-op reeds kaptein Majara regoor Ficksburg ontmoet om oor 'n standplaas te onderhandel. Hy het onderneem om met die Regentes in gesprek te tree en die NGK in hierdie verband te help.

Uiteraard het hierdie indrukke die verslag wat oor die besoek opgestel is, beïnvloed. Dit blyk uit die gevolgtrekking waartoe die afvaardiging kom:

"1. Dat die tyd oorryp is vir ons Kerk om met sendingwerk in Basoetoland te begin.

2. Dat daar 'n aansienlike aantal lidmate van ons Kerk in Basoetoland is wat begeer dat ons sal begin.

3. Dat die breë lae van die bevolking ons sal verwelkom.

4. Dat die propaganda teen ons Kerk op tou gesit is ... deur die Roomse Kerk...

5. Dat die Roomse Kerk 'n geweldige invloed het op die regering.

6. Dat die Franse Sending ons goedgesind is.

7. Dat voor ons met werk begin, die toestemming van Regentes eers verkry sal moet word.

8. Dat ons Kerk ondertussen met sendingwerk sal begin vanaf Ficksburg en Ladybrand vanwaar reeds kontakte verkry is.

9. Dat ondersoek ingestel sal word waarom die Franse Sending Thabana Morena verlaat het en die moontlikhede vir ons in verband daarmee.

10. Dat ondersoek ingestel word na mediese hulp aan die Basothos.

11. Dat 'n duidelike verstandhouding met die Kaapse Kerk bereik word met hulle sendingwerk in Herschel en ons werk in Basotholand." (Verslag van afvaardiging wat Basoetoland besoek het, GSK Lêer, 1952-1968).

Hieruit blyk dat die Rooms Katolieke Kerk negatief geëvalueer is. Eintlik word afwysend teenoor hierdie Kerk gereageer. Tweedens is die Kereke ea Lesotho se bestaan in Basotholand nie as 'n probleem geïdentifiseer nie. Tewens daar is gesimpatiseer met sy benarde posisie. Derdens het die aanwesigheid van die NGSK lidmate 'n deurslaggewende rol gespeel. Vierdens het die afvaardiging hulle deur veelseggende statistiek laat bedien. Daarvolgens was die totale bevolking 631 614. Daarvan het 213 620 aan die Rooms-Katolieke Kerk behoort, 137 776 was lidmate van die Kereke ea Lesotho, 59 982 het aan die Engelse Kerk behoort en 64 965 aan ander denominasies. Dit het beteken dat 183 585 nog "heidene" was – 'n reuse arbeidsveld.

Op stuk van sake is daar tog aannames in die verslag en het 'n diepgaande ondersoek in die slag gebly. Die entoesiasme van die afgevaardigtes het klaarblyklik die onderliggende problematiek van die nuwe sendingonderneming binne die kerklike en politieke konteks van Basotholand nie genoegsaam verreken nie. Die feit van die saak was egter dat die NGSK nou gereed was om sendingwerk in Basotholand te begin.

Minder as twee weke na die Maart 1957 besoek aan Basotholand, op 9 April 1957, is in gesprek getree met verteenwoordigers van Basoetoland se regeringskantore. 'n Brief wat op 9 April 1957 deur die Saakgelastigde van die NG Sendingkerk OVS (eerwaarde BJ Odendaal) aan Opperhoof P.K. Matsieng in Basotholand geskryf is, vra amptelik toestemming om met die bediening van die Woord in Basoetoland te mag begin veral met die oog op lidmate van die Sendingkerk in Basotholand. Die kantoor van Opperhoof Matsieng het 18 Julie 1957 negatief geantwoord op hierdie versoek: "I see that you state that there are many Basuto who belong to your church but I must respectfully inform you that I do not know of any in Basutoland." Dit blyk verder uit die brief van die 'Office of the Paramount Chief, Matsieng' aan die NGSK OVS dat die Sendingkerk nie baie welkom was in Basoetoland nie: "I wish to explain that there is a danger in increasing the number of Missions because my people will become confused by the different interpretations of the teaching of Christ" (18 Julie 57. GSK Lêer, 1952-1968). Oor die NGSK se lidmate in Basoetoland word geskryf: "...my understanding is that these people really belong to the P.E.M.S. when they are in Basutoland" (18 Julie 57. GSK Lêer, 1952-1968). In dié brief word dus nie toestemming gegee aan die Sendingkerk om met die werk te mag begin nie. Dit was dus 'n terugslag. Eerwaardes Jacobs en Odendaal het ondertussen ook probeer om amptelik met die Regentes in gesprek te tree. Dit het egter ook misluk (Notule SSK NGSK 24 April 57). In 'n amptelike brief wat in September 1957 ontvang word, bevestig die Regentes hierdie afsydige houding (Notule SSK NGSK 10

September 57). Hierdie ontmoedigende ontwikkeling sou die leraars van die NGSK en NGK nie koudsit nie.

6. Die sendingonderneming kom van die grond met die aanwys van die eerste werkkragte: 1957

Die Sendingkommissie van die Sendingkerk het voortgegaan om te beplan vir die werk wat wag in Basotholand. Sy vergadering van 24 April 1957 het belangrike besluite geneem. Die rapport van die besoek in Basotholand word in behandeling geneem. Die vergadering meen dat, ten spyte van die uitbly van die toestemming van die Regentes, sendingwerk in Basotholand aangepak moet word, en wel vanuit Ficksburg en Ladybrand, vanwaar reeds kontakte aan die oorkant gemaak is (Notule SSK NGSK 24 April 1957). Die mees praktiese manier om hieraan uitvoering te gee, is om evangeliste, wat kragtens reg grond in Basotholand besit, hiervoor in te span. Op hierdie wyse word evangelis Tlali, wat op Ladybrand gewerk het, nou aangestel vir Basotholand. Die NGSK dra verantwoordelikheid vir sy versorging (Notule SSK NGSK 24 April 57). Dit sou alles in 'n ooreenkoms met hom uitgeklaar word, wat beteken het dat hy na Basotholand sou terugkeer en vanuit sy huis met sendingwerk sou begin. Hiermee is die hele kwessie rakende die toeseegging van grond, voorlopig omseil.

'n Brief van eerwaarde Paroz van die Kereke ea Lesotho, wat voor die vergadering dien, bevestig dat die NGSK in Basotholand welkom is, maar dat dit nie in amptelike sin gestel kan word nie. 'n Verdere probleem, skryf eerwaarde Paroz, is dat die toetrede van die NGSK oorvleuling tot gevolg gaan hê. Tweedens, die Kereke ea Lesotho sal hulp verwelkom in die vorm van geld en personeel. Die vergadering besluit dat bogenoemde nie kan gebeur nie. "Ons werk in Basotholand moet 'n selfstandige werk wees" (Notule SSK NGSK 24 April 1957). Versigtige samewerking en die uitskakeling van oorvleuling is die weg wat die NGSK sal volg. 'n Verdere belangrike besluit handel oor die rol van die Moederkerk. En in hierdie verband word besluit: "... dat daar 'n **formule** opgestel sal word in verband met die samewerking tussen Moeder- en Sendingkerk. Hierdie optrede in Basotholand moet 'n eenheid wees. Dit word verwys na 'n kommissie bestaande uit die Voorsitter (eerwaarde JP Jacobs), die Sekretaris (eerwaarde BJ Odendaal)", wat saam met die verteenwoordigdes van die Moederkerk, di. Nel en Van der Merwe, 'n formule sal opstel van samewerking en dan aan die vergadering (SSK NGSK) sal voorlê" (Notule SSK NGSK 24 April 1957). Uiteraard het hierdie aangeleentheid ook voor die UK van die SASK NGK OVS te berde gekom. Dit gebeur op sy vergadering twee weke later (7 Mei 1957). Hier word di van der Merwe en Nel, opdrag gegee "om 'n voorlopige basis van samewerking tussen Moeder en Sendingkerk op te stel" (Bylaag by Notule SASK, 8 Augustus 1963).

By sy vergadering van 6 en 7 Augustus 1957 gee die SASK breedvoerig aandag aan die Basotholand-onderneming. Hy neem kennis van die verslag van die besoek aan Basotholand vroeër die jaar. Hierbenewens word besluit dat gesamentlike sendingwerk in Basotholand deur die NGK en NGSK behartig moet word deur 'n kommissie waarop die Sendingkerk een verteenwoordiger sal hê. Hierdie subkommissie word inderdaad ook aangewys: H le C Taute, FA Dreyer, DG van der Merwe en die lid van die NGSK (Notule SASK NGK OVS 6 en 7 Augustus 1957).

Voorts neem die vergadering met dank kennis dat die kerkraad van Bloemfontein-Noord £450 per jaar en die kerkraad van Senekal De Rust £250 per jaar bewillig vir die sending in Basotholand. 'n Sendeling vir Basotholand kon nou beroep word. Derhalwe besluit die vergadering om kerkrade van grensdorpe te versoek om met die steun van die SASK medeleraars vir die NGSK gemeentes met opdrag Basotholand te beroep (Notule SASK 6 en 7 Augustus 1957). Die weg om 'n voltydse sendeling te beroep was nou oop. 'n Begroting vir Basotholand Sending kon nou opgestel word onder beheer van die Sendingkantoor van die NGK (Notule UK SASK 9 Desember 1957). Die inisiatief was nou in die hande van die SASK van die NGK OVS.

Met hierdie goeie nuus kon ds. LL Nel die vergadering van die SSK NGSK in September 1957 bywoon. Hy deel die lede mee dat die SASK van die NGK besluit het om die NG kerkrade van Ficksburg en Ladybrand te versoek om 'n medeleraar vir een van die Sendinggemeentes te beroep. Die koste daaraan verbonde sou deur die SASK gedra word. Beide die gemeentes het volgens ds. Nel positief gereageer op hierdie versoek en 'n woning vir so 'n sendeling aangebied (Notule SSK NGSK OVS 10 September 1957).

Kort daarna is eerwaarde JA Visser in opdrag van die Moederkerk deur die kerkrade (NGK/NGSK) van Ladybrand vir Basotholand beroep (Notule SSK NGSK OVS 13 November 1957). Hierna word genotuleer dat die SASK van die NGK met dank kennis geneem het dat: "Eerwaarde JA Visser hom die benoeming tot eerste sendeling vir Basotholand laat welgeval het en dat hy reeds met twee evangeliste besig is met aanvoorwerk. Sodra Ladybrand 'n mede-leraar vir die Sendinggemeente (Ladybrand) het, sal eerwaarde Visser voltyds in dié werk staan (SASK NGK 18 Februarie 1958:10).

Ondertussen het evangelis Tlali vir die aanstelling in Basotholand bedank. Die SSK NGSK bly egter oortuig dat die manier waarop die werk in Basotholand vergestalt moet word, steeds is deur 'n evangelis onder toesig van die plaaslike kerkraad (Ficksburg en Ladybrand) in Basotholand te plaas (Notule SSK NGSK 10 September 1957). Die posisie van die evangelis is gevolglik weer in behandeling geneem en nadat kwessies rondom salaris, huisvesting en vervoer uitgeklaar is, het Tlali die aanstelling aanvaar (Notule GSK 13 Februarie 1958).

Tlali was 'n Basotho en "morena" (kaptein) van die stat Mahuu in Basotholand. Hy was dus die ideale persoon om te dien as evangelis vir die NG Sendingkerk in Basotholand. Dit was dan ook op Mahuu waar die NGKA sy eerste toegang tot Basotholand verkry het. Op 1 Desember 1957 het Tlali werk as evangelis hier begin (GSK verslag 1958). Sy huis op Mahuu is later vergroot met 'n ruim vertrek waarin hy eredienste kon hou (Odendaal 1974:21). Die koste van hierdie bouwerk is betaal deur die Vroue Sendingbond van die Vrystaat (OVSB). Op soortgelyke wyse het evangelis W Shelile in Januarie 1958 in Basotholand begin werk. Hy word besoldig deur die plaaslike takke van die Vroue Sendingbond van Ladybrand (Notule GSK 13 Februarie 1958, Notule SSK NGSK 12 September 1958).

Aan die begin van 1958 was die werkers reeds in Basotholand bedrywig en kon hulle aanvoorwerk begin. Nou kon die Gesamentlike Kommissie vir Sendingwerk in Basotholand ook met sy vergaderings begin. Die eerste vind plaas op 13 Februarie 1958 in Bloemfontein. Vyf lede verskyn ter vergadering: Ds. H le C Taute (voorsitter), ds. EPJ Kleynhans, eerwaarde BJ Odendaal, ds. LL Nel (Sendingsekretaris) en eerwaarde JA Visser (waarskynlik in adviserende hoedanigheid) (Notule GSK 13 Februarie 1958). Eerwaarde Visser lewer hier 'n deeglike verslag. Die sendingonderneming in Basotholand van die NGK/NGSK het nou grondgevat.

7. 'n Basis van samewerking struktureer die onderneming: 1958

Hoewel die GSK reeds vergader het en die werk in Basotholand goed probeer organiseer het, was dit die SASK NGK OVS wat by sy vergadering op 18 Februarie 1958 (en volgende dae) die onderneming verder gestruktureer het. Eers word duidelikheid verkry oor die subkommissie van die SASK wat verantwoordelikheid neem vir die sendingwerk in Basotholand. Hierdie subkommissie bestaan uit "die Voorsitter, Sekretaris en 2 lede van die SASK (en)... vorm saam met die subkommissie van die Sendingkommissie van die Sendingkerk ... 'n Gesamentlike Kommissie vir die werk in Basotholand" (SASK, NGK OVS 18 Februarie 1958:9. Vgl ook Notule SSK NGSK 10 November 1957). Hierbenewens neem hy die basis van samewerking tussen die NGK en NGSK in behandeling en keur dit goed (Notule SASK 18 & 19 Februarie 1958). Hierdie ooreenkoms is teen die einde van 1957 opgestel deur di van der Merwe, Nel en PSZ Coetzee (Verslag: Sendingwerk in Basotholand. Notule SASK NGK OVS 8 Augustus 1963:3).

Die Basis van Samewerking is 'n sleuteldokument vir die gesamentlike sendingwerk in Basotholand. Daarom word dit hieronder volledig weergegee. Daar word ooreengekom:

1. "Dat alle werkers in Basoetoland aangestel word in oorleg met die Gesamentlike Sendingkommissie (GSK).
2. Wat tug betref, staan die evangeliste en leraars onder toesig van die betrokke Sending-ring, maar wat hulle werk betref, onder die toesig van die betrokke Sendingkerkraad. Sendelinge ... onder toesig van die

- betrokke Moederkerkraad, en wat die tug betref onder die betrokke Ring van die NGK.
3. Verslag van hulle werksaamhede sal elke ses maande aan die Gesamentlike Kommissie gedoen word.
 4. Dit word as uitdruklike voorwaarde bepaal dat hierdie evangeliste, leraars en sendelinge uitsluitlik vir werk in Basoetoland gebruik sal word.
 5. Met die oog op aanstelling of beroep, behou die GSK die reg om tot drie name van evangeliste, leraars en sendelinge aan die plaaslike Moeder- en of Sendingkerkrade – na die geval mag wees – voor te lê.
 6. Alle bydraes vir salarisse van evangeliste en leraars vir Basoetoland sal gestort word in die kas van die betrokke Sendingkerkraad. Salarisse vir sendelinge sal gestort word in die kas van die betrokke Moederkerkrade.
 7. Alle bydraes van die Moederkerk vir die werk in Basoetoland sal gestort word by die Sendingsekretaris en bydraes van die Sendingkerk by die Sendingsekretaris van die Sendingkerk.
 8. Die GSK sal van tyd tot tyd 'n begroting voorlê aan die SASK en Sinodale Sendingkommissie van die Sendingkerk.
 9. Die GSK sal minstens twee keer per jaar vergader, liefs voor die vergadering van die SASK.
 10. Dat die Sendelinge wat in Basoetoland arbei die vergadering van die GSK met adviserende stem sal bywoon” (Notule SASK, 19 Februarie 1958: 10&11).

Hierdie samewerkingsooreenkoms is ook deur die SSK NGSK goedgekeur (Verslag van die SSK aan die Sinodale Kommissie NGSK 1960). By die tweede vergadering in Desember 1958 het die GSK hierdie formule weereens in behandeling geneem en aanvaar (Notule GSK Desember 1958).

Om saam te vat: Die besluite van die sendende Kerke (NGK OVS en NGSK OVS) het uitgeloop op 'n formele samewerkingsooreenkoms. Daarvolgens is 'n Gesamentlike Sendingkommissie in die lewe geroep. Dit alles het beteken dat die sendingwerk in Basotholand teen 1958 op 'n goeie organisatoriese basis geplaas is en dat dit sy gang kon begin gaan. Die toestemming om sendingstasies in Basotholand op te rig het steeds uitgebly. Dit is egter nie as 'n struikelblok gesien om die onderneming óf op die langebaan te skuif óf te termineer nie.

Dit is begryplik waarom die SASK NGK OVS by sy vergadering in Augustus 1958 besluit het om die werk in Basotholand met mag en mening aan te pak (Notule SASK NGK OVS 14 en 15 Augustus 1958). Op Ladybrand is die situasie rondom eerwaarde Visser uitgeklaar en kon hy hom sedert 1 Augustus 1958 voltyds toespits op Basotholand (Notule SSK NGSK 12 September 1958). Ondertussen het die NG Ring van Ficksburg die Basothosending indringend bespreek en onderneem om ook 'n sendelingpos te dra (Notule UK SASK NGK OVS 6 Junie 1958). Dit het beteken dat 'n tweede sendeling beroep kon word. Hy sou op Ficksburg gestasioneer wees (Notule SASK

NGK OVS 14 en 15 Augustus 1958). En, die uitbreiding na ander grensgemeentes, met name Wepener, kom ook ter sprake (Notule SASK NGK OVS 14 en 15 Augustus 1958). Die Gebiedsunie van die Kerk Jeug Vereniging (NGK) laat weet dat hy vir £250 per jaar sal instaan vir nog 'n evangelis. En, die NGSK sien ter selfdertyd sy weg oop om nog 'n evangelis finansiëel te ondersteun (Notule UK SASK NGK OVS 6 November 1958).

By sy vergadering aan die einde van 1958 in Bloemfontein kon die GSK dus van nuwe ontwikkelinge kennis neem, en ook help koers bepaal. Die GSK was nou hersaamgestel: Ds. PSZ Coetzee (voorsitter); Eerwaarde JP Jacobs (onder-voorsitter); Eerwaarde BJ Odendaal (saakgelastigde van NGSK OVS); ds. LL Nel (Sendingsekretaris NGK); ds. EPJ Kleynhans (NGK Brandfort) en ds. H le C Taute (NGK Ladybrand). Die volgende aanwesiges het sitting met adviserende stem gekry: Eerwaardes AA Odendaal; JA Visser (NGSK Ladybrand); JPJ Zeeman (NGSK Ficksburg); dr. PJ Bloem en ds. P van Niekerk (NGK Ficksburg) (Notule GSK 6 Desember 1958). Die "Formule van Samewerking" was die eerste saak wat bespreek moes word. Hierna het eerwaarde JA Visser geleentheid gekry om verslag te doen oor sy werk in Basotholand. Saam met hom het twee evangeliste (Tlali en Shelile) gewerk; 'n derde evangelis, ondersteun deur die SSK NGSK, sou op Sepaposhek begin werk. Eerwaarde Visser wys die vergadering ook op die groot behoefte aan geboue in Basotholand wat as aanbiddingsplekke opgerig moet word. Eindomsreg bly egter 'n probleem.

Na eerwaarde JA Visser se verslag het ds. van Niekerk die vergadering ingelig oor die NGK Ficksburg se gewilligheid om betrokke te raak by die bediening in Basotholand. Die kerkraad van Ficksburg het £240 per jaar hiervoor bewillig. Saaam met die bydrae van die Ring van Ficksburg was dit nou moontlik om 'n sendeling te beroep (Notule GSK 6 Desember 1958). Die vergadering besluit om die NGK Ficksburg te versoek om dadelik 'n sendeling namens die NGSK gemeente op Ficksburg te beroep (Notule GSK 6 Desember 1958). Nadat die voorwaardes uitgeklaar is, lê die GSK drie name voor aan die kerkraad van Ficksburg: Eerwaarde JPJ Zeeman, kandidaat Wiets Botes en eerwaarde CT Smith (GSK Oktober 1958).

Vol vertroue is die jaar 1958 dus afgesluit. Die legkaart het in plek geval. Die sendingonderneming in Basotholand het van die grond afgekom. Maar hoe het die Kereke ea Lesotho dit beleef? Daar was inderdaad 'n aandrang dat die NGK/NGSK en die Kereke ea Lesotho hierdie hele saak indringend moes bespreek. In die volgende paragraaf word vertel hoe hierdie kerke weer met mekaar in gesprek getree het.

8. Indringende samesprekings met die Kereke ea Lesotho, 1959

Gedurende Augustus 1958 het die Kereke ea Lesotho 3 buiteposte in die Herschel omgewing aan die Kaapse NGSK oorgemaak. Hierdie geleentheid

het die SSK NGSK ook bygewoon (Notule SSK NGSK OVS 12 September 1958). Dit het moontlikhede geopen om in die distrik Quthing betrokke te raak. Waarskynlik het die voorgangers van die Kereke ea Lesotho en die SSK NGSK by hierdie geleentheid met mekaar gepraat oor moontlike samesprekings in die toekoms. Immers, gedurende September en Oktober het eerwaardes Brutch, Paroz en BJ Odendaal hieroor met mekaar gekorrespondeer (Korrespondensie GSK Lêer 1952-1958: 13 September 1958; 4 Oktober 1958; 13 Oktober 1958; 16 Oktober 1958) en ooreengekom om oor toekomstige samewerking en onderlinge verhoudings 'n ontmoeting te probeer reël op Thabana-Morena (vgl Notule SSK NGSK 12 September 1958). Uiteindelik sou hierdie byeenkoms op 30 Januarie 1959 plaasvind (Korrespondensie GSK Lêer 1952-1958: 22 Desember 1958). Hiervan is 'n handgeskrewe notule deur BJ Odendaal gehou (Korrespondensie GSK Lêer 1952-1958).

Opsigself is dit insiggewende aantekeninge, omdat dit die verhouding tussen die NGSK en die Kereke ea Lesotho ongekunsteld aan die orde stel. Vir die NGSK (verteenwoordig deur eerwaardes BJ Odendaal, AA Odendaal, Lekhula, Jacobs, Buti, dr. Maile, ds. LL Nel en ds. PSZ Coetzee) was dit belangrik om sy bona fides te stel, sowel as om hulp aan te bied. Vir die Kereke ea Lesotho (verteenwoordig deur eerwaardes Paroz, Mphatsoe, Selikane, Seotslanyane, Phakisi, Capri, en Brutch) het die klem weer daarop geval dat daar eintlik net een kerk in Basotholand behoort te wees om die Evangelie suiwer (teenoor die Roomse Kerk) te verkondig. Twee gereformeerde kerke in Basotholand skep 'n probleem. Boonop word verdenking teen die Kereke ea Lesotho gesaai, omdat hy 'n kerk wat verbind word met Apartheid, sou uitgenooi het om in Basotholand te werk. Hulle was dus gevoelig oor Apartheid, sowel as die teenwoordigheid van Tlali in die onmiddellike omgewing van 'n Kereke ea Lesotho gemeente. Bowendien was daar ook nie 'n ooreenkoms wat die onderskeie kerke beskerm het nie. Van die kant van die NGSK word samewerking naas mekaar benadruk. Dit kan gestalte kry in die verdediging van mekaar en die koestering van 'n goeie verstandhouding.

In sy geheel het die samespreking wedersydse vertroue geskep en is ooreengekom om twee kommissies te benoem: (a) vir kerklike samewerking en (b) vir teologiese opleiding. Dié twee kommissies word getaak om verslae voor te berei wat dan aan 'n opvolg vergadering voorgelê moes word.

Aan die begin van November 1959 het hierdie vergadering tussen die Kereke ea Lesotho en die NGK in Bloemfontein gerealiseer. Van die Kereke ea Lesotho was teenwoordig: Eerwaardes R Paroz, A Brutch, E Capri, Germond, Mphatsa, Ramakhula en mnr Letsie. Vir die NGK/NGSK het verskyn di PSZ Coetzee, WR de Kock, H le C Taute, JJ Fourie, eerwaardes AA Odendaal, JA Visser, AJ du Pessis, dr ML Maile, eerwaardes IT Lekhula en BJ Odendaal. By hierdie geleentheid het die twee kommissies, waaroor ooreengekom is, verslag gelewer.

Die kommissie vir samewerking op kerklike en onderwysgebied het die volgende bevind: Hy aanvaar die feit dat die NGK in Basotholand begin werk het. Die politieke klimaat in Basotholand maak volle samewerking onmoontlik. Die twee kerke mag mekaar egter nie opponeer nie. Die enigste alternatief is dat die twee kerke "langs mekaar staan en werk." Verkeerde persepsies van mekaar moet uit die weg geruim word. Proselietmakery mag nie plaasvind nie. Die NGK moet nie met werk begin waar die Kereke ea Lesotho reeds gevestig is nie en die Kereke ea Lesotho moet op hoogte gebring word waar die NGK met werk wil begin. Al hierdie aanbevelings is aanvaar.

Met betrekking tot samewerking ten opsigte van teologiese opleiding besluit die vergadering dat samesmelting met byvoorbeeld Witsieshoek nie moontlik is nie. Samewerking kan daar wel kom, byvoorbeeld met omruiling van dosente, onderlinge samespreking oor leerplanne, by Thabana-Morena kan daar evangeliste vir die NGSK opgelei word, daar kan wedersydse verteenwoordiging op die eksamenkommissies wees. Ook kan studente onderling vir kort periodes uitruil.

Ten slotte besluit die vergadering op 'n staande kommissie tussen die NGK/NGSK en die Kereke ea Lesotho. Daarmee is 'n instrument vir samewerking en kontak geskep (Notule 5 November 1959 GSK Notuleboek). Maar, hierdie instrument sou nooit funksioneer nie. Die sendingonderneming van NGK/NGSK het steeds sy eie weg opgegaan.

In Junie 1959 is eerwaarde CT Smith, op wie die keuse geval het, in Ficksburg afgesonder vir die werk in Basotholand. Hy sou deur bydraes uit die NG Ring van Ficksburg vergoed word (Brief van GSK aan Ring 12 September 1960). Die derde sendeling, eerwaarde AJ du Plessis, is in Augustus 1959 op Wepener bevestig (Notule, SASK 11 Augustus 1959: 7). Volgens die notules van die SASK van 1959 is hierdie sendelinge deur die plaaslike NG gemeentes in die grensdorpe van waar hulle gewerk het beroep, en as medeleraars van die plaaslike Sendingkerk bevestig. Volgens die "Formule vir Samewerking" het die GSK "hom die reg voorbehou om met die oog op aanstelling of beroep, ... tot drie name van evangeliste, leraars en sendelinge aan die plaaslike Moeder- en of Sendingkerkade - na die geval mag wees - voor te lê." (Notule SASK NGK OVS, 19 Februarie 1958: 10&11). Die plaaslike NG gemeentes het dus die sendelinge beroep na gesprekke met die GSK en "na raadpleging met die Sendingkerkraad" (Notule SASK NGK OVS, 01 Mei 1959: 3). Hierdie sendelinge is beroep as plaaslike sendelinge net vir die werk in Basotholand. Vir die NGK/NGSK het sake 'n gelukkige verloop geneem. Aan die onderskeie Sinodes kon nou verslag gelewer word.

9. Die onderskeie NG Sinodes neem met genoegdoening kennis

In Oktober 1959 verbind die NGSK hom by sy Sinode om voort te gaan met die groeiende sendingwerk in Basotholand (Notule Sinode NGSK 1959:358). Verder word die konstituering van die GSK vir werk in Basotholand aanvaar. Hierbenewens word die Sinode op hoogte gebring van die samesprekings met die Kereke ea Lesotho. Voorts neem die Sinode kennis van die negatiewe houding van die Regentes en haar Raad teenoor die sendingaksie van die NG Kerke. Evangelis Tlali so word gerapporteer is wel in diens van die SSK. Die SSK het vir hom 'n huis by sy stat in Basotholand gebou, waar hy dienste hou. Die SSK ondersteun ook 'n tweede evangelis, vir wie 'n huis in Ladybrand opgerig is. Hierbenewens is daar nog twee evangeliste werksaam in Basotholand. Hulle word besoldig deur die Kerk Jeug Vereniging van die Moederkerk en die Vrystaatse Sendingbond takke van Ladybrand. As sendeling, lui die verslag, is eerwaarde JA Visser afgesonder vir Basotholand (Notule Sinode NGSK 1959:212). Hieruit is dit duidelik waarom dit vir die Sinode die aangewese ding was om hom met die voortgang van die onderneming te verbind.

By die Sinode van die NGK OVS van 1960 kon die Sinodale Algemene Sendingkommissie soos volg verslag doen: "Gehoorsaam aan u opdrag by 'n vorige sitting dat die SASK 'wanneer die tyd geskik geag word, na deeglike ondersoek, met sendingwerk in Basoetoland 'n begin sou maak', kan nou met blydschap meegedeel word dat alreeds vanaf die einde van 1957 ('58) die eerste sendingpaar, eerwaarde en mevrou JA Visser,... (en later) eerwaarde CT Smith en eerwaarde AJ du Plessis, in die loop van 1959 hulle met hierdie groot saak besig hou onder toesig van die Gesamentlike Sendingkommissie vir Sendingwerk in Basoetoland. 'n Kommissie wat die Moeder- en Dogterkerke verteenwoordig, lui die verslag, want hierdie sendingaksie is die eerste wat gesamentlik aangepak word en is 'n onmiskenbare teken dat die Sendingkerk mondig begin word en sendingwerk doen. Omdat toestemming vir die oprig van sendingstasies in die Protektoraat nie verkry kon word nie, word hierdie aksie vanuit dorpe op die grens aan die Vrystaat se kant geloods deur die sendelinge" (Agenda Sinode NGK 1960:45ev).

Die verslag gee blyke daarvan dat die werk vorder en dat die Kerk se optrede uit verskillende oorde onder die inwoners self verwelkom word. Desnieteenstaande word daar geweldig teenkating uit ander oorde ondervind. Hierdie moeilike omstandighede het egter meegebring dat die saak kragtiger aangepak word en die beleid van die Kommissie "is om die klem te laat val op die verkondiging van die Blye Boodschap van verlossing in Christus Jesus" (Handelinge Sinode NGK 1960:45). Die oproep om geldelike ondersteuning het bemoedigende naklank gevind. Die Kommissie stel ook voor dat £1000 per jaar per pro-rata vir hierdie sending afgestaan moet word. (Handelinge Sinode NGK 1960:46). 'n Bedrag van £2500 per jaar is

uiteindelik bewillig (Handelinge Sinode 1960:92). Daarmee is al die gemeentes in die NGK OVS by die sendingaksie in Basotholand betrek.

10. Die praktyk van die sendingaksie

Hoe sou die eerste amptelike sendelinge vir Basotholand te werk gaan om 'n gemeente te vergader? Dit blyk dat die sendelinge in die begin organisatories aansluiting gevind het by dié groepie lidmate van die Sendingkerk, wat destyds aan die grensgemeentes van die Vrystaat verbonde was, maar in Basotholand gewoon het. Volgens berekening was daar ongeveer 'n duisend lidmate van die Sendingkerk in Basotholand (Agenda NGK OVS 1964:99). Aan hulle is die Woord- en sakramentbediening voortgesit (Du Plessis 1973:159). Volgens die verslae van die sendelinge aan die GSK (1959-1963) is die vroeë bedieningswyse in Basotholand gekenmerk deur Woordbediening, tydig en ontydig op elke moontlike wyse: huisbesoeke; dienste; bidure; klinieke; klankbande wat in voertuie aangebring was om medereisigers onderweg te bedien; projektordienste en evangelisasieveldtogte met die verspreiding van traktaatjies, Skrifgedeeltes en Bybels. Die sendelinge het verder die ruwe land met sy toe, byna onbegaanbare paaie en bergpasse, deurkruis op soek na ander kontakte en vaste punte van waaruit hulle kon werk (Du Plessis 1973).

Van die begin af het die werk egter met buitengewone moeilikhede te kampe gehad. Besoeke aan die Regentes het misluk; onderhoude met die kapteins het niks opgelewer nie en selfs die ontmoeting met die Hoë Kommissaris was vrugtelos. 'n Brief aan die Hoë Kommissaris, Sir J. Maud, beskryf die situasie so: "1. When the Dutch Reformed Mission Church in the Orange Free State intended to start mission work in Basutoland we first make contact with every possible official in Basutoland, and even the Regentes by appointment. When we came there she was not available....2. After much opposition and trouble, we asked to meet the Resident Commissioner of Basutoland, and discussed the whole matter with him in detail. He promised to investigate the whole matter and let us know what the outcome was. 3. We did not hear anything from him..." (31 Januarie 1962 GSK Lêer 1952-1968). Die brief is geteken deur die Saakgelastigde van die Sendingkerk. In 'n antwoord op dié brief antwoord die "Acting Resident Commissioner": "I regret the delay which has occurred, but consideration of this matter with the Paramount Chief has so far been inconclusive" (28 Maart 1962: GSK Lêer 1952-1968).

Dit was duidelik dat daar risiko's aan die nuwe sendingonderneming verbonde was. Die politieke konteks van die sestiger jare het 'n definitiewe rol gespeel hier. Die GSK was bewus van hierdie politieke ontwaking in Basoetoland wat die NG Sendingkerk se betrokkenheid daar sou beïnvloed: "Daar is ... in Basoetoland 'n groot nasionale ontwaking en onder die invloed van die African National Congress ontwikkel dit hoofsaaklik in 'n antipatie teen die witman" (Die werk van die NG Kerk in Basoetoland, 1959). Sendelinge

werksaam in Basotholand het nietemin die nuwe werk goed gemotiveer. Eestens het 'n groot getal lidmate van die Sendingkerk hulle daar bevind. Tweedens was daar nog 'n groot getal heidene. Derdens, so sê hulle, omdat "die enigste suiwer gereformeerde kerk (Kereke ea Lesotho) wat in Basoetoland werk in groot nood is... Ons wil dus gaan om hulle die hand te reik ..." (Die werk van die NG Kerk in Basoetoland, 1959).

Gesprekke en besoeke aan leiers in Basoetoland het intussen voortgegaan met die hoop om grond vir 'n sendingstasie te verkry. Grond waarop kerkgeboue opgerig kon word is egter geweier. Dit het duidelik geword dat die sendingwerk voortgaande vanuit grensdorpe in die Vrystaat gedoen sou moes word. Dit het die betrokke Kerke egter nie ontmoedig nie.

11. Kerkinstituering in Basotholand

Tussen 1957 en 1960 is drie sendelinge afgesonder vir die bediening in Basotholand. Saam met hulle het 'n span evangeliste die Woordbediening en vestiging van permanente kerklike lewe meegemaak. Deel hiervan was ook 'n mediese hulpdiens. 'n Kliniek is op 20 Februarie 1960 by Mokhele in gebruik geneem (Notule GSK 23 Februarie 1960). Lidmate regoor Ficksburg het toestemming gekry om 'n gebou op te rig vir kerklike en skooldoeleindes (GSK Lêer 6 September 1960). By Mahuu is eweneens 'n skoolgebou in 1960 voltooi (Notule GSK 6 September 1960). Hier is ook 'n kliniek aangebou (Notule GSK 6 September 1960).

In 1960 het die sendelinge en evangeliste 'n vergadering oor die werk in Basotholand gehou. By hierdie vergadering is besluit om aan te beveel dat 'n gemeente by Mafeteng gestig moet word (Notule GSK 6 September 1960). Dit is na die SSK NGSK verwys. Hierdie kommissie was ook oortuig dat gemeentestigting by Mafeteng en later regoor Ficksburg noodsaaklik geword het. Daarom keur hy dit in beginsel goed (Notule SSK NGSK 22/9/60). Die bedoeling was dan ook dat die nuwe gemeente 'n eie "naturelle-leraar" sal beroep (Notule GSK 11/10/60).

Daar was tog vrae oor watter koers ingeslaan moes word. Eerwaarde CT Smith het dit op sy eie manier aan die orde gestel. Wat hom betref moes dit in 'n beleid uitgeklaar word. "Wil die Kommissie hê dat ons pogings sal aanwend om staanplekke binne in Basotholand te kry of moet ons ons net bepaal by die grens-gebied?" Uiteraard moet die verhouding met die Franse Sending uitgeklaar word. Hierbenewens is die kerklike posisie van NGSK lidmate in Basotholand 'n probleem. Kerkregtelik voel hulle buite die grense van die gemeentes vanwaaruit hulle bedien word. Skynbaar wil hulle nie meer, skryf hy, "aanhangsels" wees nie. Moet daar dus 'n gemeente gestig word? Wat sal

sy posisie ten opsigte van die Vrystaatse Kerk wees? Of, vra hy, "gaan ons probeer maak soos in Nyassaland en Suidwes-Afrika of miskien ons eie Ring vorm binne die Kereke ea Lesotho se Sinode?" – Naastenby op grondslag van die Kerk van Midde-Afrika Presbiteriaans. "Of, moet ons daarna strewe om 'n eie Kerk in Basotholand te stig?" Eerwaarde Smith is ook oortuig dat 'n Raad van gemeentes in Basotholand vir die drie sendelinge (Ficksburg, Ladybrand en Wepener) in die lewe geroep moet word. Maar ook 'n Raad van Sendelinge (Sendingwerk in Basotholand Eerw CT Smith 1959).

Hierdie weg het die Kommissie nie opgegaan nie. Op 28 September 1960 skryf ds. BJ Odendaal, die Sendingsekretaris van die NG Sendingkerk OVS, 'n brief aan ds AL Tsoai, die scriba van die NG Sendingkerk se Ring van Bethulie. In die brief word hy meegedeel dat die SSK NGSK besluit (SSK 22 September 1960) het dat daar 'n gemeente van die NG Sendingkerk in Basoetoland gestig mag word (Brief 28 September 1960. GSK lêer). Verder vra hy dat die Ring van Bethulie die nodige stappe in die verband sal doen, ten einde die gemeent te stig. "Die kommissie het ook besluit dat die beginsel hier moet geld dat as die gemeente eers gestig is, daardie gemeente self die leraar sal beroep deur sy kerkraad. Die Sendingkommissie sal dan die salaris van die leraar subsidieer, maar dit moet 'n selfstandige gemeente wees wat self beroep en self sal sorg vir die onderhoud van die leraar, ens." (Brief van NGSK Sendingsekretaris aan Ring van Bethulie 28 September 1960. GSK Lêer). Daar word in die brief aanbeveel dat daar met eerwaarde AJ du Plessis op Wepener geskakel moet word vir meer inligting.

Die NGSK Ring van Bethulie wat op 16 Maart 1961 vergader het, het aan sy Ringskommissie opdrag gegee om die stigting van die gemeente op Van Rooyenshek te hanteer (Du Plessis:1973;158 – 160; Wette en Verorderinge NGSK 1956:73ev). Die Wette en Verorderinge bepaal dat by die stigting van 'n gemeente die betrokke Ring aan sy Ringskommissie opdrag gee om die stigting te hanteer; die grense te bepaal; 'n konsulent aan te stel; die gemeente se naam te bepaal en dan 'n stigtingsvergadering te belê (Wette en Verorderinge 1956:74ev). Nadat die gemeente gestig is vind daar dadelik 'n gemeentevergadering plaas waar die eerste kerkraad gekies word. Die Wette en Verorderinge van die NGSK bepaal verder dat die nuwe kerkraad binne drie maande 'n leraar sal beroep. Die Ringskommissie het binne hierdie kerkregtelike bepalinge die wiele aan die rol gesit. Nadat al die reëlins getref is, is 10 September 1961 as datum vasgestel waarop die nuwe gemeente in die Ring gestig sou word. Die Kindersendingkrans sou instaan vir die te beroepte leraar se salaris (Notule GSK 31 Julie 1961).

By hierdie geleentheid, op 10 September 1961, het eerwaarde JP Jacobs die stigtingsrede waargeneem (Lehlesesli 15 Oktober 1961: 1 ev). Die boodskap het gekom uit Hand. 9:31: "En die gemeentes deur die hele Judea en Galilea en Samaria het vrede gehad, en terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermenigvuldig" (1933 Bybelvertaling). Die tema van die boodskap was: "Dit

is die wil van die Here dat die gemeentes vermenigvuldig" (Du Plessis:1973;158 - 160). So het "Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Basotholand, Gemeente **Mafeteng**" nou as die tiende en jongste gemeente in die Ring van Bethulie tot stand gekom (Lehleseli 15 Oktober 1961: 1 ev).

Die gemeente het ongeveer 102 lidmate afkomstig uit 19 stante gehad. Na al die toesprake, goeie wense en erediens het die gemeente hulle eerste kerkraad gekies onder voorsitterskap van die konsulent, eerwaarde HJ Kleinschmidt. Mafeteng se eerste kerkraad het bestaan uit 5 ouderlinge en 5 diakens (Lehleseli 15 Oktober 1961: 1 ev). Volgens die Lehleseli - wat volledig berig het oor dié stigting van Mafeteng gemeente - het die nuutgekose kerkraad hierna hulle eerste vergadering gehou.

Met die instituering van hierdie eerste NGSK gemeente in Basotholand is die NGSK amptelik en kerkordelik oorgeplant. As kerk het hy bygekom en naas ander kerke (bv Kereke ea Lesotho) tot stand gekom. Vir die ander was dit 'n probleem. Vir homself die triomf van die Evangelie.

Eerwaarde Albert Brutsch wat die Kereke ea Lesotho verteenwoordig het by die gemeentestigting op Van Rooyenshek in 1961, het in 1993 aan skrywer vertel dat hy nie goeie herinneringe het aan daardie dag nie. Volgens hom het die NGK gemaak asof Basotholand 'n land vol heidene is, sonder om enige erkenning te gee aan die Franse sendelinge en die Kereke ea Lesotho. Hy het ook daaraan herhinner dat die Kereke ea Lesotho 'n gemeente naby Van Rooyenshek gehad het wat baie jare voor die stigting van die NGKA gemeente al daar was (Brutch, onderhoud 1993).

Ná die stigting van die gemeente het die Ring van Bethulie betrokke gebly by die bediening in Basotholand. Volgens die verslag van ds. AJ du Plessis in 1962 aan die GSK het die Ring van Bethulie "besluit dat elke gemeente van die Ring twee ouderlinge of 'n evangelis op eie onkoste van tyd tot tyd sal stuur vir evangelisasieveldtogte wat deur ons (Kerk in Basotholand) gereël word." Die NGSK was dus aktief betrokke by die sendingaksie van die GSK.

'n Werkkring het nou 'n geïnstitueerde gemeente geword. Maar, die posisie met betrekking tot die oprigting van geboue en verkryging van eiendomsreg was steeds in die weegskaal. Die pas opgerigte kerkgebou by Ficksburg moes afgebreek word (Notule GSK 14 Maart 1961; 23 November 1961). Die gesindheid van die Franse Sendelinge was "twyfelagtig". Daarom is besluit om weer met die Britse Hoë Kommissaris amptelik in gesprek te tree ten einde die situasie bevredigend te bereidder (Notule GSK 14 Maart 1961). Hierdie gesprek het plaasgevind, maar ten spyte van die goeie gesindheid van die Kommissaris, het dit nie werklik 'n verandering te weeg gebring nie (Notule GSK 31 Julie 1961). Die Kommissaris kon steeds nie help nie, hoewel hy die saak met die betrokke kaptein opgeneem het. Dit het wel 'n positiewe gevolg gehad in die sin dat die NGK toestemming verkry het om by Mahuu 'n standplaas te kry en om 'n gebou op te rig (Notule GSK 31 Julie 1961). Op 21

April 1962 het die GSK weer 'n keer samesprekings met die Kommissaris gehad (Notule GSK 4 April 1962). Hier is bevestig dat kapteins alle gesag het. Die enigste weg is dat lidmate self vir persele moet vra (Notule GSK 13 Junie 1962). Te midde van hierdie probleme, en selfs teenstand, sou die werk tog vorder. Tewens, by die GSK van 31 Julie 1961 word besluit dat die naam van die kerk "Kereke ea Nchafatso e Lesotho (Ned Geref)" sal wees.

Gedurende die volgende paar jaar (1962-1963) is nog twee gemeentes in Basotholand gestig. In die geval van beide het die stigting uitgegaan van die NGSK Ring van Ladybrand. So is die gemeente Maseru in 1962 en Leribe in 1963 formeel gestig.

Eerwaarde JH Visser het van Ladybrand in **Maseru** en omgewing gewerk. Volgens sy verslae tussen 1958 en 1963 het dié bediening veral teenstand van die Roomse Kerk beleef (Visser: 1962; 1). Op Mahuu, waar evangelis Thlali gewoon het en 15 lidmate belydenis van geloof afgelê het op 26 November 1962, het weer twee ouderlinge van die Kereke ea Lesotho nie moeg geword om die werk in die wiele te probeer ry nie (Verslag JH Visser aan die SASK 1962). Hy beskryf ook hoe evangelis Motsamai in Julie 1961 in Maseru gaan woon het en hoe "verskillende vyande maar veral die Roomse Kerk hard probeer om ons evangelis weg te kry van Maseru. Gelukkig het die gebiedskaptein beveel dat ons nie lastig geval mag word nie en dat ons mag voortgaan met ons werk" (Visser: 1962; 1).

Die bediening by klinieke het hier 'n groot rol gespeel. Dr. Middelberg van Pretoria het van 1 September 1960 voltyds klinieke op die grens van Basotholand georganiseer en beman. Dit was meestal Basotho's wat hierdie klinieke besoek het. Die sendeling en evangeliste het dan tydens die kliniek ure mense bedien. Hierdie bediening het so goed gewerk dat 'n mobiele kliniek vir Basotholand beplan en later deur die GSK goedgekeur is. Maar as gevolg van "die doelbewuste vertraging van dr. Middelberg se registrasie deur die Britse owerheid in Maseru, verval die idee ... en dr. Middelberg vertrek weer aan die begin van 1962" (Visser: verslag aan die GSK in 1963: 1).

Hierna is daar meer klem gelê op evangeliesasieveldtogte. Dit was baie suksesvol en het onder andere uitgeloop op die plasing (Visser verslag aan die GSK 1963:1) van evangelis Mokhotu by Ha-Khoeli in die berge waar daar 'n groot behoefte was aan 'n voltydse werker. 'n Maand later, op 4 Februarie 1963, begin onderwyser Matata met 'n skooltjie op Ha-Khoeli. Dié stat is ver buite Maseru geleë.

Teen hierdie agtergrond word die gemeente van Maseru twee maande later, op 21 April 1962 onder leiding van die Ring van Ladybrand gestig met 65 lidmate en 8 kerkraadslede (Visser: verslag aan die GSK in 1963:1, Agenda Sinode NGSK 22 Oktober 1963:404).

In die geval van **Leribe** het eerwaarde JPJ Zeeman en sy voorganger eerwaarde IC Potgieter van Ficksburg reeds voor 1959 NG Sendingkerk

lidmate oorkant die Caledonrivier in Basotholand bedien. Hierdie lidmate moes egter die sakramente in die Sendingkerk op Ficksburg ontvang. Eerwaarde CT Smith wat in Junie 1959 as eerste sendeling vir Leribe omgewing bevestig is, het dus nie nodig gehad om van voor af te begin nie. Hy kon dadelik begin deur die bediening van hierdie lidmate woonagtig in Leribe by eerwaarde Zeeman oor te neem. Daar was ook ouderlinge en diakens wat hom van meet af aan kon help. In April 1960 neem eerwaarde Smith 'n beroep na 'n ander gemeente aan. Ds. OJ van der Walt neem in Desember 1960 hierdie bediening oor. Hy vermeld in 'n verslag aan die GSK in 1963 ook die teenstand wat hulle beleef het: "Vroeg in Februarie 1961 word 'n klein kerkgeboutjie van sink ingewy... Ongelukkig moes dit binne 'n maand na inwyding afgebreek word. Die rede vir die afbreek van die kerkie is die volgende: Alleenlik was 'n saaltjie vir gebed toegelaat, dog is die geboutjie verkeerdelik deur die NGK as kerkgebou ingewy en in gebruik geneem. Dit was volgens die owerhede (plaaslike kaptein) onwettig om die geboutjie as kerkgebou te beskou, en moes dit afgebreek word..."

Die werk in Leribe het dus met hartseer en teenstand begin. Reeds in April 1962 het die GSK die stigting van 'n derde gemeente bespreek en gunstig hieroor geoordeel (Notule GSK 4 April 1962). Ten spyte van die plaaslike kaptein se teenstand is die gemeente van Leribe op 2 Februarie 1963 gestig met ongeveer 100 lidmate (OJ van der Walt: 1963; 1-2). Die NGSK se Ring van Ladybrand was weereens behulpsaam met die stigting van Leribe gemeente (NGSK notule 22 Oktober 1963:404). Ds. J Potgieter van die Sendingkerk op Ladybrand het as lid van die Ringskommissie die stigtingsrede gehou (Van der Walt: 20 Julie 2000). Kort hierna word ds. OJ van der Walt beroep as die eerste leraar van Leribe gemeente (SSK verslag aan NGKA OVS 1963).

Die stigting van gemeentes in Basotholand was van deurslaggewende betekenis vir die sendingonderneming van die NGK (OVS) en die NGSK (OVS). Dit was 'n besondere vrug op die arbeid. In Basotholand is 'n nuwe kerk, die NGSK, inderdaad nou gevestig. En, nuwe lidmate is tot die gemeentes toegevoeg.

12. Beleidsrigting vir die werk in Basotholand en 'n Sendingbeleid

Tydens 'n GSK vergadering in April 1962 word die kerkregtelike posisie van die sendeling in die nuut gestigte gemeentes van Basotholand bespreek (Notule GSK 4 April 1962:3). Ds. van der Walt van Ficksburg en sendeling van Basotholand, het die probleem aan die vergadering verduidelik. Aan die een kant was die sendeling medeleraar van die NGSK gemeente van die grensdorp waar hy woon en aan die ander kant sendeling van Basotholand. Hierdie dubbelslagtige rol van die sendeling het probleme geskep. Ds. OJ van der Walt het gemeen "die sendeling gesag moet kan dra en moet beskou word as die leraar van Basotholand". Ds. DS Snyman, Sendingsekretaris van die

NGK OVS, was van mening dat die sendeling die heidene moes bearbei en nie gekoppel word aan die jong gemeente nie. Volgens Snyman moes die sendeling egter wel “adviserend wees by kerkraad, ring en sinode” (Notule GSK 4 April 1962:3). Die vergadering het Snyman se standpunt gesteun. Daar word tydens hierdie vergadering ‘n kommissie benoem om die saak uit te klaar. Die kommissie was: Di. DS Snyman, OJ van der Walt, JP Jacobs, PSZ Coetzee en BJ Odendaal (Notule GSK 4 April 1962:3).

By die volgende GSK vergadering in Junie 1962 ondervang ds. DS Snyman die standpunte en debat van die vorige vergadering in ‘n Beleidsrigting vir die werk in Basotholand. Hierdie dokument is ook opgestel met die doel om die agterdog en vyandskap teen die apartheidsbeleid in Basotholand hok te slaan (Notule GSK 13 Junie 1962). **Die Beleidsrigting** word deur die vergadering aanvaar (Notule 13 Junie 1962:3). Die vergadering besluit verder dat ds. Snyman met die NG gemeentes in Ladybrand, Ficksburg en Wepener sal onderhandel sodat hulle demissie sal gee aan die sendelinge om as medeleraars van die nuwe gemeentes in Basotholand beroep te kan word (Notule GSK 13 Junie 1962:3).

Die Beleidsrigting vir die inheemse kerk in Basotholand is derhalwe ‘n belangrike dokument ten opsigte van die gesamentlike werk in Basotholand. Dit begin met die NGK in die Vrystaat se 1865 besluit dat elke gemeente verantwoordelikheid aanvaar vir die sendingwerk binne die gemeentegrense. Die dokument wys daarop dat die sendelinge van die vroegste tye af die beleid gevolg het om “...die inboorlingleraars op die voorgrond te laat tree...” en aan hom raad en leiding te gee soos ‘n vader aan sy kind. Hierdie benadering het dan tot gevolg: eerstens, die spoedige selfstandigwording van die inheemse kerk en tweedens, verhoed dit die oorheersing van die witman/ sending. Die dokument meld dan die unieke aard van die sendingwerk in Basotholand wat deur ‘n GSK gedoen word. Dit beveel aan dat die GSK die jong kerk in Basotholand uit die staanspoor sal aanspoor tot selfstandigwording deur:

- lidmate wat tot geloof kom as lidmate te laat getuig teenoor ander;
- die nuwe gemeente van die begin af toe te laat om volledig en selfstandig kerk te wees;
- inheemse leiers te skool en geleentheid te gee om leiding te neem
- en sendelinge moet doelbewus terugstaan om dit te laat gebeur.

Hierna word die kerkregtelike posisie van die sendeling in behandeling te geneem

- “Die huidige posisie is dat die sendeling medeleraar is van die Sendinggemeentes Ficksburg, Ladybrand en Wepener.
- Die oomblik as ‘n gemeente in Basotholand gestig word, voorsien ons sal die sendeling medeleraar van daardie gemeente word. Dog met duidelike verstandhouding dat hulle bogenoemde beleid onderskrywe en sal uitvoer.
- Ons voorsien dat daar DV voor die einde van die jaar drie gemeentes in Basotholand sal wees. Hulle sal voorlopig deel vorm van die Ring

van Ladybrand en die Ring van Bethulie, ten einde die nodige kerklike verband te bly behou.

- Sodra daar genoeg gemeentes gestig word binne die grense van Basotholand sal dit gerade wees om die Ring van Basotholand tot stand te laat kom.
- Brei die kerk verder uit dan word voorsien dat 'n streeksinode ... gevorm sal word..." (GSK Lêer. 1952-1968).

Volgens hierdie dokumente moet sendelinge medeleraars van die gemeentes in Basotholand word. Hierteen is geen beswaar nie. By die volgende GSK vergadering word besluit dat gemeentes in Basotholand 'n groslys sal vorm vir die beroep van 'n sendeling, en dat die GSK dan sal beroep (GSK 25 September 1962). Eintlik word 'n sendeling in Basotholand geplaas en nie beroep nie (GSK 12 Maart 1963).

In dieselfde tyd, Junie 1962, tydens 'n GSK vergadering word aangedui dat "... die mense in Basotholand bang is dat die Apartheidsbeleid ook op hulle afgeforseer sal word" (Notule 13 Junie 1962:1). Die vergadering besluit dat ds. Snyman 'n beleid sal opstel wat aan hulle voorgelê kan word (GSK 13 Junie 1962:1). Hierdie sendingbeleid is 12 Maart 1963 aan die GSK voorgehou en goedgekeur (GSK 12 Maart 1963:2 ev). Dit word hieronder volledig weergegee.

"DIE SENDINGBELEID VAN DIE NED. Geref. KERK IN DIE OVS

1. Belydenis en grondslag: Die NGK OVS grondves hom op die Heilige Skrif, die Woord van God. Die leer wat hy in ooreenstemming met hierdie Woord bely is vervat in sy belydenisskrifte, die Formuliere van Enigheid, te wete: Die Nederlandse Geloofbelydenis, Die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leereëls, wat aangeneem is deur die die Sinode van die Gereformeerde Kerke, gehou te Dordrecht in die jare 1618 en 1619.
2. Doelstelling: In gehoorsaamheid aan die bevel van Christus, Matt 28, aanvaar die NGK OVS dit as sy dure roeping om die uitbreiding van die Ryk van die Verlosser te bevorder ook deur sendingwerk onder die heidene en nie-Christene binne-sowel as buitelands.
3. Kerkplanting: Waar die sendingaksie tot gevolg het dat God mense tot geloof bring uit die heidendom, word die gelowiges saam vergader in selfstandige gemeentes; die gemeentes later saamgroepeer in ringe en die ringe later weer saam gegroepeer in 'n Sinode. Die bestuursliggame van die Kerk is dan ook die Kerkraad, Ring en Sinode.
4. Inheemse Kerk: Dit is die beleid van NGK OVS om hom doelbewus daarvoor te beywer vir die vorming van selfstandige inheemse kerke,

wat op hulle beurt weer die draers sal wees van die Evangelie na die plekke waartoe die Heilige Gees mag stuur.

5. Verband tussen die NGK OVS en die inheemse kerk wat tot stand kom: Daar bestaan 'n diepliggende geestelike verband tussen genoemde inheemse kerke, sodat wedersydse samewerking, bemoediging en ondersteuning praktyk sal wees ter bevordering van die Koninkryk van God en die verheerliking van sy naam.
6. Die verhouding van die Christelike Kerke onderling tot mekaar: Die verhouding van verskillende kerke onderling word bepaal deur die feit dat die Kerk die liggaam van Christus is. Die kerk is groepeer na sy wese, om die Woord suiwer te verkondig, die sakramente te bedien en die tug te handhaaf. As sodanig is daar 'n band van eenheid tussen die Christelike kerke, omdat dit uit een Heer is, een geloof en een doop."

In watter mate die sendelinge en werkers in Basotholand hulle by hierdie beleidsrigting en beleid gehou het sal in die volgende hoofstuk beoordeel word.

13. Samevatting

Hierbo is 'n merkwaardige verhaal uit primêre dokumente blootgelê en oortel. Die verhaal van 'n sendingaksie, onderneem deur die NGK en NGSK OVS in Basotholand, waar 'n erkende susterkerk, die Kereke ea Lesotho vir meer as 120 jaar reeds die Evangelie verkondig het en 'n inheemse gereformeerde en presbiteriaanse kerk opgekom het. Die verhaal het begin in die laat veertiger jare toe die twee kerke 'n tradisionele verstandhouding in 'n formele ooreenkoms probeer giet het. Die ooreenkoms moes reël dat die lidmate van die Kereke ea Lesotho wat in die Vrystaatse Goudveld as trekarbeiders 'n heenkome kom soek het, deur die NGSK bedien moes word. Natuurlik met die veronderstelling dat die Kereke ea Lesotho kerklike tuiste sou wees vir NGSK lidmate wat in Basotholand gewoon het. Dit het egter nie gerealiseer nie, met die gevolg dat beide kerke in die onderskeie geografiese gebiede 'n bediening gevestig het en kerke oorgeplant het. In hulle verhouding het die klem teen die einde van die vyfde dekade na onderlinge erkenning en samewerking verskuif. Dit is selfs in gesamentlike kommissies tot uitdrukking gebring. Net toe dit lyk of hiermee 'n nuwe kerkhistoriese ontwikkeling hom aangekondig het, het hierdie samewerking in die niet verdwyn. Die redes hiervoor lê ook in die vergeetelheid verborge.

Die verhaal bring ook aan die lig hoedat die sendingaksie sy oorsprong in die sinodale kommissies en strukture van die sendende kerke gehad het. Vanuit hierdie presbiteriaanse oortuiging en werkswyse is dit gekoördineer totdat dit uiteindelik uitgeloop het op die instituering van selfstandige gemeentes in

Basotholand. Daarmee is die NGSK oorgeplant. In die volgende hoofstuk kom die stigting van 'n kerkverband aan die orde.

Hoofstuk 3

KERKLIKE SKAKELIGGAME NEEM DIE RING VAN BASOTHO LAND (LESOTHO) AAN DIE HAND 1963-1970

Inleiding

In die vorige hoofstuk het die pakkende verhaal van hoe dit gekom het dat die NGK in die vyftiger jare met sendingwerk in Basotholand – tradisioneel die arbeidsgebied van die Kereke ea Lesotho – begin het, hom ontvou. Dit was 'n inisiatief wat vanuit die NGK/NGSK OVS na vore gekom het. Kerkordelik kan dit gevolglik as 'n presbiteriaanse sendingonderneming getipeer word, omdat dit vanuit die kerklike vergaderinge (presbiteriaans) en kerkverband georganiseer is. Vroeg in die jare sestig het dit gelei tot die instuering van die NGSK gemeentes in Basotholand. Mafeteng regoor Wepener in 1961; Maseru regoor Ladybrand in 1962; en Leribe regoor Ficksburg in 1963. Op 16 Februarie 1963 word die eerste swart leraar, ds. WSM Makheta, vir die NGSK in Basotholand te Mafeteng gemeente bevestig (Verslag aan GSK 28 Februarie 1963). Soos wat die lidmate bedien is, is daar onder die besef gekom dat daar groot geestelike en fisiese nood onder baie ander Basotho's is. Die werk het uitgebrei, werkers het vermeerder en infrastruktuur is geskep.

In die kerkregtelike benadering van die NGK/NGSK waarin die kerkvergaderings en kerkverband van deurslaggewende belang is, sou dit net 'n kwessie van tyd wees voordat hierdie gemeentes deur die Sinode van die NGSK in 'n eie Ringsverband gestel sou word. In die onderhawige hoofstuk word die konstituering van die Ring van Basotholand in 1963 gevolglik beskrywe. Daarmee is die vrae van eerwaarde CT Smith oor die kerkregtelike pad vorentoe eksplisiet geantwoord. In ooreenstemming met die doel van hierdie navorsing word ook van nou af gekonsentreer op die werksaamhede van die Ring van Basotholand. Dit word hier nagegaan tot 1970, toe 'n verdere ontwikkeling hom aangekondig het.

1. Die konstituering van die Ring van Basotholand: 1963

By die sewentiende Sinode van die NGKA¹ OVS op 15 Oktober 1963 word 'n beskrywingspunt van die Ring van Bethulie besluit van dié Sinode: "Die H.E. Sinode besluit om die gemeentes in Basotholand in 'n afsonderlike Ring te sorteer vanweë die homogeniteit van daardie gemeentes" (Handelinge Sinode NGKA 1963:10). Ds. OJ van der Walt, sendelingleraar vir Leribe, was vir hierdie beskrywingspunt verantwoordelik (onderhoud 10 Julie 2000). Sy bedoeling hiermee was om die sendelinge en evangeliste werksaam in Basotholand gereeld bymekaar te laat kom en as span te laat saamwerk. Hierdie oorweging is goed verstaanbaar in die lig daarvan dat die gemeentes in Basotholand in verskillende Ringe tereg gekom het. Leribe en Maseru was deel van die Ring van Ladybrand en Mafeteng deel van die Ring van Bethulie.

Die Sinode het die saak gunstig oorweeg. Die groepering van die drie gemeentes in Basotholand in 'n eie ringsverband is goedgekeur (Handelinge Sinode NGKA OVS 1963:10). Kerkhistories is hiermee gevolg gegee aan 'n verdere ontwikkeling in die Basotholandse sendingonderneming van die NGK/NGKA. Dit het immers die implikasie gehad dat daar in Basotholand nou ook 'n amptelike kerkvergadering naas die gemeentelike strukture tot stand gekom het. Kerkregtelik het dit die implikasie meegebring dat die sendingwerk van twee Kerke uit die OVS 'n breëre institusionele kant bekom het.

Die besluit van die Sinode het, met ander woorde, die kerkregtelike instituering en konstituering van 'n Ring in Basotholand moontlik gemaak. Die kerklike kommissies (SASK NGK OVS, SSK NGKA en GSK) wat by die sending en kerkplantonderneming in Basotholand betrokke was, was ook nie teen hierdie ontwikkeling gekant nie en sou in die toekoms met die nuwe Ring saamwerk.

¹ Die NG Sendingkerk het reeds tydens die Streeksinode van 1963 na homself as die NGKA verwys, alhoewel hy eers vier jaar later in 1967, amptelik as die NGKA sou konstitueer. Die rede hiervoor is dat die eerste Algemene Sinode van die NGKA op 7 Mei 1963 in Kroonstad plaasgevind het (Odendaal 1974:13). Dit het beteken dat die Sendingkerk in die Vrystaat se naam sou verander na NGKA OVS (Odendaal 1974:13). In die vervolg word die afkorting NGKA dus gebruik.

Op grond van hierdie besluit kon die gemeentes Maseru, Mafeteng en Leribe nou as 'n Ring saamkom. Dit het meebring dat hulle uit twee ander Ringe getree het, en nou toetree het tot 'n nuwe Ring, wat die uitdrukking van hulle kerkverband sou wees. Ds. SJM Pitikoe en evangelis JL Tlali van Maseru, ds. AJ du Plessis en ouderling MS Letuka van Mafeteng en evangelis S Mothopeletsi van Leribe het as afgevaardigdes van die drie gemeentes bymekaar gekom om die Ring van Basotholand te konstitueer (Wette en Verordeninge Artikels 72,73:42). Ds. OJ van der Walt was ook by as sendeling van Leribe, hoewel hy na regte afgevaardigde van die NGKA gemeente Ficksburg by die Sinode was (Handelinge Sinode NGKA OVS 1963:297). Hierdie handjie vol bedienaars van die Woord en ouderlinge het dus saamgekom en die Ring van Basotholand gevorm. Dit was nog 'n geskiedkundige gebeure in die sendingonderneming wat maar skaars ses jaar aan die gang was. Die datum van hierdie gebeurtenis moet dus aangeteken word: 15 Oktober 1963. Hiermee het die NGKA OVS nóg 'n Ring bygekry. Dit was egter nie binne die geografiese grense van die Sinode nie. Merkwaardig!


By sy eerste vergadering moes die Ring van Basotholand volgens die Wette en Verordeninge verteenwoordigers vir die Algemene Sinodale Kommissie aanwys (Wette en Verordeninge NGSK 1963:52). Ds. SJM Pitikoe en ouderling MS Letuka word as primarius lede hiervoor benoem. Ds. WSM Makhetha en evangelis I Tlali is as secundus lede aangewys (Handelinge Sinode NGKA OVS 1963:322). Hierbenewens is die datum van die volgende ringsitting bepaal. En daarmee was dit afgelopen.

Reg uit die staanspoor was dit kommissies wat vanuit die sinodale kerkverband sendingwerk in Basotholand geïniseer en georganiseer het. Uiteindelik het die gemeentes in Basotholand ook nie in 'n onderlinge aandrang mekaar in 'n kerkverband opgesoek nie. Die kerkverband in die gestalte van 'n ring, is deur die Sinode van die NGKA gelê. Die Ring van Basotholand sou egter 'n belangrike rol in die uitbou van die gemeentes in die Bergkoninkryk, wat op die punt gestaan het om onafhanklik te word, speel.

2. Die taak van die Ring van Basotholand

Hoe sou die Ring homself organiseer en waarmee sou hy hom besig hou? Volgens die Wette en Verordeninge van die NGSK OVS (1963:42/3), was dit die plig van die Ring volgens artikel 75 om te sorg vir:

1. Die belange van die godsdiens in die algemeen.
2. Ondersoek na die staat van godsdiensarbeid in die verskillende gemeentes deur die kerklike ondersoek.
3. Verslag oor doop- en lidmaatregisters van die gemeentes.
4. Ondersoek en behandeling van besware omtrent die leer, die ampsbediening en wandel van kerklike ampsdraers.



5. Die behandeling van geskille tussen kerkrade en gemeentes.
6. Die beslissing oor sake wat in die eerste instansie by die kerkraad dien en in hoër beroep gebring word.
7. Die uitsprake van die sinode te gehoorsaam en uit te voer.
8. Beslissing van besware by die bevestiging van kerkraadslede.
9. Nuwe gemeentes te stig.
10. Grensafbakening tussen gemeentes te bepaal in sy ringsresort.
11. Die voorsiening in die diens by vakante gemeentes deur konsulente te benoem.
12. Die kerklike wette en verordeninge in die ringsresort te handhaaf en die goeie orde in die kerk te bewaar of te herstel.
13. Die bevordering van godsdiens- en sekulêre onderwys.
14. Die toesig oor die verkiesing van kerkraadslede in nuutgestigte gemeentes.
15. Die korrespondensie oor sake wat die ring aangaan.
16. Die behandeling van beskrywingspunte van bedienaars van die Woord en kerkrade en die versoekskrifte van lidmate, op voorwaarde dat dit minstens drie weke voor die ringsitting in die hande van die ringskriba is.
17. Die aanvulling van vakatures in die algemene sinodale kommissie.
18. Die verlening van verlof tot rektifikasie in die doop- en lidmaatregisters van die gemeentes.
19. Die bevordering van Diens van Barmhartigheid.
20. Die benoeming van kommissie (Wette en Verordeninge NGSK OVS 1963:42 ev).

Die taak van die nuutgevormde Ring was duidelik uitgestippel in die geldende Wette en Verordeninge. Dit was 'n hele opgaaf, met die bedoeling om die bediening van die Woord in die plaaslike gemeente te beskerm. Die pligte van die Ring is "met die oog op die gereelde uitvoering van die kerkregering", gestipuleer (Wette en Verordeninge NGSK OVS 1963, Artikel 72:42). Hierbenewens moes die Ring egter ook daarmee rekening hou dat hy kerkregtelik in 'n verband met die GSK gestaan het. Die GSK sou 'n voortdurende en ondersteunende rol in die bestaan van die Ring van Basotholand speel. Met hierdie kommissie is die Ring dus verbind met die sinodale sendingkommissies van die NGKA en die NGK OVS. In hierdie verband het die aanvaarde dokumente oor 'n **Beleidsrigting vir die sendingwerk in Basotholand** sowel as die aanvaarde **Sendingbeleid van die NGK OVS** steeds sy stempel afgedruk. Binne hierdie parameters moes die Ring van Basotholand nou sy weg vind.

Ondertussen het die GSK vir die werk in Basotholand voortgegaan om beroepe uit te bring op sendelinge vir die gemeentes Maseru en Leribe. Die gemeentes het groslyste uitgestuur wat deur die GSK aangevul kon word (Notule GSK 1 November 1963, 6 Desember 1963, 4 Februarie 1963). Op hierdie wyse het ds. OJ van der Walt die beroep na Leribe aanvaar en medeleraar van die gemeente aldaar geword. Hy sou dus wettiglik na die

vergaderinge van die Ring afgevaardig kon word (GSK 1 November 1963). Juis by die vergadering van 1 November 1963 neem die GSK kennis daarvan dat die Ring van Basotholand 'n klag wat teen evangelis KS Motsamai ingedien is, in behandeling sou neem (Notule GSK 1 November 1963). Maar toe het die Ring van Basotholand alreeds in 'n eerste vergadering in Basotholand byeengekom.

3. Die eerste vergadering van die Ring in Basotholand: 1963-1964

Volgens die notule boek van die Ring van Basotholand het die eerste Ringsvergadering op 25 Oktober 1963 plaasgevind - tien dae na dié 1963 Sinode. Op die tafel het die **Wette en Verordeninge vir die bestuur van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Oranje Vrystaat** by die artikels wat die gang van sake op 'n ringsvergadering bepaal het, oopgelê. Daarvolgens is ds. WSM Makhetha van Mafeteng as die eerste voorsitter van die Ring verkies. Evangelis SM Mothopeletsi van Leribe moet die pen as skriba opneem. Daar word ook onmiddelik 'n Ringskommissie aangewys: Ds. WSM Makheta, ds. SJM Pitikoe en evangelis SM Mothopeletsi. Die secundes lede is: evangelis I Tlali en ouderling MS Letuka. Die enigste ander kommissie wat aangewys word is die Kommissie van Rationarii: evangelis SM Mothopeletsi en ds. OJ van der Walt. Hierdie Kommissie was verantwoordelik om afskrifte van doop en lidmaatregisters en die finansiële boeke en state van gemeentes na te gaan (Wette en Verordeninge NGSK 1963:Artikel 86:46). Ten slotte word daar ook kennis gegee dat 'n spesiale ringsitting op 3 en 4 Februarie 1964 op Mafeteng sou plaasvind. Die Ring was besig om sy weg te vind. Maar, om mee te begin, moes hy 'n lastige tugsak hanteer.

Toe die Ring van Basotholand vir sy spesiale vergadering in die gemeente Mafeteng op 3 Februarie 1964 saamkom, moes hy 'n brief, afkomstig van die sendingleraar van Herschel, ds WJ Pieterse, in behandeling neem. Daarin word evangelis Motsamai aangekla dat hy, toe hy nog in Herschel was, owerspel met drie vroue gepleeg het (Notule Ring van Basotholand 3 Februarie 1964). Op daardie stadium was evangelis Motsamai reeds tydelik geskors deur die Ringskommissie van Ladybrand (NGKA). Hy moes toe ook die huis wat hy op sy grond in Maseru opgerig het, so is bevind, weer afbreek. Die boumateriaal het immers aan die NGKA Ladybrand behoort (Verslag Werksaamhede Basotholand 1963-64, Ds OJ van der Walt, GSK Lêer).

Uit die Ringskriba se verslag aan die Ring by sy gewone sitting in Maart 1964 blyk dit dat evangelis Motsamai weens 'n gebrek aan bevredigende bewyse egter nie skuldig of onskuldig bevind kon word nie. Dit laat die Ring met 'n onopgeloste probleem (Ringskriba verslag: 21 Maart 1964). Uiteraard het die Ring die Algemene Bepalinge sowel as dié vir die Ring met betrekking tot die kerklike opsig en tug noukeurig toegepas en die saak deeglik oorweeg (vgl.

Wette en Verordeninge 1963:75ev). Die Ring kon egter nie genoegsame gronde vind om die skorsing te handhaaf nie. Gevolglik is evangelis Motsamai in sy amp herstel. Hy kon dus in Maseru voortgaan (Verslag Werksaamhede Basotholand Februarie 1965 Ds OJ van der Walt, GSK Lêer). Die tugsaaak het in die gemeente spanning gebring. Op eie versoek is hy later in 1965 oorgeplaas na Mokhelesgate (Verslag van die gemeentes Maseru en Mohaleshoek Augustus 1965, GSK Lêer).

Vir sy gewone jaarlikse vergadering het die Ring oor die naweek van 21-23 Maart 1964 by Mahuu bymekaar gekom (Notule Ring van Basotholand 21 Maart 1964). Van die sendelinge van die NGK/NGKA was ds van der Walt, as leraar van Leribe teenwoordig. Volgens die geloofsbriewe was Leribe ook verteenwoordig deur evangelis SM Mothopeletsi, Maseru deur J Kolane en Mafeteng deur ds. WSM Makhetha en ouderling MS Letuka. Die vergadering het dus uit vyf lede bestaan. Hierdie Ringsitting is geopen met 'n preek uit Lukas 15: 11-24, wat handel oor die gelykenis van die verlore seun. Op die keper beskou is die vorm van die vergadering geknip op die geykte en aanvaarde patroon van die NGKA. Voor die vergadering het 'n aantal verslae gedien. In hierdie verband het die Ringsvoorsitter, Skriba, Ringskommissie en die Kommissie vir Opvoeding en Onderwys en Arbeid aan die Jeug, aan die woord gekom. Die verslae is almal volgens die notule sonder veel bespreking goedgekeur. Hierbenewens is die gebruiklike kommissies ook aangewys: die Ringskommissie; Kommissie van Rationarii; Kommissie vir Opvoeding en Onderwys en Arbeid aan die Jeug en verteenwoordigers vir die Sinodale Kommissie (NGKA). Verder reël die Ring die konsulentkappe en wys nog 'n Kommissie vir Kore aan. Heel laaste benoem hy sy verteenwoordiger op die GSK (Notule Ring van Basotholand, 22 Maart 1964). Die Sondag is daar 'n konferensie met die gemeente gehou oor Evangelisasie. Na die konferensie het die Ring saam met die gemeente op Mahuu nagmaal gevier.

In 'n kort tydsverloop van enkele maande het die Ring dus drie keer vergader. Daarmee is bevestig dat hierdie kerkvergaderinge noodsaaklik was. Uit die oogpunt van die gemeentes in Basotholand was hulle nou saamgebind in 'n eie ringsverband. Kerkregtelik en ekklesiologies is daarmee bepaalde statuut aan die sendingonderneming gegee. Uit die oogpunt van die sendende kerk was hulle onderneming hiermee bekroon. Die GSK sou nou nie meer net met individuele sendelinge en gemeentes skakel nie, maar ook met 'n amptelike kerkvergadering.

4. Die verband tussen die Ring van Basotholand en die GSK

Kerkregtelik het die gemeentes Leribe, Maseru en Mafeteng onder die Ring van Basotholand gesorteer. 'n Saak wat nie uit die oog verloor mag word nie, is die vraag na die aard van die verhouding tussen die Ring en die GSK. Uit

die staanspoor het die Ring sy verteenwoordiger op die GSK benoem. Op sy beurt het die GSK weer vir ds H le C Taute aangewys om hom op die Ring van Basotholand te verteenwoordig (Notule GSK 4 Februarie 1964). Daar was dus oor en weer verteenwoordiging.

Die GSK het inderdaad sy posisie as 'n belangrike rolspeler in die kerklike aangeleenthede in Basotholand bly behou. Al was daar nou 'n plaaslike Ring. Hy het immers jaarliks die begroting vir die bediening in Basotholand opgestel. Hierbenewens het die GSK die sendelinge vir Basotholand beroep (vgl Notules GSK 4 Februarie 1964, 12 Junie 1964, 12 Augustus 1965, 19 Oktober 1964). Die sendelinge, wat leraars was van die gemeentes in Basotholand, moes deurentyd ook aan hierdie Kommissie verslag doen oor die stand van sake. Maar, die Ring moes ook verslag lewer (Notule GSK 14 Junie 1964). Klaarblyklik het dit nog niemand opgeval dat hiermee 'n erkende gereformeerde uitgangspunt in die gedrang gekom het nie. Hoewel die bedoeling agter hierdie reëlings waarskynlik was om effektiewe kerklike bestuur en kontrole toe te pas, is die praktyk dat 'n amptelike kerkvergadering verslag verskuldig is aan 'n kommissie in beginsel 'n aanduiding van 'n bepaalde hiërargie of die bevraagtekening van die mondigheid van die kerkvergadering.

In die praktyk is die vergaderings van die GSK ook deur die sendelinge bygewoon. By hierdie geleentheid het hulle verslag gedoen, maar ook probleme aan die orde gestel. Uit die notules van die GSK blyk dit dat hy een keer per jaar by Ladybrand vergader het by welke geleentheid 'n sterk afvaardiging uit Basotholand teenwoordig was. So was ouderling M Letuka en di. LA Kheleli, WSM Makheta en OJ van der Walt lede van die vergadering van die GSK op 12 Junie 1964 (Notule GSK 12 Junie 1964). By hierdie geleentheid is lank gepraat oor die lastige situasie rakende woon- en bouregte, wat afhanklik was van die goedkeuring van die betrokke kapteins. Oor hierdie aangeleentheid is dikwels amptelik met die Kantoor van die Britse Hoë Kommissaris gekorrespondeer. Daar was, so het hy volgehou, nie 'n ander manier om hierdie regte te bekom nie. Lidmate in Basotholand sou hierdie saak self moes hanteer. Daarom word die kwessie van 'n skoolgebou by evangelis Matata deur die GSK na die Ring van Basotholand verwys (Notule GSK 12 Junie 1964).

'n Tweede saak wat die GSK indringend bespreek het, was die versoek van 'n groep Anglikaanse lidmate en hulle leraar om by die NGK aan te sluit. Hulle het almal in die omgewing van Malea-Lea gewoon. Vir die werkkragte in Basotholand was dit voor die hand liggend om die groep te ontvang. Die GSK was egter huiwerig. Daarom word dit ook na die Ring van Basotholand verwys (Notule GSK 12 Junie 1964).

By sy vergadering van 19 Oktober 1964 moes die GSK weer 'n beroep op 'n sendeling as medeleraar van Maseru uitbring. Die groslys van die kerkraad van Maseru word ontvang en op die gebruikelike wyse aangevul. Die beroep val

uiteidelik op ds JA Visser (Notule GSK 19 Oktober 1964). Omdat daar 'n te kort op die begroting begin ontwikkel, is dit 'n vraag of die sendelingpos vir Mafeteng gevul moes word (Notule GSK 19 Oktober 1964).

Die Ring van Basotholand het dus uit die GSK sake ontvang wat hy moes behandel. Die groep Anglikaanse lidmate en hulle geestelike leier Seitlheko is plaaslik deur die betrokke kerkraad en ds van der Walt hanteer. Hulle is almal in die boesem van die gemeente ontvang, nadat hulle te kenne gegee het dat hulle dit met die gereformeerde belydenis eens is (Verslag aan GSK ds OJ van der Walt 1965 GSK Lêer). Tog was daar 'n probleem tussen Seitlheko en die lidmate by Malea-Lea. Laasgenoemde beroep hulle op die Ring. Dit het meegebring dat 'n spesiale Ringsitting, saamgeroep deur die Ringskommissie op 1 Desember 1964 in Maseru plaasgevind het. Dit blyk dat die lidmate van die Anglikaanse Kerk hom wou verhinder om as evangelis van die NGKA op Malea-Lea sy bediening voort te sit. Die aard van die probleem tussen Seitlheko en die Anglikaanse lidmate is nie duidelik uit die notules nie.

In 1965 vind die Gewone Ringsitting vind plaas by Teyateyaneng oor die naweek van 12 en 13 Maart 1965. Die vergadering word geopen uit 1 Petrus 3:8-22. Vers 13 word beklemtoon: "En wie is dit wat julle kwaad sal aandoen as julle navolgers is van die goeie?" Uit die verslag van die Ringskommissie aan die vergadering blyk die volgende: Ds. JA Visser en ds. Kheleli is beide na Maseru beroep, bevestig en as lede van die Ring verklaar. Volgens die verslag het daar ook verandering ingetree by die wyse waarop 'n sendeling vir 'n sendinggemeente bevestig word. "Ds. Visser is deur die Ring van die Moederkerk van Ladybrand te Ladybrand bevestig vir die gemeente van Maseru" (Ringsvoorsitter verslag, Maart 1965). Ds. Visser word tydens hierdie ringsitting, sy eerste in Basotholand, as voorsitter verkies (Ringsnotule, Maart 1965). Die Ring verloor ook 'n leraar in die tyd. Ds. WSM Makhetha verlaat Mafeteng in Basotholand in Februarie 1965. Hy het 'n beroep aanvaar na 'n gemeente in Transvaal.

5. 'n Nuwe Politieke bestel: Lesotho kondig hom aan: 1965

As 'n jaar van politieke beslissing het 1965 vir Basotholand aangebreek. In hierdie jaar moes opponerende partye by die stembus dit uitmaak wie Basotholand tot 'n vrye en onafhanklike Lesotho moes lei. Dit was vir die tradisionele leierskap en kapteinskultuur 'n krisis. Die Hoofmanne was al minder beskou as die ruggraat van die gemeenskap. Politieke mag het met verloop van tyd begin oorgaan in die hande van gewone maar geskoolde mense. Partypolitiek het 'n groter rol begin speel. Reeds in 1925 stig Ntsu Mokhehle die 'Basutholand African Congress' (BAC) wat later herdoop word na die 'Basutholand Congress Party' (BCP). Dié party het sy belange opgebou rondom 'n slagspreuk: "self-government NOW!" (Gill 1993:133). Die BCP

was gesteun deur die nuusblad Mohlabani. Die BCP se grootste opposisie was die Basutholand National Party (BNP). Die stryd in Basotholand vir selfregering was aangeblaas deur politieke gebeure in Suid-Afrika waar die African National Congress (ANC) 'n stryd gevoer het teen blanke oorheersing en die Apartheidsbeleid. Die BCP in Basotholand het sterk bande gehad met die ANC (Gill 1993:135). Die geskoolde leierskap wat in Basotholand na vore gekom het was bowendien grootliks 'n produk van die Kereke ea Lesotho se werk (1993:1135).

Gevolgtik het baie lidmate van die Kereke ea Lesotho hulle politieke tuisgevoel by die BCP. In die 1965 verkiesing tree die BNP met 31 setels as oorwinnaar uit die stryd teenoor die BCP se 25 setels (Gill 1993:139). Die BNP was ondersteun deur: "... minor chiefs, the network of Catholic parishes, schools and outstations and financial assistance from South Africa and West Germany..." (Gill 1993:140). Die BNP party lei Lesotho na onafhanklikheid op 4 Oktober 1966 (Gill 1993:140).

Hierdie ingrypende politieke ontwikkeling het die NGKA gemeentes in Lesotho sowel as die kommissies van die sendende kerke geraak. Die GSK was baie bewus van die politieke verwickelinge in Basotholand. Dit was ook hoofnuus dat die Suid-Afrikaanse regering hulp in die vorm van koring en mielies aan Basotholand verleen het, veral omdat hierdie buurland in 1964 en 1965 deur 'n ernstige droogte geknel is (vgl Notule GSK 14 Junie 1965). Ds van der Walt het heelwat sakke mielies van hierdie noodleniging uitgedeel, hoewel hy tog agterdog by die Basotholandse hieroor teëgekome het (Notule GSK 14 Oktober 1965). Evangelis Tlali, wat ook kaptein was, kon hom nie van die brandende politieke kwessie in en van sy land losmaak nie (Verslag van die gemeente Maseru 1965 GSK lêer). Die Ringskommissie het dit nodig gevind om met hom hieroor in gesprek te tree sodat hy nie die bediening van die evangelie politieke sou kompromiteer nie (Verslag van die gemeentes Maseru en Mafeteng Augustus 1965, GSK Lêer). Hiebenewens was daar in die hoofstad Maseru ingrypende spanning besig om op te laai tussen lidmate vanweë politieke verskille. Dit het die eenheid en selfs voortbestaan van die gemeente bedreig (Verslag Ringskommissie 17 April 1966).

Uit die geraadpleegde bronne blyk dit dat die ander gemeentes in Basotholand sonder veel interne spanning deur die proses van 'n politieke verkiesing gekom het. Tewens, in die belangrike kerk- en kommissievergaderings van daardie jaar is nie veel aandag aan die onafhanklikheidwording geskenk nie. Selfs die problematiek in die gemeente van Maseru is nie openlik aangespreek nie.

6. Onderwys en nog 'n gemeente in Basotholand (Lesotho) oorheers die kerkvergaderings in 1965

Tydens die Spesiale ringsitting van Junie 1965 te Mafeteng, word 'n brief behandel van die lidmate op Malea-lea wat vra of hulle as gemeente kan afstig van Mafeteng. Die Ring gee ds. Khaleli en die Ringskommissie opdrag om die afstigting van Malea-lea te hanteer (Ringsnotule, Junie 1965). Malea-lea gemeente is later dié jaar, op 4 September 1965 gestig (Ringskommissie verslag, April 1966). Daniel Seithleko was dan ook die nuwe NGKA gemeente op Malea-lea se eerste bedienaar. Sy status is in April 1966 tydens 'n Gewone Ringsittig uitgeklaar: hy sou slegs as lekerwerker in die NGKA erken word (Ringsnotule 22 April 1966). Ook in hierdie geval - en dit verdien aantekening - is nie sondermeer aanvaar dat die Ring die afstigting van 'n nuwe gemeente alleen kon behartig nie. By die vergadering van die GSK in Oktober 1965 is hierdie moontlikheid eers te berde gebring.

Vir ds. JA Visser was dit 'n vraag of die GSK besware sou hê indien daar verdere gemeentes gestig word in Lesotho? Die sendelinge wou van die wyke wat ver van die hoofplek is, vermeld hy, laat afstig as nuwe gemeentes. Die GSK het geen besware nie mits dit aan die bepalinge van die Konstitusie voldoen (Notule GSK 14 Oktober 1965:4). **Die Konstitusie van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Oranje-Vrystaat** is dié dokument wat die Wette en Verordeninge van die NGSK (NGKA) bevat waarmee hy homself kon bestuur en die stigting van nuwe sendinggemeentes moontlik gemaak het. Dit is dan ook voor in die Wette en Verordeninge gevoeg. Bepaling 15 van die **Konstitusie** maak daarvoor voorsiening dat die stigting van nuwe sendinggemeentes "deur die betrokke Ring van die Sendingkerk ooreenkomstig die Wette en Verordeninge van die Sendingkerk en met goedkeuring van die betrokke Skakelliggaam gedoen word" (Wette en Verordeninge 1963:12). Hieraan is klaarblyklik voldoen. Daarom kon die Ring voortgaan met die stigting van nuwe gemeentes. Weereens spreek dit daarvan dat die Ring 'n bepaalde ondergeskikte posisie beklee het. Dit is egter so aanvaar. Maar, toe was die nuwe gemeente Malea-lea al reeds 'n werklikheid!

Daar was egter in Junie-maand nog 'n belangrike vergadering naamlik dié van die GSK. Hierdie keer het al die arbeiders in Basotholand op 14 Junie 1965 in die Gedenk Kinderhuis by Ladybrand bymekaar gekom om die GSK te ontmoet. Hier is sake van gemeenskaplike belang weer deurgepraat. Die GSK is byvoorbeeld oortuig dat kerkrade en die Ring van Basotholand evangeliste moet aanstel en kan verplaas. Ter selfdertyd keur die GSK 'n verslagvorm goed wat jaarliks deur die evangeliste voltooi moes word vir voorlegging ook aan die GSK (Notule GSK 14 Junie 1965). Hierbenewens word die Ring versoek om voortaan die verslae van gemeentes wat voor hom dien, deur te stuur aan die GSK (Notule GSK 14 Junie 1965). By hierdie vergadering was dit veral die sendelinge (di van der Walt en Visser) wat daarvoor gepleit het

dat die GSK 'n beleid moes formuleer met betrekking tot die uitbou van kerkskole, omdat dit so 'n deurslaggewende hulpmiddel is in die sending. Hierbenewens is Basotholand tradisioneel 'n land van kerkskole. Hierdie saak is lank gedebatteer, nie net omdat dit finansiële implikasies gehad het nie, maar ook omdat dit amptelike samewerking met die Basotholandse onderwysowerheid ingehou het. Op voorstel van ds W de W van Velden word die Ring van Basotholand gevra om 'n memorandum oor onderwys op te stel en voor te lê (Notule GSK 14 Junie 1965). Ds. van Velden het hiermee die belang van die Ring as 'n volwaardige en amptelike kerkvergadering in beskerming geneem. Daarmee het hy meer 'n gereformeerde aksent gelê. Die Ring sou dit egter nie hanteer nie. 'n Ad Hoc Kommissie vir Onderwys in Basotholand is gevorm deur die sendelinge en het in November 1965 reeds hulle bevindinge bespreek. Die deure het skielik in Basotholand begin oopgaan.

By die volgende GSK vergadering – dié keer in Bloemfontein – is di van der Walt en Visser terug met 'n **Memorandum oor Kerklike Onderwys in Basotholand**. Ds W de W van Velden wou weet of die Ring van Basotholand dit goedgekeur het. Die twee opstellers moes negatief antwoord. Kerkrade is wel geraadpleeg, omdat hulle die plaaslike liggame is wat in hierdie geval meer gewig dra as die Ring. Die Ring self het nie hierin gedeel nie. Die Memorandum is oorweeg maar na 'n Kommissie bestaande uit di DS Snyman, OJ van der Walt, JA Visser, JM Cronjé, JP Jacobs en dr BJ Odendaal verwys. Hiermee is die saak weer uit die hande van die Ring geneem.

By die vergadering van Maart 1966 is die drie sendelinge teenwoordig (ds DJ Hoffmann het ondertussen bygekome) en word die Onderwysverslag in behandeling geneem. Die volgende aanbevelings word die besluit van die GSK: Dat daar voortgegaan kan word met die stigting van skole; dat kerkrade voorlopig verantwoordelik sal wees vir die oprigting, onderhoud en beheer van hierdie skole; dat die gemeenskappe naby die skole gemobiliseer moet word om by te dra tot die onderhoud van skole, sonder dat hulle enige seggenskap in die beheerliggame sou hê; sal help met oprigting van skoolgeboue indien dit moontlik is en, laastens dat indien sulke geboue opgerig word, dit vervangbare geboue sal wees en dat dit op grond wat vir kerkdoeleindes verkry is, opgerig moet wees (Notule GSK 3 Maart 1966). Die besluite het kerklike betrokkenheid by onderwys bestendig en 'n belangrike nuwe dimensie van die sendingonderneming vergestalt. Een van die sterk oorwegings hiervoor was dat die houding van die Basotholandse regering met die BNP aan bewind, positief geword het (Notule Kommissie vir Onderwys in Basotholand 26 November 1965: GSK Lêer).

7. 'n Skakelkommissie kom as tussenganger tot stand: 1966

Met die BNP se oorwinning van 1965 en die onafhanklikwording van (Basotholand) Lesotho op 4 Oktober 1966 het deure vir die NGK/NGKA oopgegaan in Lesotho. Aansoeke vir standplase was meer simpatiek oorweeg en binne twee jaar, vanaf Mei 1966 tot Februarie 1968, is byvoorbeeld sewe kerkgeboue met meestal 'n pastorie daarby, in Lesotho opgerig (Crafford 1982:316). Was dit omdat die BNP meer positief ingestel was teenoor die Suid-Afrikaanse regering? Ewenwel, na onafhanklikwording het die sendingaksie van die twee Kerke en die Ring van Lesotho 'n verdere fase in hulle geskiedenis beleef. Die gebruik om een maal per jaar 'n ontmoeting te reël tussen die GSK en die arbeiders in Lesotho het egter nou verval.

By die vergadering van Maart 1966 van die GSK was die drie sendelinge, di OJ van der Walt, JA Visser en DJ Hoffmann (Mafeteng) teenwoordig en het uitvoerig verslag gelewer van die werk in Basotholand. Met die verkiesing agter die rug het die toestaan vir persele vir geboue baie makliker gevlot. Een van die belangrike sake op die agenda was dus die oprigting van kerkgeboue. Daarvoor het elke gemeente R8000 uit die GSK-begroting tot hulle beskikking gehad. Die vraag was nou net waar hierdie geboue moes kom? 'n Lang bespreking loop uit op die besluit dat die sendelinge "moet saamkom en self besluit waar die kerke sal kom." So het dit gekom 'n **Skakelkommissie** in die lewe geroep is (Notule GSK 3 Maart 1966:2). Die GSK het aanbeveel dat die Ring die Skakelkommissie moet aanwys wat kan bestaan uit die sendelinge, 'n (Sotho) leraar en 'n evangelis of ouderling (Notule GSK 3 Maart 1966:2). Die bedoeling van die kommissie was om as 'n tussenganger tussen die Ring en die GSK op te tree. Daarmee is die onderlinge verhouding sekerlik ter wille van goeie funksionering geherstruktureer.

Die GSK moes hierbenewens aan nog 'n hele paar sake aandag gee. Dit is duidelik dat die sendeling-medeleraars vol moed was vir die toekoms. Die moontlikheid om buitewondersteuners te werf word deur die GSK na die nuwe Skakelkommissie verwys (Notule GSK 3 Maart 1966). Hiernaas is die vergadering uitgesproke negatief daaroor dat die Ring verteenwoordig word op die Christian Council van Basotholand. Ds Hoffmann het gemeen dat in die opset van die nuwe onafhanklike staat deelname aan die Council vir die NGKA Ring van Lesotho tog voordele sou inhou. Dit het die implikasie meegebring dat die Ring ook onafhanklik van die sinodale struktuur van die NGKA OVS sou optree. Die vergadering was egter oortuig dat die Ring van Lesotho deel is van die Vrystaatse Kerk en kon dus nie apart optree nie (Notule GSK 3 Maart 1966). Uit die verslag van die sendelinge is die probleme in verband met Maseru wat sy oorsprong in politieke geskille gehad het, ook weer opgehaal. Dit is egter nog nie hanteer nie. Die GSK het hiervan kennis gedra. Reeds by sy vergadering van Augustus 1965 is hy hieroor ingelig (Verslag aan die GSK Augustus 1965). Die GSK het ernstig beswaar gemaak teen hierdie vertraging. 'n Skrywe sou uitgaan na die Ring van Lesotho om onmiddellik voorrang aan hierdie saak te gee (Notule GSK 3 Maart 1966). Later in die vergadering blyk dit selfs dat daar nie 'n kerkraad in Maseru funksioneer nie. Die vergadering versoek die Ring om 'n buitengewone

vergadering te belê en die Moderatuur van die NGKA OVS uit te nooi om dit by te woon ten einde die hele situasie rondom Maseru gemeente deeglik uit te klaar (Notule GSK 3 Maart 1966). Die GSK het nie gehuiwer om ter wille van goeie orde, sy kerklike gesag te gebruik nie. In die lig van die besluite van hierdie vergadering, was daar dus belangrike sake op die agendas van die nuwe Skakelkommissie en die Ring.

Die Skakelkommissie het 'n week na die GSK vergadering gekonstitueer en wel op 10 Maart 1966 te Maseru (Notule Skakelkommissie 10 Maart 1966 GSK Lêer). Die Skakelkommissie was saamgestel uit die drie (blanke) sendelinge en die Ringskommissie (Notule Skakelkommissie 10 Maart 1966). Die agenda het hoofsaaklik gehandel oor watter bouprojekte eerste aangepak moet word en die beraamde kostes daarvoor (Notule Skakelkommissie 10 Maart 1966). In die Ringskommissie verslag aan die Gewone Ringsitting in April 1966 word egter nie oor die konstituering en werk van die Skakelkommissie verslag gedoen nie (Notule Ringskommissie verslag 22 April 1966). Reeds by die volgende GSK vergadering in September 1966 lewer die Skakelkommissie vir die eerste keer verslag van sy beplanning (GSK 23 September 1966:2).

Na die eerste vergadering van die Skakelkommissie in Maseru, moes die Ringskommissie na Mokheleshek vertrek om die stigting van 'n nuwe gemeente, Mohaleshoek, te hanteer. Mokheleshek was tot Maart 1966 as 'n wyk van Mafeteng bedien. Die Ringskommissie het dit egter goed gedink om die lidmate hier as 'n afsonderlike gemeente te laat afstig omdat hulle ongeveer 50km van Mafeteng was (Ringskommissie verslag, April 1966). Aan 'n nuwe gemeente is dus beslag gegee.

So het dit tyd geword dat die Ring weer sy gewone jaarlikse vergadering moes hou. Dié keer het dit oor die naweek van 22-24 April 1966 in die gemeente Maseru plaasgevind.

8. Die ringsitting van 1966 in Maseru en die geskille in die plaaslike gemeente

Die Ring van Lesotho moes dus nou die bediening van die Woord en die orde in die gemeente van Maseru herstel. Dit was die moeilikste opgaaf in sy kort geskiedenis. Die GSK het immers ook sterk besluite in hierdie verband geneem. Dit sou 'n interessante vergadering word. Die volgende gemeentes het hulle afgevaardigdes gestuur: Leribe, Mafeteng en Mohaleshoek. Maseru se kerkraad het blykbaar as gevolg van al die politieke gebeure en verskille niemand amptelik afgevaardig om hulle by die ringsitting te verteenwoordig nie (Notule Ring 22 April 1966).

Hierdie Gewone Ringsitting is geopen met Handeling 2:41-47, die gedeelte wat handel oor die eerste gemeentes. Die belangrikste saak op die agenda was die probleme in die gemeente van Maseru. Die Ringskommissie se verslag maak melding van 'n besoek aan Maseru gemeente op 17 April 1966 (Lêer met verslae). Hierdie besoek het plaasgevind nadat 'n brief van ds. Visser (sendeling-leraar) ontvang is wat sê dat kerkraadslede nie kerkraadsvergaderinge bywoon nie. Net twee van Maseru se ses kerkraadslede was tydens die besoek teenwoordig. Die Ringskommissie was oortuig dat dit nie goed gegaan het in die gemeente nie. Ds. Kheleli (leraar van Maseru) het tydens die ontmoeting gemeen dat die huidige politieke verskille die rede vir die probleme in Maseru is (Verslag Ringskommissie 17 April 1966). Maar, dit was ook duidelik dat ds. Kheleli nie orals in die gemeente aanvaar is nie. Ds. Kheleli het van die Kereke ea Lesotho (LEC) na die NGKA oorgekom en is op 10 Mei 1964 in Maseru bevestig (Verslag aan GSK, 1964). Moontlik was dit een van die redes waarom hy ook nie goed oor die weg gekom het met die evangeliste nie. Die Ring het die hele aangeleentheid deeglik ondersoek, maar kon egter nie iets definitiefs teen die leraar vind nie (vgl. Notule GSK 23 September 1966). 'n Behoorlike oplossing en uitpluis van die saak was daar gevolglik ook nie. Ds. Kheleli, terloops, het in 1966 te midde van die spanning tussen hom en van Maseru se lidmate 'n beroep na Vierfontein ontvang en aangeneem (Notule GSK 24 Januarie 1967:4). Hy het demissie ontvang as Maseru se leraar, maar kon weens Suid-Afrikaanse wetgewing nie as 'n Lesothoburger 'n werkpermit kry nie (Brief 4 Oktober 1967 Lêer van NGKA Saakgelastigde). Sy bevestiging en beroeping na Vierfontein moes dus laat vaar word, maar Maseru wou hom nie as leraar terugneem nie (GSK 24 Januarie 1967:4). Die blanke sendelinge het ondertussen hulle bes probeer om hom in 'n NGKA gemeente in Lesotho beroep te kry (GSK 23 Junie 1969:4). Uit ter saaklikke dokumentasie blyk dit dat ds. Kheleli as Maseru se leraar nog teenwoordig was by 'n Spesiale Ringsitting op 29 Oktober 1966 maar op 14 April 1967 verskyn sy naam nie meer tussen dié van afgevaardigdes nie (Gewone Ringsitting 14 April 1967). Uit briewe blyk dit hy sy status as leraar behou het en beroepbaar was binne die NGKA (4 Oktober 1967 Lêer van NGKA OVS Saakgelastigde). Hy sou vir byna vyf jaar sonder 'n gemeente wees voordat hy uiteindelik in 1972 na die nuut gestigte gemeente van Teyteyaneng beroep is, waar hy later in 1973 uit die bediening geskors is.

Die tweede saak wat aandag moes kry was die probleme rondom evangelis Tlali by Mahuu. So blyk dit uit ds. JA Visser se verslae aan die GSK en die GSK notules van 1966 dat dit in verband gestaan het met die feit dat Tlali evangelis van die NGKA gemeente was, asook die Hoofman van die stat waarin die gemeente geval het. Hierdie twee afsonderlike funksies verenig in een persoon, het probleme geskep. Dit het geblyk dat veral toe die politieke koers hoog was in Basotholand - 1963 tot 1966 - hy meer tyd aan die bestuur van die stat moes gee as aan die bediening (GSK 3 Maart 1966:1). Die probleem het hom na die 1965 verkiesings self opgelos. Die Ring kon dus net

hiervan kennis neem en dat die besoek van die Ringskommissie 'n groot verbetering tot gevolg gehad het (vgl Notule GSK 23 September 1966).

Derdens moes die Ring die status van evangelis Seithleko van Malea-Lea uitklaar. Hy en sy familie het, soos reeds aangedui, van die Anglikaanse Kerk oorgekom na die NGKA. Die besluit van die Ring is uiteindelik dat hy nie die status van 'n evangelis kan beklee nie, maar wel as 'n lekewerker (Notule Ring 22 April 1966). Daarmee is die reëling van ds. OJ van der Walt wat hom as 'n evangelis teen 'n vergoeding van R20 per maand aangestel het, ter syde gestel (Brief GSK Lêer 5 Oktober 1967). Sonder om daarop in te gaan, was hierdie verwickeling vir Seithleko natuurlik nie aanvaarbaar nie. Dit sou 'n lang stryd word waarin die GSK uiteindelik, in Desember 1967, besluit het om Seithleko R20 per maand as Lekewerker te betaal tot met sy aftrede (Notule GSK 7 Desember 1967:2).

9. Die GSK laat hom geld en ondersteun 'n omvattende bouprogram in Lesotho: 1966

In September 1966 word daar soos gewoonlik deur die Skakelkommissie, verteenwoordig deur die sendelinge aan die GSK verslag gedoen oor die werk in Lesotho. Ter sprake is die hantering van die probleme in Maseru en die onverkwiklike posisie van ds. Kheleli. Ook word vermeld dat evangelis Tlali van Mahuu hom weer in volle sterkte aan sy kerklike werk toewy. Die stigting van die gemeente Mohaleshoek vroeër die jaar word ook aangekondig. Van die kant van die GSK "...word daar bedenkinge uitgespreek oor die afstigting van gemeentes waarvan hierdie kommissie nie kennis dra nie. Die vraag word gestel of al die bepalinge van die wet nagekom is?" (GSK 23 September 1966). Die GSK besluit om die Ring te vra om skriftelik verslag te doen oor hierdie afstigtings en die motivering daarvoor. Hierdie stukke moet dan aan die Sinodale Kommissie gestuur word (GSK 23 September 1966). Daar word dus beklemtoon dat die GSK geken moet word voordat gemeentes in Lesotho deur die Ring afgestig word (Notule GSK 23 September 1966). Dit is immers ook soos die Wette en Verordeninge van die NGKA OVS voorskryf. Die GSK het hom nougeset laat geld.

Ondertussen is 'n omvattende bouprogram in die Lesotho-gemeentes van stapel gestuur. Die gesukkel met tydelike geboutjies en vertrekke was verby. Die GSK het die grootste deel van die koste gedra. Hy kon dus die volgende verslag van die Skakelkommissie ter tafel neem. Eintlik word 'n bouprogram daarin vergestalt.

- Teyateyaneng: 'n Kerkgebou vir R8000.00. Die geld is beskikbaar gestel deur Moederkerk. Die NGK Viljoenskroon het R1700.00 bygedra.

- Maseru: 'n Kerkgebou vir R8000.00. Die geld is beskikbaar gestel deur Moederkerk (NGK OVS).
- Mahuu: 'n Kerkgebou vir R3000.00. Die geld is beskikbaar gestel deur NGKA OVS. Die Vroue Gebedsbond van die NGKA OVS het dit uit haar takke byeengebring as 'n bydrae vir sendingwerk. Hierbenewens het 'n lidmaat van die NGK Ladybrand R1500.00 geskenk.
- Van Rooyenshek: 'n Kerkgebou vir R4330.00 en 'n leraarswoning vir R1800.00.
- Mapoteng: Hier is 'n Kerk en evangeliste huis gebou vir R4000.00 wat deur die NGK van Koppies geskenk is (Notule GSK 23 September 1966:2).

Die meeste van hierdie geboue is gedurende 1966 en 1967 in gebruik geneem. Die eerste kerkgebou van die NGKA in Lesotho is in 1966 op Teyateyaneng "ingewy" en in gebruik geneem (GSK 23 September 1966:1). Later in 1966 word die kerkgebou op Mahuu ook "ingewy" (GSK 24 Januarie 1967:1). Dit was 'n besondere geleentheid. Die Minister van Buitelandse Sake sowel as 'n verteenwoordiger van die Koning van Lesotho was teenwoordig (Notule GSK 24 Januarie 1967). Beide het waardering teenoor die NGK uitgespreek. Vir die GSK was hierdie amptelike verteenwoordiging 'n beslissende teken dat die NGK in Lesotho aanvaar is. Van Rooyenshek se kerkgebou is op 12 Februarie 1967 vir sy gemeente oopgesluit (GSK 24 Januarie 1967:1). Op 3 September 1967 word die kerk en pastorie op Maseru in gebruik geneem. 'n Paar dae later, 24 September 1967, is ook die kerk te Mapoteng "ingewy" (GSK, 29 September 1967:1).

By die vergadering van die GSK kry die Skakelkommissie ook opdrag om die toekomstige bouwerk te koördineer sowel as om die belangrikheid van mediese dienste in Basotholand te ondersoek (Notule GSK 23 September 1966). Na hierdie verslagvergadering het die Ring van Lesotho weer bymekaar gekom. Daar was immers sake wat nou hanteer moes word. Nie net die stigting van 'n nuwe gemeente nie, maar ook die pos van 'n vierde sendeling vir Lesotho het op die agenda gekom.

10. 'n Spesiale ringsitting stig 'n gemeente en keur 'n vierde sendelingpos goed: Oktober 1966

Op 29 Oktober 1966 vind 'n Spesiale ringsitting op Mahuu plaas. Allereers is die stigting van die gemeente Mahuu behartig (Notule Spesiale Ringsitting 29 Oktober 1966). Dit het beteken dat daar in die Ring nog 'n gemeente bygekom het. Die Ring moes ook 'n tugsak aanhoor. Evangelis JN Mokhotu van Van Rooyenshek moes sy sonde oor ontug voor die Ring bely. Die Ring het hom gevra om vir ses maande nie nagmaal te gebruik nie (Notule Spesiale Ringsitting 29 Oktober 1966). Hy word egter later in 1972 geskors nadat weer klagtes van ontug teen hom ingebring is.

By hierdie vergadering keur die Ring ook 'n vierde sendelingpos goed (Notule Spesiale Ringsitting 29 Oktober 1966). Dit het 'n hele aanloop gehad. Die NG gemeente Vanstadensrus kon nie meer sy leraar se volle traktement betaal nie. Dit was die Ringskommissie van die Ring van Smithfield (NGK) wat inisiatief geneem het om per brief die saak van Vanstadensrus aan die SSK van die NGK OVS voor te lê met die versoek of dit nie moontlik is om die leraarspos te omskep in 'n gedeelde pos nie: 50% vir die gemeente en 50% met opdrag sending in Basotholand (Brief, Ringskommissie van Smithfield 24 Augustus 1966. GSK Lêer). Die Sendingsekretaris van die NGK het die saak aan die GSK voorgelê (Brief van Sendingsekretaris 27 Augustus 1966. GSK Lêer).

Die GSK kon geen besware hierteen vind nie het dit na die Ring van Lesotho vir sy opinie verwys (GSK 23 September 1966:5). Dit sou ook voor die vergadering van die Sinodale Kommissie van die NGKA dien. Op Mahuu het die Ring hom positief oor die aangeleentheid uitgespreek, mits die predikant Sotho ken of gou sal aanleer (Notule Ring 29 Oktober 1966:38). Dit het meegebring dat die SSK van die NGK - wat simpatiek was teenoor Vanstadensrus se probleem - voortaan 'n deel van die leraar van Vanstadensrus se salaris sou betaal (UK SSK NGK OVS 16 September 1966:3; Wessels 1989: 7). Tydens die SSK vergadering van die NGK in 1967 word gevolglik genotuleer: "Kennisgeneem dat die kerkraad van Vanstadensrus, die Sinodale Kommissie van die Sendingkerk en die GSK toegestem het dat 'n predikant vir Vanstadensrus beroep mag word... Die SSK gee die helfte van sy salaris en reiskoste" (SSK NGK OVS 9 Februarie 1967:5). In die jare wat sou kom, was die NG leraar van Vanstadensrus dus deelyds betrokke by die bediening van 'n NGKA gemeente in Lesotho.

In hierdie tyd het die diensdoende sendelinge ook almal beroepe aangeneem, sodat in die tydperk einde 1967 tot die begin 1969 vier nuwe sendelinge bevestig sou word. Ds. AJ du Plessis het in 1967 'n beroep vir Sending in Lesotho aanvaar, nadat ds. OJ van der Walt in 1966 'n beroep na Edenville opgevolg het. Ds. Du Plessis sou die NGKA gemeente van Leribe bedien (Notule GSK 29 September 1967:1). Ds. DP Myburgh is op 16 Maart 1968 as die NGK Vanstadensrus se leraar bevestig en begin so ook met die bediening in NGKA Mohaleshoek gemeente help (GSK 7 Februarie 1968: 1). Hy het Sepaposhek en Mokheleshek, twee buiteposte van die gemeente bedien (Wessels 1989:18). Ds. WB Smith word weer van Tosca na Maseru beroep in die plek van ds. JA Visser (GSK 7 Februarie 1968:3). Ds. DJ Hoffman ontvang op 27 Mei 1969 demissie nadat hy 'n beroep na Phahameng aanvaar het (GSK 23 Junie 1969:3). Ds. P Viviers word in sy plek na Mafeteng, Malea-Lea en Mohaleshoek beroep (GSK 8 September 1969: 1) en op 29 November 1969 bevestig (brief van ds. Myburgh). Hierdie vier nuwe werkers sou die bediening voortsit te midde van al die uitbreiding wat deur hulle voorgangers aan die gang gesit is.

11. Die laaste jare van die sesde dekade: Die Ring bly aan die hand van die skakelliggame

In 1967 het daar vir die sendingleraars welkome hulp opgedaag. Die NG studente Sendingvereniging van die UOVS het ook aktief betrokke geraak by bouprojekte en uitreikings in Lesotho (GSK 1 Junie 1967:6). Dit sou 'n jaarlikse instelling word. Die studente het egter aanvanklik betrokke geraak "sonder die sanksie van die kommissie (GSK)..." en die Ring (GSK, 1 Junie 1967:6). Die Skakelkommissie moes dringend hieraan aandag gee. Op die volgende GSK vergadering word op aanbeveling van die Skakelkommissie besluit "... dat gebruik gemaak sal word van die hulp van studente van die UOVS", dat hulle hoofsaaklik met evangelisasiewerk sal help en dat hulle onder die toesig van die betrokke sendeling en kerkraad sal werk (GSK 29 September 1967:6). Weer eens het die Ring nie geleentheid gehad om hierdie hulpverlening te bespreek nie. Dit onderstreep die feit dat die Ring in sake waaroor hy wel besluite kón neem, nie werklik geken is nie. Die Skakelkommissie en die GSK het in 'n groot mate die besluitnemingsproses, om funksionele en pragmatiese redes, in beslag geneem. Daarmee is verhoed dat die Ring tot sy reg kom. Dit word ook geïllustreer deur die manier waarop die moontlikhede van 'n mediese hulpdiens vir Lesotho hanteer is.

By sy vergadering op 27 September 1967 het die Skakelkommissie dit bespreek (Notule Skakelkommissie 27 September 1967). Dit was hierheen deur die GSK verwys (Notule GSK 23 September 1966). Die Skakelkommissie het hierdie uiters verdienstelike saak deeglik ondersoek en het oortuig geraak dat 'n voltydse sendingdokter aangestel moes word. Die probleem was egter die befondsing van so projek. So is dit in sy verslag aan die GSK ook vermeld (Verslag by GSK Notules 5 November 1968 en 3 Desember 1970:2). Die GSK kon egter ook nie fondse hiervoor in die hande kry nie. Selfs instansies wat genader is vir die befondsing van so 'n projek, het nie hulle weg oopgesien nie. Weer het dit op niks uitgeLOOP. In die notules van die Ring verskyn daar egter niks oor hierdie aangeleentheid nie.

Nog 'n saak wat in werklikheid by die Ring tuisgehoort het maar deur die Skakelkommissie en GSK hanteer is, was die kerkskole en onderwys. In 1967 is die skoolgeboue by Leribe en Teyeteyaneng voltooi (Verslag aan GSK Mei 1967). Dit blyk egter dat hierdie inisiatief om met kerkskole te begin probleme sou oplewer. Tydens 'n GSK vergadering in 1969 word die situasie rondom onderwysaangeleenthede in Leribe se NGKA skool byvoorbeeld soos volg geskets: Die kerkraad het slegs adviserende stem op beheerraad vergaderings; die skoolbestuurder moet alle verantwoordelikhede (soos salarisse van onderwysers en instandhouding) op hom neem; kinders wat nie skoolfooi betaal nie en dan toegang geweier word, gaan kla die kerk by die hoofman aan; die Lesotho regering het nog geen subsidie uitbetaal nie; kerkrade is nie instaat om skole te onderhou nie; baie van die sendeling se tyd word deur die

bestuur van skole opgeneem; daar is voortdurend spanning tussen die kerk en die gemeenskap oor skoolsake (GSK 8 Augustus 1969:2). Na 'n lang bespreking besluit die vergadering dat daar dringend met die Lesotho regering oor onderwysaangeleenthede onderhandel moet word; die kerk en sendelinge sou geen verantwoordelikhede aanvaar vir onderwysers se salarisse nie en ook nie vir die onderhoud van skole of die administrasie daarvan nie; die regering van Lesotho moet die bestuur van die skole oorneem (GSK 8 Augustus 1969:2). Ten spyte van hierdie besluite en gebeure sou die kerk voortgaan om waar hy kon by die skole betrokke te bly. Trouens, in 1969 word NGKA gemeentes in Lesotho deur die Ring in 'n Herderlike Brief versoek om hulle kinders na NGKA kerkskole soos die een op Teyateyaneng te stuur (Ringsnotule 22 Maart 1969). Die Ring sou egter nie 'n aktiewe en leidinggewende rol in die hele kwessie rakende die onderwys van gemeentekinders speel nie. Steeds het die betrokke skakelliggame hierin voorgegaan.

Waarin het die werksaamhede van die Ring dan bestaan? Naas die behandeling van enkele gebruiklike verslae en die verkiesing van kommissies het die Ring hom wel met tugsake, wat voor hom gebring is, besig gehou. In 1967 en 1968 word die Ringskommissie gevra om te help met probleme tussen evangelis Z Sekokotoana en sy vrou. Dié evangelis het sy eggenote by die Ring aangekla oor ontrouheid (Ringskommissie verslag, April 1968). Die uiteinde van die saak is nie duidelik nie. In 1969 dien daar ook twee klagbriewe wat ontvang is waarin twee kerkraadslede, een van Mohaleshoek en een van Leribe, aangekla word. Die sake is ondersoek en na die onderskeie kerkrade terugverwys (Ringskommissie verslag 21-23 Maart 1969). Op 8 Oktober 1970 vergader die Ring met die Kerkraad van Maseru as laaste poging om te hoor of Maseru nie weer van die dienste van ds. Kheleli wil gebruik maak nie (Ringskommissie verslag 26 Maart 1971). Maseru gemeente het egter daarteen besluit, omdat hy steeds nie die vrede vertrou het nie. Ds. Kheleli het immers die BCP openlik in 1965 gesteun (Notule Spesiale Ringsvergadering 8 Oktober 1970).

12. Samevatting

In die tydperk 1963-1970 het daar baie met die sendingonderneming van die NGK/NGSK gebeur. Aan die een kant het die BNP se oorwinning en die onafhanklikheid van Lesotho in die guns van die NGKA/NGK getel. Dit is duidelik aan al die erwe wat skielik beskikbaar was om op te kon bou. Die belangrikste gebeurtenis sekerlik is die instituering van 'n kerkverband tussen die Lesotho-gemeentes. Tewens, in 1963 reeds het die Ring van Basotholand (Lesotho) tot standgekom. In die hoofstuk hierbo is die geskiedenis van die Ring nagegaan. Uit al die gegewens blyk dit tog dat hierdie belangrike vergadering nie in terme van sy taak soos die **Wette en Verordeninge** dit uitspel, tot sy reg kon kom nie. Kerklike skakelliggame, met name die GSK en die Skakelkommissie het hom telkens vooruitgehoop of aan die hand geneem.

Hiermee is 'n stuk kerklike lewe in Lesotho tog geïnhibeer. Die Gereformeerde opvatting van die kerkverband het in die slag gebly. Teen 1970 het die Ring van Lesotho uit ses gemeentes bestaan. Goeie en doelmatige kerkgeboue het hulle verskyning gemaak. Dit het alles in die teken van ontwikkeling gestaan. Die sendingonderneming het inderdaad van ongekende seën en sukses getuig. Sou die Ring gedurende die volgende dekade of wat sterker op die voorgrond tree? In hoofstuk vier word hierdie vraag beantwoord.

Hoofstuk 4

DIE RING BELEEF UITBREIDING, TERWYL DIE SKAKELKOMMISSIE VAN LERAARS 'N BELANGRIKE ROL SPEEL: 1971-1986

Inleiding

Die ondersteunende skakelliggame het ná die Ring se konstituering in 1963 baie tyd en energie aan die skep van infrastruktuur spandeer. Politieke woelinge, tugsake en die wisseling van sendelinge het nie gehelp om aan die Ring 'n stabiele basis te gee om homself te vind en te ontwikkel nie. Na 1970, en veral toe 'n plaaslike gemeente uit die NGK OVS die pos van nog 'n sendeling geborg het, het daar 'n opbloeï van die sendingwerk gevolg wat ook uitbreiding van aanbiddingsplekke meegebring het. In 1978 was daar alreeds 18 kerkgeboue en feitlik net soveel pastorieë vir leraars en evangeliste. Daar word op dié tydstip ten minste 27 plekke bedien. Hierdie hoofstuk vertel die opwindende verhaal hiervan. Maar, ook van meer. Van 'n maatskaplike werkster wat aangestel kon word. Van hoe te werk gegaan is om al die kerklike eiendomme wetlik te registreer. En, hoedat uiteindelik rondom 1985 besef is dat die volhoubaarheid van die sendingwerk in die konteks van Suid-Afrika 'n lewensgrote en diepgrypende probleem geword het. Dwarsdeur dit alles is die Ring van Lesotho steeds aan die hand gehou deur die GSK, maar nou ook al hoe meer deur die Skakelkommissie vir Sending in Lesotho.

1. Tugsak op tugsak:1971-1973

Die bedrywighede van die Ringskommissie en die vergaderings van die Ring gedurende 1971 en 1972 weerspieël 'n bra donker prentjie. Ten minste aan die een kant. Immers, die een tugsak na die ander sou hom in die vergaderings afspeel. Omdat daar so nougeset gehandel moes word met die artikels van die **Wette en Verordeninge vir die bestuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika – Oranje Vrystaat** in verband met kerklike opsig en tug, het dit baie tyd in beslag geneem. Opvallend is die feit dat die Ring nooit die uitoefening van die tug prysgegee het nie, maar hierin volhard het. Hierin kom die erns om ergernis uit die gemeente van Christus weg te neem na vore. Hiermee wou die Ring met oortuiging die suiwerheid van die sedes en die Christelike lewe in die gemeente bevorder. Hy wou toesien dat die leer van die kerk en die kerklike wette en verordeninge gehandhaaf word (vgl. Wette en Verordeninge 1971:169-171). Hierdie aspek van die Ring se geskiedenis kon dus nie onder 'n maatemmer weggesteek word nie.

In 1971 ontvang die Ring twee klagbriewe van die gemeente Maseru teen evangelis JN Mokhotu (Verslag Ringskommissie 26 April 1971). Daar word op 3 Junie 1971 'n Spesiale Ringsitting te Maseru gehou om die klag teen evangelis Mokhotu te ondersoek. Volgens die klagtes teen Mokhotu sou hy die blanke sendelinge van Bloemfontein daarvan beskuldig het dat hulle hom probeer toor het deur 'n giftige blaar van 'n sekere boom in sy kos te laat gooi. Die blaar het as bewysstuk gedien by die vergadering. Niemand kon egter bevestig van watter boom die blaar kom en of dit wel giftig is nie. Evangelis Mokhotu het die vergadering om verskoning gevra vir die vals beskuldigings wat hy teen die sendelinge gemaak het. Die vergadering het (dalk tong in die kies) aanbeveel dat hy na 'n dokter gaan om hom deeglik te ondersoek om seker te maak hy het niks oorgekom van die blaar in sy kos nie (Notule Ring 3 Junie 1971).

Twee maande later, op 25 Augustus 1971, word 'n Spesiale Ringsitting te Malea-Lea gehou word om klagtes van ontug teen evangelis Hlahasoane te ondersoek (Notule Spesiale Ringsitting 25 Augustus 1971). Evangelis Hlahasoane het skuld op die aanklagtes erken en hy word volgens artikel 252(d) geskors: "Skorsing in diens vir 'n onbepaalde tyd met ontslag uit gemeente" (Wette en Verordeninge 1965:87).

'n Skrale ses weke later, is dit weer sulke tyd. Hierdie keer moes die Ringskommissie deurry na Leribe om op 12 Oktober 1971 met die kerkraad te vergader oor probleme wat ouderling Herry Lekopa veroorsaak het. Dit blyk dat hy met sy optrede die werksaamhede van die kerkraad gedwarsboom het (Verslag Ringskommissie 25 Maart 1972). Hierdie probleme het tot gevolg gehad dat 'n Spesiale Ringsitting 6 Oktober 1972 moes plaasvind om vrede in Leribe se kerkraad te herstel (Notule Ring 6 Oktober 1972).

Die Ringskommissie moes weer op 10 Desember 1971 en 18 Maart 1972 Mokheleshek besoek om gerugte van huweliksprobleme tussen evangelis M' Afrika en sy vrou te ondersoek. Evangelis M' Afrika het tydens die ondersoek erken dat daar probleme tussen hom en sy vrou is en gevra om na 'n ander plek in die Ring verplaas te word. Die Ring het hom en sy vrou vir drie maande onder sensuur geplaas en versoek om verdere pogings aan te wend om weer met mekaar versoen te raak (Verslag Ringskommissie 25 Maart 1972). Die probleme tussen hom en sy vrou het egter vererger en die gemeente verdeel. Daarom besluit die Ring met sy Gewone Ringsitting in Maart 1973 om evangelis M' Afrika se bande met Mohaleshoek gemeente by Mokheleshek los te maak (Notule Ring 24 Maart 1973:3).

Daar was egter nie net slegte nuus tussen 1971 tot 1973 nie. Ten spyte daarvan dat klagbriewe byna beslag op die Ring gelê het, kon hy ook in 'n mooi ontwikkeling nóg 'n gemeente stig.

2. 'n Sewende gemeente word gestig: 1971

Teyateyaneng was die sewende gemeente wat in die Ring van Lesotho gestig is. Die kerkraad van die NGKA gemeente Leribe het op 23 en 24 April 1971 besluit dat die gemeente Teyateyaneng (TY) - met die goedkeuring van die Ring - van Leribe kan afstig (Brief van Leribe aan die Ring 1 Junie 1971). Volgens dié brief van ds. Du Plessis - voorsitter van Leribe se kerkraad - het die uitbreiding van Leribe gemeente na alle kante die besluit genoodsaak. Die vyf wyke van Leribe het ook ver uitmekaar gelê. Mmamathe Sekondêre Skool van die NGKA te Teyateyaneng met sy ongeveer 500 leerlinge in 1971 en die wyk van Mapoteng sou die nuwe gemeente uitmaak. Daar was reeds 'n kerkgebou en pastorie. Die GSK het verder reeds finansiële verantwoordelikheid aanvaar vir nog 'n leraarspos (GSK 3 Desember 1970). Trouens, die GSK het geoordeel dat die geëmeriteerde dr. Maile tydelik hier sou kon arbei (GSK 3 Desember 1971).

Met bogenoemde sake in orde word die NGKA gemeente van Teyateyaneng op 13 Oktober 1971 deur die Ringskommissie gestig (Brief 16 Oktober 1971). Ds. WB Smith van Maseru word deur die Ringskommissie aangewys as die eerste konsulent van Teyateyaneng (Brief 16 Oktober 1971). Ds. AL Kheleli word op 9 Desember 1972 as Teyateyaneng se eerste leraar beroep en bevestig (Gewone Ringsitting Maart 1973). Ds. Kheleli, wat lank beroepbaar was maar uiteindelik 'n sekulêre betrekking aanvaar het, moes eers 'n colloquium doctum aflê voordat hy die beroep kon aanvaar. Dit het hy by die Teologiese Skool op Witzieshoek op 27 November 1972 gedoen. Met sy bevestiging het die sewende gemeente in die Ring dus nou ook 'n leraar bekom. Ondertussen was daar ook by die sendende kerke én die GSK 'n nuwe entoesiasme vir die Lesotho onderneming aan die oplaai. Ook dit sou die geskiedenis van die Ring beïnvloed.

3. Nuwe entoesiasme en die moontlikheid van uitbreiding: 1971

In 1971 word vir die eerste keer by 'n ringsitting verslag gedoen van gesamentlike evangelisasieveldtogte deur ringslede (Notule Ring 27 Maart 1971). Volgens die verslag het hierdie veldtogte in die Maluti's van Lesotho plaasgevind. Hierdie veldtogte sou verreikende gevolge hê. Tydens dieselfde ringsitting word genotuleer dat Morena Tsikelo Letsie (van Mphaki) persoonlik groete aan die Ring kom oordra het (Notule Ring 27 Maart 1971). Hy bedank die Ring tydens die geleentheid vir ds. Du Plessis en sy voorganger (ds. OJ van der Walt) se besoek aan Mphaki in 1963. Hierdie vriendelike gebaar van Morena Letsie het die deur geopen vir verdere besoeke aan Mphaki.

Enkele maande later neem die GSK kennis daarvan dat die kerkraad van Bothaville bereid is om R10 000 per jaar te gee vir die uitbreiding van die sendingwerk in Lesotho (Notule GSK 10 November 1971). Dit het 'n hele nuwe wending in die GSK gebrDie nuwe entoesiasme is soveel beter te

begrype as 'n mens in gedagte hou dat die GSK toenemend die begroting vir die Sothosending strenger moes bestuur (vgl Notule GSK 26 Mei 1970, 3 Desember 1970). In die begroting vir 1971 is die verdeling van verantwoordelikheid tussen die NGK OVS en die NGKA OVS onderskeidelik op R15 000 en R5 000 gestel. Dan het die aandrang gekom dat die gemeentes in Lesotho groter verantwoordelikheid moes begin neem vir hulle uitgawes.

En, toe kondig die nuwe moontlikheid van uitbreiding hom aan. "As die saak gerealiseer word" staan dit aangeteken in die GSK notule, "sal 'n kommissie van die kerkraad saam met die sendelinge van Lesotho ter plaatse die saak gaan ondersoek om te bepaal waar uitbreiding kan geskied" (Notule GSK 10 November 1971). Op dieselfde vergadering – en dit getuig ook van 'n nuwe verwickeling – besluit die GSK dat 'n maatskaplike werkster nodig is vir Lesotho. Die vier sendelinge (di. Viviers, du Plessis, Myburg en Smith) saam met dr BJ Odendaal en ds. Pretorius word in 'n kommissie gevorm om die saak te ondersoek (Notule GSK 10 November 1971). Uiteindelik sou vasgestel word dat Maatskaplike werksters wel by Turfloop opgelei word, en dat die OVSB geneë is om 'n beurs hiervoor beskikbaar te stel (vgl. Notule GSK 24 November 1972). Daarmee het die GSK aanvoerwerk gedoen wat uiteindelik sou realiseer. Daarin het die Ring egter nie meegedoen nie.

'n Derde saak wat by die GSK aan die orde gebring is, staan in verband met die Sending onder die Indiërbevolking van Lesotho (Notule GSK 3 Desember 1970). Ds. Myburg word getaak om die moontlikheid te ondersoek om met die "Indiër kerk" (Reformed Church in Africa) te skakel met die oog op hulpverlening (Notule GSK 19 Mei 1971). Hierdie saak verdwyn egter gou van die tafel omdat dit so moeilik uitvoerbaar blyk te wees. Die opname wat gemaak moes word om die situasie te peil, was 'n te hoë opgaaf (Notule GSK 19 Mei 1971). Nog 'n keer is die Ring nie hierby betrek nie.

Vir die GSK was die uitbreiding van die sendingwerk in Lesotho ongetwyfeld die grootste prioriteit. Vroeg in 1972 (14-16 Maart) bring 'n afvaardiging saam met van die sendelinge 'n besoek aan Quthing (Notule GSK 24 Februarie 1972). Hiermee is die gedagte dat die uitbreiding van die sendingwerk 'n "sendingaksie liefs in die berge" moet wees, (Notule GSK 8 Augustus 1972) versterk. In werklikheid het dit beteken dat aansluiting gekom het in die omgewing waar evangelisasieveldtogte aan die begin van 1971 deur die sendelinge en medewerkers uit verskillende gemeentes onderneem is. Hoewel die inisiatief en organisering van die uitbreidingsaksie tot 'n groot mate in die GSK gesetel het, is die Ring by die proses ingeskakel. Dit was van groot betekenis.

Terwyl die kerkraad van Bothaville sy planne agtermekaar gekry het, is 'n konferensie in Lesotho deur die GSK oor die planting en groei van 'n selfstandige kerk gereël (Notule GSK Desember 1970). Hierdie geleentheid het op 23 en 24 Maart 1972 plaasgevind toe al die evangeliste, die leraars en die sendelinge saamgekom het om die saak deeglik deur te praat (Notule GSK

31 Januarie 1972). Ook dit staan in die teken van nuwe verwagtings en ideale wat besig was om in die geleedere van Lesothosending op te bou. Die "Diepberge sending", soos daarna verwys is, het 'n nuwe ontwikkeling aan die rol gesit.

4. Die aanvoerwerk in die omgewing van Mphaki: 1972

Hierbo is reeds aangedui dat die sendelinge in Maart 1972 Quthing besoek het. Hierdie geleentheid is ingeklee as 'n evangelisasieveldtog. Ondertussen het die kerkraad van die NG gemeente Bothaville op 2 Junie 1972 besluit om 'n sendingpos in Lesotho vir sy rekening te neem en dat die benodigde bedrag van R10 000 jaarliks beskikbaar gestel sou word. Noudat die finansiering van die sendinguitbreiding gefinaliseer is, kon die GSK ook meer doelgerig handel. Juis by sy vergadering op 8 Augustus 1972 word besluit dat 'n sterk afvaardiging, bestaande uit 'n kommissie van die kerkraad van Bothaville, die Sendingsekretaris en drie lede van die GSK (di. WJ Pieterse, JH Louw en AL Tsoai) en die vier sendelinge, tussen 16 en 20 Oktober 1972 die gebied rondom Mphaki sou besoek (Notule GSK 8 Augustus 1972).

Die sendelinge het reeds goeie eerstehandse kennis van die situasie gehad. Di. Myburgh en Viviers het nog 'n evangelisasieveldtog in Quthing teen die helfte van die jaar geloods (Notule GSK 8 Augustus 1972). Daarmee is die bande met die plaaslike bevolking verstewig. Nog voordat die GSK afvaardiging in Oktober Mphaki sou besoek, het die sendelinge 18 September 1972 na Mphaki vertrek om die moontlikheid te ondersoek om daar 'n gemeente te stig (Nuusbrief "Die NG Sending in Lesotho, Mei 1973" Myburgh). Dié ondersoekspan was di. DP Myburg, P Viviers, WB Smith en AJ du Plessis. Hulle was gewapen met traktaatjies, 'n luidsprekertoestel, kamptoerusting, kos, drie vierwielangedrewe voertuie en evangeliste. Na 'n moeisame dagreis van Vanstadensrus, oor die gevaarlike Maphooaneng (2493m) en die Letschla (2523m) bergpasse, het hulle op Mphaki uitgekóm en reguit koers gekry na die hoofman, Morena Setho Letsie.

Morena Setho Letsie was in 1972 'n minister in die kabinet van hoofman Leboa Jonatan. Hy was ook familie van Morena Tsikelo Letsie wat 1971 groete aan die Ring oorgedra het. Morena Setho Letsie was ook 'n familielid van die koningshuis. Morena Letsie was 'n invloedryke persoon. Hy het die sendelinge hartlik ontvang. Die sendelinge het 'n week lank op Mphaki gebly en met die toestemming van die Morenas is talle dienste oral in die gebied tussen die berge gehou en Bybels verkoop. Daar word by die Ringsitting van 24 Maart 1973 en verdere dae in die verslag van die Kommissie vir Ampsbediening en Kerkherstel aan die Ring terugvoer gegee oor die evangelisasieveldtogte wat in Mphaki omgewing geloods is (Ring Notule 27 Maart 1973). Volgens die verslag het al die sendelinge in die Ring met die hulp van evangelis Motsamai van 18 September 1972 vir "vier dae gebly (op Mphaki) en die evangelie langs verskeie paaie en in verskeie rigtings

verkondig.” Tweehonderd Bybels is in hierdie paar dae verkoop (Notule Ring 27 Maart 1973). Uiteindelik is hulle daar weg met die belofte om weer oor 'n maand te kom. Morena Setho Letsie was angstig dat die NGKA daar met 'n gemeente sou begin.

Ds. M. Bernard, 'n Franse sendelinge in Lesotho, en leraar van die LEC van 1958 tot 1995, het later aan die skrywer vertel dat morena Letsie 'n lidmaat van die LEC was (Onderhoud: 5 Mei 1993). Hy het egter kort voor die NGK sendelinge se besoek aan Mphaki die LEC as lidmaat verlaat weens die kerk se kritiek teen die regering van hoofman Leboa Jonathan. Die LEC het die mense van Mphaki reeds van die vyftigerjare af bedien. Morena Letsie se motief en haas dat die NGKA daar 'n gemeente moes begin was dus omdat hyself kerklos was en aan 'n ander denominasie as die LEC wou behoort. Die NGK sendelinge het dit egter nie geweet nie.

'n Maand later - 16 Oktober 1972 - was die sendelinge, oor die bergpasse, terug op Mphaki soos beloop. Die afvaardiging van die GSK was ook teenwoordig. Ds. DS Snyman, Sendingsekretaris van die NGK OVS, en drie ouderlinge van Bothaville het die sendelinge vergesel. Die geselskap is weereens vriendelik ontvang. Voordat hulle kon praat oor 'n perseel vir 'n kerkgebou op Mphaki het Morena Setho Letsie gevra of die NGK R1500 sal bydrae vir 'n skool op Seforong, 40km van Mphaki. Om die goeie verhouding met Morena Letsie en die Basotho's te behou het ds. Snyman beloop dat hulle daarmee gehelp sou word (Nuusbrief. Myburgh 1973:3). Morena Letsie het op sy beurt vir die NGK 'n perseel gegee vir 'n kerkgebou. Die besoekers was volgens die verslag aangegryp deur die “groot behoefte na die gesproke sowel as die geskrewe Woord van God” (Notule Ring 27 Maart 1973).

Twee weke later, teen die einde Oktober 1972, het di. WB Smith en P Viviers weer na Mphaki gery om die tjek van R1500 aan die skool op Seforong te gaan oorhandig. Hierdie donasie van die NGK is met groot dank deur die Basotho's op Seforong ontvang (Nuusbrief. Myburgh 1973:3). Daar is ook honderd en vyftig Bybels en honderde traktaatjies tydens hierdie besoek versprei (Notule Ring 27 Maart 1973). Toe ds. SD Snyman terugkyk op die gebeure was hy oortuig dat die Here bo verwagting onderneem het (Notule GSK 24 November 1972). Vir die uitbreidingsonderneming het alles inderdaad in plek geval. Mphaki, diep en hoog in die berge, sou as 'n sendingsentrum ontwikkel kon word. Daarvoor kon 'n sendeling beroep word.

5. 'n Plaaslike NG gemeente in die Vrystaat stuur 'n sendeling vir die sendingwerk in die berge van Lesotho

Op die GSK vergadering van 24 November 1972 word proponent HJ Lombaard “vir die uitbreidende werk in die Mohaleshoekgemeente” as

sendeling beroep (Notule GSK 24 November 1972). Die gedagte was dus dat die nuwe sendeling op 'n manier verbonde sou wees aan Mohaleshoekgemeente. Dié gemeente het sy kerkgebou op 14 Oktober 1972 in gebruik geneem (Notule GSK 8 Augustus 1972). Die Vrystaatse Vroue Gebedsbond het hiervoor geld beskikbaar gestel (Notule GSK 19 Mei 1971).

Daar is dus vinnig gehandel. Die gemeente van Bothaville se besluit om betrokke te raak in Lesotho het amptelik op 1 Januarie 1973 inwerking getree (De Kock 1991:178,179). Ds. Hennie Lombard word op 28 Februarie 1973 te Bothaville georden en bevestig as sendeling vir Lesotho. So word 'n plaaslike gemeente in die Vrystaat vir die eerste keer self 'n stuurder van 'n sendeling vir Lesotho – 'n nuwe missiologiese ontwikkeling! Die GSK was onseker waar hy sou woon. Moes daar 'n woonwa voorsien word? Of, 'n woonstel? (vgl. Notule GSK 24 November 1972). Uiteindelik het hy in 'n woonstel op die sendingperseel in Wepener tereg gekom (Onderhoud: Ds. Bührmann 23 Julie 2001). Van hier het hy vir lang tye as evangelis, sendeling en herder die nuwe grond gebreek.

Tot op daardie stadium het die Ring van Lesotho nie werklik in hierdie nuwe ontwikkeling gedeel nie. As individue is die sendelinge en evangeliste wel hierby betrek. Die hele saak sou eers by die Ring se vergadering van 24-26 Maart 1973 te berde kom. Hierdie keer het die Ring in Teyateyaneng vergader. Ds. Lombard word by hierdie vergadering as nuwe lid van die Ring verwelkom. Ds. Lombaard het nie net as nuwe lid van die Ring sitting geneem nie. Hy het help opstel aan 'n verslag oor evangelisasie wat 'n nuwe dimensie gebring het by die vergadering. In die verslag word verwys na ds. Lombard, Evangelis Motsamai en 'n groep studente van Bloemfontein se 'n groot evangelisasieveldtog op Mphaki in Februarie 1973 (Notule Ring 24 Maart 1973, Notule GSK 24 November 1972). In nagenoeg twee weke (1-10 Februarie 1973) het daar 13 persone tot bekering gekom waarvan 6 katkisante geword het. Die kerkterrein is ook in dié tyd omhein. Na die winter van 1973 was daar reeds 36 bekeerlinge in die wyksgemeente van Mphaki (Lombard 1974:4). Dit het duidelik geword dat 'n evangelis permanent op Mphaki geplaas sou moes word. Dit het later in die jaar gebeur, toe die GSK die fondse daarvoor gevind het (Notule GSK 24 Mei 1973, 19 Oktober 1973). Tewens, die GSK het R2500 vir 'n bouprogram op Mphaki ook goedgekeur (Notule GSK 13 November 1973).

Ds. Lombard het gereeld aan die gemeente van Bothaville verslag gedoen oor die bediening op Mphaki. In Bothaville se kerksaadsnotule van 26 April 1974 word daar byvoorbeeld genotuleer, dat die Bergsending in Lesotho "merkbare vordering" toon. Op daardie stadium was daar 43 katkisante op Mphaki (De Kock 1991:179).

In 1974 word evangelis Rajele gevra om die wyksgemeente op Mphaki voltyds te bedien. 'n Voorafvervaardigde rondawel van asbes het as kerkgebou gedien in die beginjare. Op 16 Februarie 1975 is die eerste agt bekeerlinge

aangeneem, gedoop en het hulle belydenis van geloof afgelê. Meeste van hierdie lidmate was Xhosa sprekend. Later dieselfde jaar is begin om die pastorie te bou (Lombard 1975:4). Dit moes 'n uitgerekte bouopgawe gewees het, omdat die huis eers op Sondag 19 Maart 1978 ingebruik geneem is. Dit sou dien as blyplek vir die nuwe evangelis, ouderling I Kholoane, sowel as aanbiddingsplek. Dit was dus 'n huis met 'n baie groot voorvertrek wat moes dien as kerk. Diaken SF Haasbroek was namens die kerkraad van Bothaville by hierdie geleentheid op Mphaki teenwoordig (De Kock 1991:180).

Ds. Lombard het die wyksgemeente van Mphaki met toewyding bedien ten spyte van die passe wat soms onbegaanbaar was weens reën of sneeu (Vivier 1976:337). Einde 1979 ontvang ds. Lombard 'n beroep na Reitz en verlaat hy Lesotho. Terloops, Mphaki is, tot in 1989 as 'n wyk van Mohaleshoek gemeente (120km weg) bedien. In 1989 het Mphaki en Quthing (80km van Mphaki) afgestig van Mohaleshoek en is die gemeente van Thabang gevorm.

Dit het nou tyd geword om die saak vir 'n oomblik in oënskou te neem. Die betrokkenheid van die NG gemeente Bothaville het nie net uitbreiding van Sendingwerk moontlik gemaak nie, maar ook gesorg vir 'n nuwe entoesiasme vir die Lesothosending. Hierin het die GSK 'n leidinggewende rol gespeel. En, het die Ring van Lesotho steeds nie tot sy volle reg gekom nie. Trouens, die Ring het met tugsake te make gehad, wat na 1973 steeds op sy tafel beland het.

6. Nog tugsake en 'n kerklike werkster aangestel: 1973-1980

Die hantering van tugsake en kerklike geskille deur die Ring getuig daarvan dat die lewe en werk van ampsdraers nie om't ewe was nie. Daarom moet dit aan die orde kom in hierdie navorsing. Oorsigtelik kom heelwat gegewens in hierdie verband aan die lig. Op 26 Mei 1973 het 'n Spesiale Ringsitting op Teyateyaneng plaasgevind om klagtes teen ds. AL Kheleli te ondersoek (Notule Ring 26 Mei 1973). Dit het plaasgevind ná die Ringskommissie se ondersoek na ds. Kheleli se gedrag in die gemeente en sy aanbeveling dat ds. Kheleli geskors moet word (Notule Ring 26 Mei 1973). Uit die ondersoek was dit duidelik dat daar ernstige verdeeldheid was tussen ds. Kheleli en die kerkraad. Die Ring aanvaar daarom die aanbeveling van die Ringskommissie en ds. Kheleli word geskors met 'n aanbeveling aan die sinode vir algehele afsetting (Verslag Ringskommissie 20 April 1974). Ds Kheleli was minder as 'n jaar die leraar van Teyateyaneng.

In 1974, op 21 September, was daar 'n Spesiale Ringsitting te Maseru om probleme tussen evangelis VM Masupa en die kerkraad van Maseru te probeer oplos (Verslag Ringskommissie 22 Maart 1975). Dit is duidelik uit die notules en verslae dat nie die Ringskommissie, die Ring of die visitatore se

pogings suksesvol was om die vrede te herstel nie (Notule Ring 22 Maart 1975). Evangelis VM Masupa het ook nie sy samewerking gegee tydens die Rinkskommissie se verskeie besoeke en ondersoeke nie. Evangelis Masupa word later in Mei 1977 met eervolle ontslag losgemaak van Maseru gemeente (Rinkskommissie notule 22 September 1979).

Op 31 Julie 1977 word klagtes teen Evangelis Thoabala van Mafeteng ondersoek (Ringskommissie verslag 19 Maart 1977). Hy was onder meer daarvan aangekla dat hy op lidmate gevloek het en selfs handgemeen geraak het met een. Hy het ook nie sy werk na behore gedoen nie (19 Maart 1977). Hy is sterk deur die Ringskommissie berispe.

Tydens die Gewone Ringsitting in 1979 word verslag gedoen oor drie tugsake teen evangeliste in die Ring (15 Maart 1979). Evangelis MT Zwane was aangekla van 'n buite-egtelike verhouding tydens sy studies by Witsieshoek. Uit die buite-egtelike verhouding tussen hom en 'n vrou van Witsieshoek is 'n kind verwek. Daar word besluit om hom met vergoeding in die diens te stuit tot die saak afgehandel is. Die saak word laat vaar omdat daar nie bo alle twyfel bewys kon word dat evangelis Zwane wel die vader van die kind is nie (Notule Ringskommissie 15 Maart 1979). Dan was daar die saak teen evangelis AM Lephatsoe. Hy het egter bedank voordat 'n ondersoek teen hom begin is. Evangelis DS Motsabi van Mohaleshoek is aangekla van ontug. Die saak is laat vaar weens 'n gebrek aan getuies (Notule Ringskommissie 15 Maart 1979).

Dit sou egter 'n eensydige aksentuering wees om met die tugsake te volstaan. In die tydperk 1976 tot 1980 het daar ook ander verwickelinge plaasgevind wat die lewe en geskiedenis van die Ring van die NGKA OVS in Lesotho beïnvloed het. Die Ring was steeds verteenwoordig op die GSK en het gereeld sy afgevaardigdes hiervoor gekies. Ook is die sendelinge en die leraar van Maseru, (sedert 1976 ds. J Mokgatla) op hierdie vergadering verwelkom (Notule GSK 15 September 1976). In hierdie verband is ds SP Botha op 23 Julie 1977 in die gemeente Teyateyaneng in die plek van ds WB Smith as sendingleraar bevestig. Ds. Smith is aan 'n hartaanval oorlede (Notule GSK 29 September 1977). Die vorige jaar reeds het ds WHJ van der Hoven, leraar in die vakante gemeente Vanstadensrus, en as sendeling in die gemeente Mohaleshoek, oorgeneem (Notule GSK 15 September 1976). Beide se beroepe is deur die Ring van Lesotho goedgekeur.

By sy vergadering in September 1976 ontvang die GSK ook 'n aansoek van me Evelyn Motsetse om as 'n kerklike maatskaplike werker in Lesotho aangestel te word (Notule GSK 15 September 1976). Die Dagbestuur van die GSK het haar aangestel met ingang van 1 Januarie 1977 (Notule Dagbestuur GSK 27 September 1976). In hierdie verband is die Ring van Lesotho versoek om staatsondersteuning vir die pos te soek. Sy sou ook in Mafeteng, haar tuisdorp, gestasioneer wees en in die gemeentes van die Ring werk. Volledige verslag moes aan die GSK sowel as die Ringskommissie vir Diens van

Barmhartigheid jaarliks gelewer word. Laasgenoemde kommissie, so besluit die Dagbestuur van die GSK, rapporteer in verband met die kerklike werkster weer aan die Ring van Lesotho (Notule Dagbestuur GSK 27 September 1976). Me Motsetse is opgelei by Turfloop.

Die Ring van Lesotho het nie 'n bepalende rol in hierdie verwickelinge gespeel nie. Dit was inderdaad 'n nuwe en saakmakende inset in verband met die versorging van noodlydendes in 'n konteks waarin toenemende armoede die bo-toon gevoer het. Om hierdie inset volledig te beskryf sou die fokus wegdraai van die werklike objek van die studie, naamlik die geskiedenis van die Ring. Die GSK was die handelende instansie. Dié kommissie het besluit dat mev. ds. AJ du Plessis praktykleiding ten opsigte van me Motsetse sou waarneem, met verslaggewing aan die GSK (Notule GSK 7 April 1977, 29 September 1977). Hierbenewens is 'n reglement vir die "kerklike werkster" opgestel wat onder andere voorsiening daarvoor gemaak het dat "alle kerklike werksters in Lesotho onderworpe is aan praktykleiding deur 'n gekwalifiseerde maatskaplike werkster wat deur die GSK benoem word". Hierbenewens moes die aanstelling deur die plaaslike kerkrade én die GSK goedgekeur word (Notule GSK 29 September 1977). Uiteindelik is ook 'n nuwe inskrywing op die begroting – dié vir Diens van Barmhartigheid in gemeentes van Lesotho gemaak. Alles in ag genome het die Ring, wat die inisiëring van hierdie saak, én die praktyk daarvan, tog op die kantlyn gestaan.

Behalwe bogenoemde inset, het dit in die jare 1977 en daarna 'n dringende saak geword om die eiendomme in die lig van nuwe wetgewing in Lesotho geregistreer te kry. Ook hier het die GSK leiding geneem en uiteindelik 'n maatskappy gevorm in wie se naam die eiendomme geregistreer is ten behoeve van die NGKA OVS (Notule GSK 29 September 1977, 12 Februarie 1978, 29 September 1978, 17 November 1981). Daarmee is voldoen aan die vereistes van die "Land Act of 16 June 1980". Ondertussen het die begroting vir die Lesothosending gestyg (vgl Notule GSK 29 September 1978). Dit sou toenemende eise stel. Ds. AS Bührmann het as sendeling-leraar by ds. SP Botha op Teyateyaneng vroeg in 1980 oorgeneem. Gedurende September 1980 het ds. JI Potgieter in die plek van ds. Lombaard gekom. Hy het op Zastron gewoon en is in die gemeente Mohaleshoek ontvang (Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 14 Augustus 1980). Ds. JPA Lubbe het weer gedurende 1981 by ds. van der Hoven oorgeneem (Notule GSK 17 November 1981). Die Ring het hierdie beroepe goedgekeur. En, by die GSK vergadering van 17 Februarie 1981 word ds. Moeti van Maseru verwelkom as die eerste seun van Lesotho wat 'n leraar daar geword het.

Al die kerklike strukture en kommissies met wie die Ring in verband gestaan het was steeds goed in plek. Daar was die GSK wat die brug gevorm het na die Sinodale kommissies van die NGKA en die NGK OVS. Die Ring is op die GSK amptelik verteenwoordig. Dan was daar die Skakelkommissie vir Sending in Lesotho, waarin die die sendelinge en leraars van die gemeentes bymekaar gekom het om sake te bespreek en beplanning te doen. Die Skakel

kommissie het met die GSK geskakel. Maar, hier is ook sake bespreek wat met die praktyk van die bediening te make gehad het, soos die kategismusprediking in die gemeentes en materiaal vir Bybelstudie (Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 14 Augustus 1980).

So het die agtste dekade aangebreek. In die volgende paragraaf word die wel en weë van die Ring van Lesotho, wat omring was deur allerlei kerklike strukture, verder beskryf.

7. Kommissies registreer die eiendomme en 'n onderliggende krisis kondig hom aan: 1982-1984

In die gemeentes wat in die Ring van Lesotho saamgekom het, het die bediening aan die begin van die tagtiger jare sy gang gegaan. Tussen 13 en 16 Januarie 1982 was daar vir die gemeentes 'n jeugkamp. Die kommissies van die Ring, dié vir Evangelisasie en Diens van Barmhartigheid het gereeld vergaderings gehou (vgl. Byvoorbeeld Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 5 November 1981). Me Motsetse het steeds as kerklik-maatskaplike werkster voortgegaan, maar kort nadat mev. Du Plessis nie haar weg oopgesien het om met die praktykleiding te help nie (vanweë die siekte van haar man), self ook bedank (Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 25 Maart 1982, 12 Augustus 1982). Die GSK het dit aanvaar en goedgekeur dat iemand anders in die pos aangestel kan word. Die pos het nou, so is besluit, onder toesig van die Skakelkommissie gestaan (Notule GSK 28 Oktober 1982). Hierdie kommissie, sowel as die GSK kon nie daarin slaag om 'n plaasvervanger aan te stel nie. In 1986 was die pos nog vakant (Notule GSK 22 Maart 1983), maar toe was dit ook nie meer 'n prioriteit nie.

Ondertussen is die **Memorandum and Articles of the Dutch Reformed Church in Africa (Orange Free State) Property Company (Proprietary) Limited** in Lesotho gerigistreer en die **Certificate of Incorporation 81/117** uitgereik (Notule GSK 17 November 1981, GSK verslag aan die Sinode NGKA OVS 27 September 1983). Dit het beteken dat die registrasie van eiendomme in naam van die Maatskappy nou in alle erns kon begin. In hierdie verband het die Skakelkommissie en veral ds. Bührmann'n belangrike rol gespeel. Die opmeet van persele deur 'n landmeter het onvoorsiene uitgawes meegebring (vgl. Notule GSK 25 April 1982, 9 Oktober 1984, 13 November 1986). Die proses het nie sonder haakplek verloop nie. By die GSK vergadering van 31 Oktober 1985 word besluit dat die kerk in Lesotho 'n afvaardiging na die betrokke minister moet stuur om die probleem uit te stryk. Die GSK is van oordeel dat die "Dagbestuur" van die Ring so 'n afvaardiging moet benoem, met rapport aan die GSK (Notule GSK 31 Oktober 1985). Klaarblyk het die besoek vrugte afgewerp want teen die einde van 1986 word daar by die GSK gerapporteer dat die deeltitelregistrasie van eiendomme flink vorder. Die gemeentes in Lesotho word ook gevra om R100 elk by te dra ter

bestryding van die koste van die landmeter (Notule GSK 13 November 1986).

Die **New Land Act** van 1980 het nie net 'n uitklaring van eiendomsreg meegebring nie, maar ook die moontlikheid van die gemeentes in Lesotho om 'n eie selfstandige kerk te vorm. Hierdie moontlikheid is by die vergadering van die GSK in Maart 1983 bespreek. "Aangesien die kerk in Lesotho net soos in die Transkei" lui die besluit, "van staatsweë gedwing kan word om te konstitueer as 'n aparte Sinode, bring die GSK dit onder die aandag van die Moderatuur van die NGKA. Die Moderatuur word versoek om betyds die nodige reëlings te tref deur middel van die Ringskommissie in oorlegpleging met die Ring van Lesotho sodat toestemming betyds verkry kan word by die betrokke sinodes" (Notule GSK 22 Maart 1983). Nog in dieselfde jaar het die GSK hierdie besluit voor die Sinode van die NGKA gebring, wat dit goedgekeur het. Die Sinodale Kommissie het volmag ontvang om die gemeentes in Lesotho in 'n selfstandige Sinode te konstitueer, sou dit van staatsweë vereis word (Notule GSK 4 Augustus 1983, GSK verslag aan die Sinode van die NGKA OVS 27 September 1983, Notule GSK 14 Februarie 1984).

Hierdie baie belangrike verwikkeling, én ontwikkeling, is aangevoer in die kerklike kommissies buite die Ring om. Die Ring is steeds aan die hand geneem, sonder dat hy self in eie reg na vore gekom het. Daarmee is 'n funksionele werkswyse en ekklesiologiese benadering wat nou reeds tradisioneel geword het, steeds voortgesit. Die kerklike kommissies (GSK en Skakelkommissie) het in verband met mekaar ten behoeve van die Ring en die gemeentes besluite geneem en beplan. En, hier is die probleem van 'n groeiende begroting aangespreek.

Uit die notules blyk dit dat die bouprogram wat nou reeds meer as vyftien jaar lank aan die gang is, groter wordende uitgawes ter wille van instandhouding geverg het (vgl. GSK Notule 28 Oktober 1982, 14 Februarie 1984, Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 5 November 1981, 25 Maart 1982). Die volhoubaarheid van die sendingonderneming van die NGK/NGKA was skielik op die tafel. Onderliggend was daar dus sedert veral 1982 'n krisis aan die opbou: die bydraes vir die Lesothosending het almeer onder druk gekom. Die begroting, wat nou meer as R100 000 per jaar beloop het, het elke jaar geëskaleer. Vir die GSK was dit ook duidelik dat die gemeentes en Ring van Lesotho nie die finansiële aspek van hulle kerkwees sal oorneem nie. Daarvoor was die gemeentes en lidmate te arm. En, die opgeboorde infrastruktuur duur om te onderhou. Iets sou gedoen moes word. Hiermee saam het dit in die Ring en veral onder die ampsdraers, nie goed gegaan nie. Daar was steeds die kenmerkende tugsake en ontevredenheid.

8. Nog steeds tugsake ... en die besef dat die situasie beredder moet word: 1981-1986

In die notuleboek van die Ring van Lesotho kom die een tugsak na die ander soos 'n refrein na vore. Veral die Ringskommissie moes by meer as een geleentheid sake ondersoek waarin ampsdraers mekaar aankla. Daar was ook ernstige geskille tussen ringslede wat sou bydra dat die werksaamhede en groei in die Ring benadeel sou word.

Op 11 Augustus 1983 ondersoek die Ringskommissie byvoorbeeld 'n klag teen evangelis P Moleko op Hlotse in die gemeente van Leribe (Notule Ringskommissie 11 Augustus 1983). Hy word aangekla van ontug en dat hy die vader is van 'n buite-egtelike kind. Dit kon egter nie bo alle twyfel bewys word nie. Die Ringskommissie besluit om die saak te laat vaar en evangelis Moleko word versoek om op sy bediening te fokus (Notule Ringskommissie 11 Augustus 1983). In Maart 1986 weer, word klagtes van onmin tussen lekwewerker AL Mokhachane en die wykskerkraad van Thabana Tsoana in Teyateyaneng gemeente ondersoek (Notule Ringskommissie 21 Maart 1986). Hierdie twee voorbeelde is genoeg om die punt te maak. Nog meer van hierdie sake is aangemeld. Dit blyk uit die notules dat die Ringskommissie al teen die tyd gesout was om dit te hanteer en vrede te probeer herstel.

Moeliker, en vir die Ring ongewone sake, het in 1986 voor die deur gelê. Sake waarin die aanklaers en verweerders aan verskillende kante van die kleurgrens gestaan het. Twee sake waarin mede-arbeiders mekaar aankla, word op hierdie wyse voor die Ringskommissie gebring. In April 1986 ondersoek die Ringskommissie klagtes van ds. Potgieter teen evangelis Zwane (Notule Ringskommissie 3 April 1986).

Ds. Potgieter het byvoorbeeld vir ds. Viviers as een van sy getuies geroep in sy klagtes teen Evangelis Zwane (Brief van ds. Potgieter aan Ringskriba 25 Februarie 1986). In die klagbrief van ds. Potgieter teen evangelis Zwane word hy van die volgende beskuldig: Eerstens dat hy vir lang tye afwesig is uit die gemeente by Mokheleshek. Tweedens dat hy sy vrou in die openbaar aangerand het. Derdens dat kerkbywoning besig is om te daal op Mokheleshek. Vierdens dat daar gerugte is dat Evangelis Zwane 'n buite-egtelike verhouding het. Die Ringskommissie kon egter geen gronde vind vir hierdie klagtes teen evangelis Zwane nie (Notule Ringskommissie 3 April 1986).

Dan was daar ook klagtes van ouderling Maema ('n bouer) teen ds. Potgieter (Notule Ringskommissie 3 November 1986). Eerstens word hy daarvan beskuldig dat hy 'n kerkraadslid sonder die toestemming afgedank het. Tweedens dat hy geld vir ouderling Maema vir bouwerk wat hy vir die kerk gedoen het skuld. Derdens dat hy bier gedrink het op die kerk se terrein. Vierdens dat hy nie begrafnisse wil hou nie (Notule Ringskommissie 3

November 1986). Ds. Potgieter het hom teen hierdie klagtes verweer deur ouderling Maema van bedrog te beskuldig (Notule Ringskommissie 3 November 1986). Die klagtes was egter gegrond en die Ringskommissie het dan ook tereg besluit dat die leraar nie besluite op sy eie mag neem nie; 'n skriftelike kontrak opgestel moet word met bouers; dat dit 'n slegte indruk skep as die leraar op die kerkterrein bier drink en dat die leraar betrokke moet wees by begrafnisse indien moontlik (Notule Ringskommissie 3 November 1986).

Hierdie voortdurende tugsake en verdeeldheid het die werksaamhede van die Ring benadeel. Trouens, dit het spanning geskep.

Intussen het ds AJ du Plessis demissie van die NG Ring van Ficksburg in Maart 1983 ontvang omdat hy te siek was om sy geseënde bediening voort te sit (Notule GSK 22 Maart 1983). Dit het beteken dat di. P Vivier (Mafeteng), AS Bührmann (Teyateyaneng), JI Potgieter (Mohaleshoek) en Moeti (Maseru) as leraars in Lesotho oorgebly het. Vroeg in 1984 het ds. CR Scheepers sendelingleeraar vir Leribe in die plek ds. du Plessis geword (vgl. Notule GSK 14 Februarie 1984, GSK verslag aan die Sinode van die NGKA 27 September 1983). Vir Mohaleshoek wou die GSK 'n swart leraar beroep (Notule GSK 14 Februarie 1984, 9 Oktober 1984). Die begroting het dit egter nie toegelaat nie, sodat die GSK die plaaslike kerkraad in Oktober 1985 moes meedeel dat 'n beroep nie uitgebring kon word nie (Notule GSK 9 Oktober 1985). Eers 'n jaar later kon die GSK toestem dat 'n swart leraar beroep kon word en is ds MP Mahloko in Mohaleshoek bevestig (Notule GSK 13 November 1986). Die Ring het hierdie beroep goedgekeur. Die gemeente het ingestaan vir 'n deel van die leraar se reiskoste.

Toe was dit al duidelik vir die sendelinge én die GSK dat die sendingsituasie in Lesotho besig was om af te stuur op 'n krisis (vgl. Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 20 September 1986). By die GSK vergadering in November 1986 word besluit om onverwyld 'n inligtingstuk oor die Lesothokerk en – sending op te stel en te versprei (Notule GSK 13 November 1986, 25 Mei 1987). Hierbenewens moes die Ring van Lesotho skakel met die Ringe van die NGKA aangrensend aan Lesotho. En, word daar aan die Skakelkommissie opgedra om 'n deeglike en verantwoorde toekomsplan, waarin finansiële probleme ook aangespreek is, op te stel en in 1987 gereed te hê (Notule GSK 13 November 1986). Die situasie wat besig was om te ontwikkel het niks goeds vir die toekoms voorspel nie, dit moes dringend en deeglik beredder word.

9. Samevatting

Hiermee het die beskrywing van 'n baie interessante tydperk in die Ring se geskiedenis, 1970 tot 1986, aan sy einde gekom. Daarin is vertel van nuwe entoesiasme vir uitbreiding en betrokkenheid diep in die berge, van die skep van 'n pos vir 'n maatskaplike werkster om armoede en nood daadwerklik aan te spreek. Die gebruiklike tugsake het aan die orde gekom. Die ontdekking is gemaak dat die infrastruktuur wat geskep is sedert 1966, te duur geword het om te onderhou. Vir die kerklike kommissies wat aangewys was om dit te bestuur, het dit 'n kopseer geword. Die Skakelkommissie vir Sending in Lesotho, bestaande uit die leraars van die Lesothogemeentes, het sedert 1981 'n belangrike rol begin speel. Die GSK het op sy beurt weer 'n meer ondersteunende posisie ingeneem. Maar, die Ring was steeds aan hulle hand. Sou hy in die dreigende krisis van die toekoms tot 'n reg van sy eie kom? Lees hoofstuk vyf om hierop 'n antwoord te kry.

Hoofstuk 5

TE MIDDE VAN KRISISSE BRING TEOLOGIESE VERANTWOORDING DIE RING NA VORE 1987-1999

Inleiding

Die laaste hoofstuk van die studie dek die mees onlangse tydperk in die Ring se geskiedenis, dit wil sê tussen 1987 en 1998. Omdat dit om eietydse geskiedenis gaan, en omdat 'n uitklarende perspektief feitlik onmoontlik is, is die historiese ontwikkeling in terme van 'n verhaal hier meer oorsigtelik vertel. Eintlik is enkele hoofmomente uitgelig om daarmee aan te toon dat die teologies-kritiese verantwoording te midde van talle krisisse tog die Ring vir die eerste keer in sy geskiedenis in eie reg na vore laat kom het.

1. Indringende gesprekke oor die toekoms lei tot 'n memorandum en Ringswerkswinkel: 1987

Reeds in die vorige hoofstuk is daarop gewys dat in die GSK aangedring is op 'n deeglike toekomsbeplanning waarin ten minste groeipunte geïdentifiseer moet word en die beter benutting van werkkragte beredeneer moes word. In hierdie verband het die Skakelkommissie by sy vergadering van 2 Februarie 1987 'n dokument in behandeling geneem. Dit begin met 'n skets van die demografiese situasie in Lesotho waaruit blyk dat die distrikte Leribe, Berea, Maseru, Butha-Buthe en Mafeteng die digstbevolkte deel van die land is. Daar het ook 'n instroming van mense plaasgevind na die stadsgebied Maseru. Hiernaas is dié gemeentelike buiteposte aangedui waar geen groei in lidmaatgetalle plaasgevind het nie: Ha-Chaka, Ha-Letele, Ha-Kweli, Mahuu, Malea-lea, Thaba-tsoeu, Sephaposhek, Mokheleshek en Metse-Motsoana. Groeipunte was weer die volgende: Leribe, Teyatyaneng, Maseru, Mafeteng, Van Rooyenshek, Mohaleshoek, Sehonghong, Phomoleng, Moyeni (Quthing) en Mphaki. Die Skakelkommissie kon egter nie tot vergelyk kom met betrekking tot die herontplooiing van werkkragte om bogenoemde gegewens aan te spreek nie (Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 2 Februarie 1987).

By sy volgende vergadering ses weke later neem die Skakelkommissie die saak rondom toekomsbeplanning weer in behandeling. Dit is die deur die GSK

terugverwys (Notule GSK 19 Februarie 1987). Hierdie keer val die klem ook op besparing ten opsigte van die begroting. Die Kommissie is van oordeel dat die gemeentes vanaf 1988 deel van die finansiële versorging van lekerkers, evangeliste en leraars op hulle moet neem. Hulle moet ook bouprojekte en die instandhouding van eiendomme help betaal. Verder sal die kerk in Lesotho hom ook meer moet toespits op gebiede met hoë bevolking. Veral skole en skoolgaande kinders moet hierby betrek word. Leraars moet hulle daarop toespits om ouderlinge en diakens toe te rus vir hulle ampswerk. Kerkrade word aangemoedig om in hierdie verband gebruik te maak van leraars met spesifieke gawes (Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 9 Maart 1987).

Die belangrike gesprek oor die toekoms van die kerk in Lesotho is behoorlik saamgevat in die Memorandum wat by die Skakelkommissie se vergadering op 14 Mei 1987 gedien het. Die Memorandum handel oor die "Voortgesette groei van die NG Kerk in Lesotho" (Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 14 Mei 1987). Die eerste paar punte handel oor die behoefte in gemeentes vir verdere toerusting en skoling vir: "1.1.1....kerkraadslede. 1.1.2. Kursusse met leraars en evangeliste t.o.v. prediking en pastoraat...1.1.3. Gemeentebou programme om lidmate toe te rus deur Bybelstudie...1.1.4. Jeugwerk. 1.1.5. Diens van Barmhartigheid. 1.1.6. Evangelisasie. 1.1.7. Fondsinsameling." (Notule van Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 14 Mei 1987). Op grond van hierdie behoefte aan toerusting in die Ring maak die Skakelkommissie die aanbeveling "dat aan die Ring 'n leraar gegee word wat die gemeentes kan toerus. ... 'n **toerustingsleraar**. Sy werk sal wees om in samewerking met die plaaslike leraar toerustingskursusse ... aan te bied." (Notule van Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 14 Mei 1987). Die GSK het op sy beurt van die Memorandum kennis geneem. En, in beginsel goedgekeur dat 'n leraar afgesonder sal word "wat organisatories die gemeentes behulpsaam sal kan wees met toerustings kursusse vir die verskillende ampte en aanverwante werksaamhede soos jeugwerk, gemeentebou, sending en evangelisasie, ens." Die hele saak word na die Ring verwys vir goedkeuring en reglementering (Notule GSK 25 Mei 1987)

Die Ring het tot op daardie stadium die indringende gesprek misgeloop. Maar, toe is hy betrek. Op 'n Buitengewone vergadering, op 22 Junie 1987, keur die Ring hierdie leraarspos goed en word die Ringskommissie opdrag gegee om 'n reglement hiervoor op te stel. Dié leraar sou aan Mohaleshoek en Vanstadensrus gekoppel wees. Die betrokke kerkrade moet dit in 'n onderlinge ooreenkoms uitklaar (Notule Spesiale Ringsitting 22 Junie 1987). Die beroeping van hierdie leraar sou nie onmiddelik realiseer nie. Veral omdat daar nie duidelikheid was oor presies wat hy moes doen nie (vgl. Notule GSK 4 Augustus 1987, 4 Februarie 1988). Ondertussen het ds. Bührmann 'n beroep aanvaar (Verslag GSK aan die Sinode van die NGKA OVS 29 September 1987). Aan die begin van 1988, terloops, is ds. Gideon van der Watt na Vanstadensrus- Mohaleshoek beroep en is hy op 26 Januarie 1988 by

die Skakelkommissie verwelkom (Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 26 Januarie 1988).

By die vergadering van die Skakelkommissie op 5 Julie 1988 kom nóg twee belangrike sake ter tafel wat 'n invloed op die Ring sou hê. Die eerste 'n Ringswerkswinkel, waar die toekomsbeplanning in diepte bespreek sou word en wat by Clocolan tussen 24 en 28 Oktober sou plaasvind. Die tweede saak raak ds. van der Watt aan: Gesprekke en samewerking met die LEC vanuit die plaaslike gemeente situasie is dringend noodsaaklik (Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 5 Julie 1988, Notule GSK 8 September 1988).

2. Ringswerkswinkels en die teologiese verantwoording van sending en kerk in Lesotho: 1989-1992

Ter voorbereiding van die werkswinkel gedurende Oktober 1988 naby Clocolan is vraelyste na al die gemeentes en wyksgemeentes van die NGKA in Lesotho gestuur om die problematiek wat in die gesprekke na vore gekom het, verder te ondersoek. Hierdie vraelyste se inligting is in 'n verslag verwerk wat tydens 'n werkswinkel bespreek is. By hierdie werkswinkel te Clocolan was feitlik al die werkers van die NGKA in Lesotho, die Sendingsekretaris van die NGK OVS en twee moderatuurslede van die NGKA-OVS teenwoordig.

Die werkswinkel het die werk en konteks in 'n situasie-analise bloot gelê. Daaruit blyk die volgende:

“Aantal gemeentes: 7

Lidmate: ongeveer 2500

Leraarsposte: 6 waarvan 2 vakant

Evangelisteposte: 14 waarvan 2 vakant

Lekewerkers: 3

Koste verbonde aan die werk: meer as R350 000 per jaar

'n Gemiddeld van 60% van die lidmate is betrokke in gemeente aktiwiteite.

Kerkbywoning wissel tussen 13% tot 80%” (Beleidsverklaring, aangeheg by die Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 28/ November 1988).

By sommige plekke, waar groot en duur kerkgeboue is, woon min mense eredienste by. Mphaki: 9 lidmate, Ha-Letele: 6 lidmate, Mapoteng: 14 lidmate en Mokhelesgate: 20. Daar was by hierdie plekke geen groei nie ten spyte van die feit dat daar voltydse werkers is. Op ander plekke gaan dit weer goed.

Gegewe hierdie feite, word besluit om op groeipunte te konsentreer en indien moontlik, voltydse werkers te herontplooi. Hierbenewens moet die kerk in Lesotho groter selfstandigheid kry en die werk van leraars meer afgestem word op toerusting. Ook moet die administratiewe struktuur verbeter word (Beleidsverklaring, aangeheg by die Notule Skakelkommissie vir Sending in Lesotho 28/ November 1988). 'n Opvolg werkswinkel is op 31 Januarie 1989 te Teyateyaneng gehou. Na hierdie werkswinkels is daar 'n verslag met

aanbevelings opgestel wat deur die GSK oorweeg en aanvaar is (Notule GSK 15 Maart 1989). Van hier is dit na die Ring gebring.

Hier het 'n deeglike gesprek plaasgevind voordat die Ring die verslag ewe eens aanvaar het (Notule Ring van Lesotho 31 Maart 1989). By die Skakelkommissie van die NGKA-Ring van Lesotho word die implikasies van die bevindinge verder deurgepraat en 'n nuwe bedieningstruktuur oorweeg (Notule Skakelkommissie NGKA-Ring van Lesotho 5 Julie 1989). Eerstens is daar evaluering van die werk en behoeftes in die sewe gemeentes gemaak. Hierin word die werklikheid soos dit vergestalt word in die praktyk van die gemeentelike lewe deeglik in die oë gekyk en die noodsaak van verantwoording, beplanning en die doelbewusteaanpak van probleme ingesien. Sommige gemeentes groei, ander stagneer en nog ander kwyn (vgl. Notule Skakelkommissie NGKA-Ring van Lesotho 5 Julie 1989).

Die gesprek wat al in 1987 begin het, is verder gevoer. Die welwese en groei van die NG Kerk in Lesotho het immers steeds aangedring op behandeling. Hiermee saam het die groeiende finansiële implikasies van die werk ook die SSK NGK OVS by die vraag oor die toekoms betrek (Notule SSK NGK OVS 6 Junie 1989). Die ideaal van finansiële selfstandigwording blyk ook al hoe verder buite bereik te raak. Trouens, die aanvaarding van die instandhouding van geboue en vergoeding van arbeiders stuit eintlik in Lesotho op weerstand (Notule Skakelkommissie NGKA-Ring van Lesotho 5 Julie 1989). Daarby ontbreek in hierdie arm en klein minderheidskerk 'n missionêre gerigtheid.

Teen hierdie agtergrond "het ons dus die verantwoordelikheid om in gehoorsaamheid aan Sy Woord, in ootmoed en nederigheid te soek na die mees effektiewe bedieningstrukture vir die kerk in Lesotho. Hierdie strukture en bedieningswyses moet beantwoord aan die Bybelse norme van kerkwees soos dit in die Gereformeerde tradisie verstaan word" (Notule Skakelkommissie NGKA-Ring van Lesotho 5 Julie 1989). Die jong gemeentes in Lesotho moet: eerstens, hulleself in liefde (dade) en waarheid (leer) opbou tot volwassenheid; tweedens, missionêr gerig bly in al hulle dienswerk; derdens, bly strewe om so spoedig moontlik finansiël selfstandig te word en vierdens, ook kerkregtelik selfstandig te word. Gemeentes kan nie deur ander instansies regeer word nie. Die ampte is daarvoor geroep, en met hulle regeer Christus deur sy Woord en Gees. "Die jong gemeente moet ook 'n inheemse karakter aanneem, dit wil sê, die struktuur van 'n kerk in die welvaart samelewing mag byvoorbeeld nie op 'n onpraktiese wyse op die Derde Wêreld situasie afgedwing word nie" (Notule Skakelkommissie NGKA-Ring van Lesotho 5 Julie 1989).

Aan die einde van hierdie bevindinge word 'n aantal aanbevelings gemaak. Wat die **kerklike struktuur** betref, word beklemtoon dat die plaaslike gemeente en kerkraad die uitgangspunt bly. Dit vorm nie onderafdelings van 'n gesentraliseerde kerkbegrip nie. Die **ampswerk** van die gelowige, diaken,

ouderling, evangelis en leraar moet meer tot sy Bybelse reg kom in die praktyk van die kerklike lewe. Die Ring van Lesotho moet in oorleg met die plaaslike gemeentes besin oor die meer effektiewe plasing “en aanwending van werkkragte. Benewens die toerusting van elke lidmaat om deur woord, daad en voorbeeld ... te getuig, moet die hele bedieningswyse van gemeentes meer **missionêr gerig** wees. Dan word **diakonale betrokkenheid** by die nood van medemens beklemtoon. Laastens word onderstreep dat groot erns gemaak moet word met die **eenheid** van die kerk, en veral weer met die LEC (Notule Skakelkommissie NGKA-Ring van Lesotho 5 Julie 1989).

Die rede waarom soveel aandag aan hierdie Notule en sy “Voorstelle vir ‘n effektiewe bediening in die NGKA-Ring van Lesotho” (opgestel deur ds. Gideon van der Watt) gegee is, lê daarin dat die basis dokument sou word vir talle indringende gesprekke gedurende die negentiger jare. In ‘n sekere sin kan hierdie jare getipeer word as jare van besinning en verantwoording. Van besondere belang is ook die feit dat die Ring self nou meer op die voorgrond begin tree. Dit blyk al uit die subtiële verandering van die naam van die Skakelkommissie. Dit is nie meer Skakelkommissie vir Sending in Lesotho nie, maar die Skakelkommissie NGKA-Ring van Lesotho. Hierdie baie belangrike kommissie, wat soveel vermag het, het ‘n nuwe fase in sy geskiedenis betree. Van ‘n kommissie vir die GSK in die jare 60 en 70 het dit al meer ‘n kommissie vir die Ring geword. Hy sou die Ring al meer aan sy eie reg begin help.

Om ten slotte ‘n geheel beeld te kry van die konteks waarin die bogenoemde gesprekke en verslae plaasgevind het, word ‘n insiggewende tabel hieronder weergegee.

Jaar	Lidmate	Sondagskool- kinders	Katkisante	Personeel Evangelis + ds.	Inkomste (eie)
1968	466	383	66	14	
1979	2137	568	295	14+5	5953
1981	2498	616	240	10+6	6914
1983	2686	647	304	12+5	9383
1984	2528	688	277	12+5	13218
1985	2411	574	238	12+5	17442
1986	2173		196		12933
1987	2558	557	181	13+6	14055
1988	2166	464	227	13+5	20084
1990	2770	666	147	11+4	44705
1994	2901	518	149	7+6	39607

Dit is duidelik dat die Ringsgemeentes vinnige groei beleef het tot in die vroeë tagtiger jare. Daarna het die Ring se werksaamhede ‘n plato bereik en begin agteruit gaan volgens die syfers van 1981 tot 1988. Veral van 1983 af het die

Ring stoom begin verloor. Van 1981 tot 1988 het lidmaat getalle met 13% gedaal; sondegskoolkinders met 25% en katkisanter met 5%.

Die jare 1987 tot 1990 is dus 'n tyd waarin daar 'n besliste wending in die Ring en die bediening in Lesotho gekom het. Dit was juis ook in hierdie tyd dat 'n nuwe gemeente bygekom het. En, 'n nuwe geslag leraars oorgeneem het.

3. 'n Agtste gemeente word gestig en 'n nuwe geslag leraars:

1989-1991

In 1989 vind die Gewone Ringsitting op Mphaki plaas. Tydens die Ringsitting word 'n besluit geneem dat 'n gemeente suid van die Oranjerivier (Sinqu) afgestig mag word van Mohaleshoek (Notule Ring 31 Maart 1989:11). Dié nuwe gemeente Thabang word op 20 Junie 1990 op Mohaleshoek gestig deur die Ringskommissie (Notule Ringskommissie 20 Junie 1990). Thabang was die agtste gemeente wat in die Ring bygekom het. Aanvanklik is Thabang deelyds deur ds. G van der Watt van die NG gemeente Vanstadensrus bedien (Brief aan Saakgelastigde 6 November 1989). Dr van der Watt aanvaar egter in 1991 'n beroep na Paul Roux en verlaat Lesotho. Daarom besluit die Ring in 1992 om prop. GJ Beukes as leraar in 'n tentmakerbediening vir Thabang te beroep (Notule Ring 13 Maart 1992:4). Op 25 April 1992 word proponent GJ Beukes as die eerste voltydse leraar van Thabang op Mphaki georden (Verslag van Ringskriba 5 Maart 1993).

Teen hierdie tyd was daar reeds ses nuwe leraars in die gemeentes van Lesotho bevestig. Hulle was: Ds FA Fouché in Leribe, ds L Tabi in Maseru, beide is beroep en bevestig in 1989. Ds. BP Staat in Mohaleshoek, ds. MJG du Plessis in Mafeteng, beide beroep in 1990. Ds. NS Makatsa in Teyatyaneng en ds D Vermaak in Vanstadensrus, beide beroep en bevestig in 1991.

Op die skouers van hierdie leraars as bedienaars van die Woord het die taak gerus om nie net die teologiese en ekklesiologiese verantwoordings van die sendingwerk ten opsigte van en lewe in die jong kerk in Lesotho verder te voer nie, maar om dit ook prakties te vergestalt. 'n Maklike taak sou dit nie wees nie. Om mee te begin, is die Ring van Lesotho as 'n amptelike samekoms van gemeentes, steeds gekortwiek deur die een tugsak op die ander. Gevestigde tradisies, en inbeeldings het ook spanning en verdeeldheid in die Ring gebring. In 1995 sou 'n diepgaande kerkskeuring beleef word. Net toe die kerk in Lesotho sy bestaan en ontstaan oor 'n tydperk van veertig jaar in oënskouw begin neem het, en die probleme van die eietyd met entoesiasme begin aanpak het om dit vanuit die Woord die hoof te bied, is struikelblokke dus in die weg gelê. Dit sou die Ring beproef.

4. Tugsake en probleme met voltydse arbeiders: 1989-1992

Die verbuiging van die Christelike leer en lewe deur ampsdraers het die funksionering van die Ring van Lesotho ook ná 1989 dikwels in die gedrang gebring. Soveel klagbriewe moes ondersoek word. En, soveel tyd en energie is daaraan spandeer. Omdat dit in die tyd dat teologiese besinning soveel nuwe bedieningsperspektiewe geopen het, telkens opgeduik en negatiewe ervarings geskep het, moet dit hier oorsigtelik vermeld word. Juis omdat die kofessionele verantwoording tog ten spyte hiervan deurgegaan het.

Op 8 Augustus 1989 word klagtes van dronkenskap, langdurige afwesigheid uit die gemeente en probleme met geld van die wyk wat nie inbetaal word nie, teen evangelis S Matseo op Mphaki deur die Ringskommissie ondersoek (Notule Ringskommissie 8 Augustus 1989). Evangelis Matseo is egter vir die tweede keer nie teenwoordig vir die ondersoek teen hom nie. Die klagtes word as gegrond bevind. Evangelis Matseo word geskors en versoek om dadelik sy huisraad uit die pastorie by Mohkeleshek te verwyder (Notule Ringskommissie 8 Augustus 1989). 'n Tweede ondersoek word tydens dieselfde Ringskommissievergadering gedoen oor twee klagbriewe wat ontvang is oor die bediening van evangelis Leokaoke van Mphaki (Notule Ringskommissie 8 Augustus 1989). Die een klagbrief het van ds. van der Watt gekom en die ander een van hoofman Letsie. Die klagtes het gehandel oor gerugte dat hy ontrou is aan sy vrou; dat dit sleg gaan in die gemeente en dat hy volgens die konstistorie boek elf Sondae in een jaar afwesig was. Tydens die ondersoek was niemand in die gemeente egter bereid om teen evangelis Leokaoke te getuig nie. Die Ringskommissie sluit die saak en vra hom om sy taak as evangelis te doen soos bepaal deur die Kerk Orde (Notule Ringskommissie 8 Augustus 1989). Twee jaar later ondersoek die Ringskommissie soortgelyke gerugte teen Evangelis Leokaoke op Mphaki (Notule Ringskommissie 12 September 1991). Weereens kon die Kommissie geen gronde vir die gerugte vind nie en die saak word laat vaar (Notule Ringskommissie 12 September 1991).

Op 24 April 1992 ondersoek die Ringskommissie 'n klag van verkragting teen evangelis Makhele van Mafeteng (Notule Ringskommissie 24 April 1992). Die evangelis het 'n vrou gevra om hom te help om sy huis skoon te maak terwyl sy vrou nie tuis was nie. Nadat sy klaar was met die werk het hy haar kamer toe geneem en verkrag. Sy het probeer ontvlug, maar die huis se deure was gesluit, lui die klag. Dit het binne die NGKA pastorie op Mafeteng gebeur. Nadat hy klaar was met haar, het hy haar as 'n hoer uitgeskel en weggejaag. Hierdie saak het die NGKA in Lesotho se naam baie skade berokken. Dit het 'n openbare geding afgegee omdat die slagoffer hom ook siviël aangekla het. Die saak is deur die polisie ondersoek. Evangelis Makhele is 16 September 1991 in hegtenis geneem en in die selle aangehou. Hy het 17 September 1991 in die hof skuld erken op die klag teen hom. Die hof het hom derhalwe skuldig bevind. Berigte oor die verkragtingsaak is boon-op op 17 en 18 September 1991 in Lesotho oor die radio uitgesaai. Op 6 Oktober 1991 is

daar ook 'n berig in die koerant "Moeletsi oa Basotho" gepubliseer (Notule Ringskommissie 24 April 1992). Ter wille van die eer van die Here en die integriteit van die bediening van die Woord moes die Ringskommissie met oortuiging handel. Evangelis Makhele word geskors met verlies van lewensonderhoud. Die besluit is deur 'n Spesiale Ringsitting gedurende Junie 1992 bekragtig (Spesiale Ringsitting 9 Junie 1992).

Die ergste het egter nog voorgelê. Openlike verdeeldheid in die Ring na 1992 het die teologiese beplanning en toekoms visie wat besig was om hom te laat geld, in die wiele gery.

5. Verdeeldheid in die Ring: 1992-1995

Die beste is om die hele saak rakende die ernstige verdeeldheid in die Ring te benader vanuit die verslag van die Skakelkommissie NGKA-Ring van Lesotho aan die Ring in 1995 na aanleiding van 'n ontmoeting met die dagbesture van die SKSE NGK OVS en die GSK op 22 Junie 1994 (Notule Ring 17 Maart 1995). Volgens die verslag het die SKSE van die NGK-OVS sy diepe kommer uitgespreek oor: "1. Die verdeeldheid wat daar binne die Ring bestaan en die spanning tussen die bedienaars van die Woord; 2. Die onvermoë van die kerk (in Lesotho) om werklik te groei. Daarom word besluit dat daar weer 'n ontmoeting met die Ring moet wees om die spanning uit die weg te ruim en dat die probleme opgelos moet word." (Notule Ring 17 Maart 1995). Die verslag konstateer verder dat die NGK probleme het met die wyse waarop die Ring sy sake hanteer, veral sake wat ingebring word teen bedienaars van die Woord.

In punt 1 hierbo het dit gegaan oor 'n probleem rondom die die leraar van Maseru (ds Tabi) wat verdeeldheid in die Ring veroorsaak het. Ds. Tabi is 1989 na Maseru beroep nadat sy bande met die NGKA in Kimberley losgemaak is. Die probleem het begin nadat hy geld by die SSK van die NGK OVS geleen het vir 'n motor en onderneem het om dit maandeliks terug te betaal. Dit het hy blykbaar nie getrou gedoen nie, want die SSK het die Saakgelastigde van die NGKA-OVS versoek om die geld maandeliks van sy salaris af te trek (Volgens 'n gesprek met ds A Bührmann op 27 Mei 2000). Dit was die vonk wat sou aanleiding gee tot spanning tussen ds Tabi en die Saakgelastigde, die SSK en die GSK. Hierdie ongelukkigheid het later oorgespoel na die Ring waar ds Tabi simpatie gesoek het, veral by die evangeliste wat voortdurend gevra het vir hoër reistoelaes. Hy het begin deur die Ringskommissie en die Ringskriba se werkswyses te bevraagteken, met die steun van evangeliste wat simpatiek gestaan het teenoor sy probleme met die NGK en NGKA kerkkantore. So het daar verdeeldheid gekom in die Ring (Notule Ring 5 Maart 1993:3,4).

Reeds in 1992 ontvang die Ringskommissie vier briewe van ds. Tabi. In die briewe eis hy reiskostes van die Ringskriba; bevraagteken hy die werkswyse die Rings Jeugkommissie, beskuldig hy die Ringskriba dat hy besluite op sy eie

neem, bevraagteken hy die Ringskommissie se werkswyse, die Ringsbegroting en die heffinge en kla hy oor die feit dat woord "moet" gebruik word in Ringsbesluite. Die Ringsvoorsitter het as gevolg van die briewe 'n spesiale broederlike vergadering te Maseru gereël om ds. Tabi te ontmoet en sy probleme te bespreek. Tydens die ontmoeting het ds Tabi geweier om met lede van die Ringskommissie te praat. Hy het self tydens die broederlike onderhoud sonder verskoning uitgestap net om later terug te kom en te sê dat hy sy probleme slegs met die Actuaris van die NGKA OVS sal bespreek (Verslag Ringskommissie, 17 Maart 1993). Tydens die behandeling van die Ringskommissie verslag (Notule Ring 17 Maart 1993) het ds Tabi aan die Ring gesê dat hy van mening was dat die vergadering nie 'n kworum was nie. Daarom het hy nie met lede van die Ringskommissie gepraat nie (Notule Ring 5 Maart 1993:4).

Intussen het ds Tabi die gemeente van Maseru as 'n tentmaker begin bedien, sonder die toestemming van die Ring. Op 17 April 1993 ontvang die Ringskriba 'n brief van Maseru se kerkraad wat hom meedeel dat hulle toestemming verleen het aan ds Tabi om hulle te bedien as 'n tentmaker (Notule Ring Maart 1994). Hierdie saak sou egter eers tydens die Ringsitting van Maart 1995 uitgeklaar word.

Ondertussen het daar twee tugsake opgeduik wat deur die Ring behandel moes word. Ook hierin is kant gekies en het verdeeldheid in die Ring verdiep. Weer was ds. Tabi daarby betrokke. Ds Tabi was in 1994 die voorsitter van die Ring. Hy sou sy stryd met die Ringskommissie voortsit en die tugsake gebruik om in die evangeliste se guns te bly. Die meerderheid van die Ringslede in 1994 was evangeliste. Die Ringskommissie se aanbevelings in die tugsak teen die evangelis van Malea-lea word tydens 'n Spesiale Ringsitting op 1 Junie 1994 onder ds Tabi se leiding verwerp. Dit, nadat die evangelis erken het dat hy ontug gepleeg het. Daar was soveel verdeeldheid dat drie van die ses leraars gevra het dat genotuleer moet word dat hulle nie die Ringskommissie se aanbevelings verwerp nie en nog 'n leraar het buite stemming gebly (Notule Spesiale Ringsitting 1 Junie 1994:3). Tydens dieselfde vergadering weier Tabi ook 'n versoek dat die tugsak teen die evangelis van Mphaki bespreek mag word. Hy besluit verder dat die evangelis wel die spesiale Ringsvergadering op Malea-lea met stemreg mag bywoon, ten spyte van die feit dat die Ringskommissie reeds die evangelis van Mphaki se bande tydelik losgemaak het. Ringslede sou eers ses maande later, Desember 1994, saamgeroep word om die saak van Mphaki te bespreek. Die saak word eers in Maart 1995 afgehandel.

Sake het dus so versleg dat die SSK van die NGKA-OVS die Ring moes besoek om die onenigheid te help oplos (Notule Ring 26 Oktober 1994). Tydens die ontmoeting vra die SSK ds Tabi en sy (Maseru) kerkraad om sy tentmakerbediening met die Ringskommissie uit te klaar. Ds. Tabi word ook gevra om toe te sien dat Maseru hulle agterstallige ringsheffinge betaal. Ds Tabi onderneem ook op versoek van die SSK om die Ring saam te roep sodat

die tugsaaik van evangelis Leokaoke afgehandel kan word (Notule Ring 26 Oktober 1994:1). Die Ring besluit met sy Gewone Ringsitting in 1995 om evangelis Leokaoke se bande met Thabang gemeente los te maak omdat die vrede tussen die evangelis en die gemeente nie herstel kon word nie (Notule Ring 17 Maart 1995).

Hiermee het die geskiedenis van die Ring van Lesotho 'n dieptepunt bereik. Sy funksionering as 'n kerkevergadering met 'n bepaalde opdrag om die bediening van die Woord en sakramente in die plaaslike gemeentes te beskerm, is geërodeer. Die teologiese uitgangspunte en besluite in verband met die toekoms, wat sedert 1987 dikwels bespreek is, het aan 'n dun draadjie gehang.

6. Ringslede bid vir 'n wonderwerk: 1995

Dit het skielik 'n eksistensiële vraag geword: waar dan heen? Aan die einde van Julie 1995 kom die Skakelkommissie van die NGKA-Ring van Lesotho by Van Rooyenshek bymekaar. Dit sou 'n vergadering word waarin daar weer 'n onverwagse wending gekom het. Di. Du Plessis, Fouché, Beukes en Makatsa was teenwoordig asook evangeliste Maphisa, Makume en Tseou. Die volgende broers was sonder verskoning afwesig: di. Tabi, Staat en evangeliste Pinkoane en Zwane. Die vergadering word geopen met Mattheus 5:13-16: "Julle is die lig vir die wêreld...". Die eerste punt op die agendata is: "Probleme in die Ring". Die saak van ds Tabi se tentmakerbediening word eerste bespreek. 'n Gebrek aan samewerking tussen en ringslede en lede se afwesigheid tydens vergaderings word in die bespreking as van die grootste probleme in die Ring beskou (Notule Skakelkommissie NGKA-Ring van Lesotho 31 Julie 1995). Dié vergadering voel so sterk oor die toestand in die Ring dat besluit word om hom voor God te verootmoedig en te bid dat Hy 'n wonderwerk sal bewerk om die probleme in die Ring te beëindig en dat voortaan getrou gebed sal word vir 'n oplossing (Notule Skakelkommissie NGKA-Ring van Lesotho 31 Julie 1995).

Wat sou gebeur? Dramatiese gebeure was voor die deur.

7. Kerkvereniging veroorsaak Kerkskeuring: 1996

Tydens die Ringsitting van 1996 te Van Rooyenshek (Mafeteng) is die leraars van Maseru (Tabi) en Mohaleshoek (Staat) afwesig. Daar is ook geen ringsvorms van hierdie gemeentes ontvang nie. In die verslag van die Kommissie van Ampsbediening en Kerkherstel word geskryf: "Dit is met groot hartseer dat die kommissie vermoed dat die gemeentes Mohaleshoek en Maseru hulleself nie meer as deel van die NGKA beskou nie. Die Ring verloor dus twee van sy grootste gemeentes" (Notule Ring 15 Maart 1996). Dit het beteken dat die belanghebbende vereniging van twee gereformeerde kerke in Suid-Afrika, en wat elders skipbreuk gelei het, nou ook in die Ring

van Lesotho op 'n skeuring uitgeloop het. Uiteraard vra hierdie dramatiese ontwikkeling vir oorsigtelike agtergrondskennis. Net voor die demokratiese verkiesing op 27 April 1994 het die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk en die NGKA in 'n gesamentlike Sinode in Belhar verenig om die Verenigende Gereformeerde Kerk in SA (VGKSA) te vorm. Die belydenisgrondslag van hierdie kerk het die Belydenis van Belhar ingesluit.

Die NGKA OVS roep in reaksie op hierdie kerkvereniging 'n sinodesitting uit wat op 27 September 1995 en volgende dae in Parys plaasvind. Meer as 70 van die 112 NGKA gemeentes in die Vrystaat was by hierdie Sinode teenwoordig en besluit om as NGKA OVS voort te bly bestaan en nie te ontbind nie. Die redes vir hierdie besluit was:

1. Besware. Die NGKA OVS het van die begin af geen geheim gemaak van sy besware nie, en die regte kanale probeer volg. Die manier waarop hierdie besware hanteer is, veral by die Algemene Sinode van 1991 en 1994, bevredig die kerk glad nie. Besluite kon nie aan die Skrif getoets word nie, en sodoende het die NGKA OVS nie deel gehad aan die totstandkoming van die vereniging van die NGKA en die NGSK nie.
2. Oorhaastigheid. Die oorhaastigheid waarmee die Algemene Sinode belangrike sake deurgedruk het, het veroorsaak dat ons eie Sinode, ringe, kerkrade en lidmate, die geleentheid om te kies, ontnem is. So byvoorbeeld, moes aan ons sinode, ringe, kerkrade en lidmate, die geleentheid gegee gewees het om te besluit of die NGKA OVS moet ontbind, en dan ophou om te bestaan.
3. Belydenis. Ons kerk, die NGKA OVS sê in Artikel 1 van sy Kerkorde wat hy as kerk van Christus glo en bely opgrond van die Bybel. Elke lidmaat wat aan hierdie kerk wil behoort, en ook elke gemeente wat deel wil wees van hierdie kerk, moet hierdie belydenis aanvaar. Sonder dat ons lidmate, kerkrade, ringe en sinode eers die geleentheid gehad het om vir die verandering van belydenis te kies, het die Algemene Sinode by sy vergadering van 1991, die belydenis verander, deur op 'n onwettige manier die die Belhar-belydenis by Artikel 1 te voeg.
4. Teologiese opleiding. Die NGKA OVS wil graag sy leraars oplei in ooreenstemming met die belydenis van die kerk. Tot nou is daar nog nie uitgeklaar hoe die teologiese opleiding van die VGKSA daar sal uitsien nie.
5. Gesindheid van die VGKSA. Die VGKSA het tot nou geweier om op die besware van die NGKA OVS in te gaan.

('n Dokument in Sotho wat sê "die NGKA-OVS bestaan voort" wat na die Sinodesitting in 1995 aan NGKA gemeentes in die Vrystaat en Lesotho gestuur is met dié redes vir die Sinode se besluit).

Meeste van Noord-Kaap se NGKA gemeentes (Phororo) het ook nie deel van die VGKSA geword nie. Daar was dus goeie kofessionele en kerkordelike redes waarom die juridiese vereniging van twee kerke wat uit die Sending van die NGK gebore is, misluk het. Plaaslik het die lidmate en gemeentes van mekaar vervreem. Die Ring van Lesotho is dit nie gespaar.

Hierdie skeuring in die Ring en die vertrek van bogenoemde leraars was egter die begin van 'n nuwe eenheid tussen die bedienaars van die Woord wat in die NGKA gebly het. In hulle geleedere sou die drade van die vroeëre teologiese besinning en verantwoording weer opgetel word. In 'n nuwe toewyding aan die diens van die Woord sou die weg van die Woord weer aangewys word. Dit het neerslag gevind in die Herderlike Brief van die Ring aan gemeentes wat in 1998 uitgestuur is. Die Ring was nou nie meer aan die hand geneem nie. Hy het in eie reg self gemeentes aan die hand geneem.

Voordat hierdie herdelike skrywe van die Ring in behandeling kom, moet die argument vir 'n oomblik op 'n ompad geplaas word. Ter wille daarvan om die volledige prentjie te skets. Daarom word in die volgende paragraaf eers gefokus op die verhouding tussen die Ring en die LEC, wat sedert 1988 al meer ter sprake begin kom het. Hiermee is op 'n saak teruggekom wat in die beginjare van die NGSK/NGK se sending in Lesotho van uiterste belang was, maar wat om en by 1960 in die vergeethoekie beland het.

8. Die verhouding tussen die NGKA Ring van Lesotho en die LEC

In hoofstuk twee hierbo is reeds daarop gewys dat die samesprekings tussen die LEC en die NGK/NGKA na 1959 soos mis voor die son verdwyn het. Ook die NGKA Ring van Lesotho het hierdie afgebroke samesprekings nie hervat nie. Soms is op plaaslike vlak geskakel, maar dit het nie 'n punt op die amptelike kerklike notules geword nie. Gedurende 1975 was daar wel op Moderatuursvlak skakeling met die LEC. By die Sinode van 1975 rapporteer die NGKA Moderatuur dat hulle op versoek van die LEC op 21 Februarie 1973 en 29 Januarie 1975 indringende samesprekings gevoer het. Dit het handel oor samewerking rondom die finansiering van skole en misverstande tussen die kerke wat uit die weg geruim moet word. Daar is gepraat oor maniere om die eenheid uit te bou deur uitnodigings na amptelike vergaderings, wedersydse erkenning van die werk en jaarlikse vergaderings van die Moderature. Die gemeenskaplike basis van die Woord en Gereformeerde Belydenisskrifte is weer beklemtoon en daar is gepraat oor versoening en bereidwilligheid om mekaar te vergewe. Die "Seboka" van die LEC het aan sy Moderatuur 'n ruim opdrag gegee om te onderhandel oor samewerking. Hieroor het die Sinode van die NGKA in die Vrystaat sy waardering uitgespreek en ook oorweging geskenk aan finansiële steun vir die LEC (Agenda NGKA OVS 1975:53-57; Smit 1989:8). Verder het dit nie gekom nie.

In die laat tagtiger jare is skakeling met die LEC weer te berde gebring. Hierdie keer is beklemtoon dat dit versigtig en op plaaslike vlak aangevoer moet word. Dit was teologies en ekklesiologies van deurslaggewende belang. Tewens, in die Agenda van die Moderatuursvergadering van die NGKA van Februarie 1989 duik die skakeling met die LEC weer na meer as 'n dekade op.

Die Moderatuur besluit om die Ring van Lesotho (NGKA) opdrag te gee om nouer skakeling met die kerk in Lesotho te soek en aan die Moderatuur te rapporteer (Smit 1989:9). Dit sou nie realiseer nie.

In 1991 tydens 'n gewone Ringsitting te Leribe is daar indringend gepraat oor moontlikhede vir die NGKA Ring van Lesotho om meer effektief te kan wees. Een van die moontlikhede was om te streef na beter samewerking met die LEC. 'n Gedagte wat oorweeg is, was om van die wyksgemeentes van die NGKA aan die LEC oor te gee (Notule Ring 8 Maart 1991:8 punt 17.8). Hiervan het egter ook niks gekom nie.

Skakeling op plaaslike vlak het egter al meer voorgekom. Daarin het die sendelinge voorgegaan. In 1992 begin ds. GJ Beukes byvoorbeeld vriendskapsbande opbou met leiers in die LEC. Dit het gelei tot 'n ontmoeting tussen afgevaardigdes van die NGK/NGKA en die dosente van die LEC Seminarium op Morija. Hierdie ontmoeting het Vrydag, 12 November 1993 te Morija plaasgevind. Gesamentlike opleiding, en die verhouding tussen die NGK/NGKA en die LEC is bespreek. "Vandag is geskiedenis gemaak" het ds. Ntsodu van die LEC opgemerk na die ontmoeting. Die ontmoeting is afgesluit deur prof. Smit van die Vrystaatse Universiteit waartydens almal simbolies mekaar se hande gevat het.

Intussen word ds. AL Basson, wat aangesluit het by AIM (Africa Inland Mission), aan die begin van 1993 in Stellenbosch se Moedergemeente georden. Sy opdrag: Sending in Lesotho. Die Sendingorganisasie, AIM, stel sendelinge instaat om, onder andere, vakante leraarsposte in plaaslike Lesotho gemeentes te vul. Sodoende word hy, as NGK sendeling, leraar van die vakante LEC gemeente Tebellong. Ds Basson stuur 4 Desember 1992 'n faks aan ds. Erasmus om skriftelike toestemming van die NGK OVS te vra om in Lesotho vir die LEC te gaan werk. Ds. Erasmus skryf in 'n brief aan ds. Basson dat die NGK se SKSE geen probleem het met die feit dat ds. Basson onder die LEC in Lesotho gaan werk in plaas van in die NGKA nie. Dit is vir die SKSE 'n doel "...om steeds nader aan die LEC in Lesotho te beweeg. In die verband sal jou gaan na Lesotho, so glo ons, ons doelwit bevoordeel" (Brief van die NGK se SKSE in die Vrystaat aan ds Basson, 4 Desember 1992).

Die NG gemeente van Stellenbosch, ds Basson en die SKSE het ongelukkig nie die Gesamentlike Sendingkommissie vir Lesotho (GSK) of die NGKA-OVS of die Ring van Lesotho in hulle besluite geken om 'n NG sendeling na Lesotho te stuur vir hulp aan die LEC nie. Die GSK besluit egter later "dat hierdie as geleentheid gesien moet word ... om die verhouding tussen die NGKA en die LEC te verbeter..." (Notule GSK 22 September 1998:2 punt 12).

Hierbenewens lees lede van die Ring op 20 Maart 1998 die opskrif van 'n artikel in die Kerkbode: "NG Kerk smee bande met Lesotho" met

belangstelling. Volgens die artikel was daar 'n amptelike ontmoeting tussen 'n hoë vlak afvaardiging van die NG Kerk en die kerkleiding van die LEC in Lesotho. Daar is hoofsaaklik gepraat oor moontlike toekomstige samewerking ten opsigte van teologiese opleiding. Ongelukkig word die NGKA en die Ring van Lesotho weereens nie deur die NGK geken voor hierdie amptelike ontmoeting met die LEC nie.

Terwyl die skakeling en samewerking op plaaslike vlak tussen die LEC en NGKA aan die ontwikkel is, het dit meermale gebeur dat kerklike kommissies dus by die Ring verby gaan in hulle skakeling met die LEC. In hierdie verband het die Ring egter 'n voorkeur posisie. Ook hierin sal hy in eie reg moet handel.

9. Die Herderlike Brief van 1998

Sedert Maart 1995 verskyn die name van di. Tabi en Staat nie meer in notules van die Ring nie. Nadat die probleem van ds Tabi se salaris en sy tentmakerbediening in 1995 uitgeklaar is, verlaat hy die NGKA. Dit het beteken dat die Ring nou weer kon koers kry. Een bedienaar se weiering om saam te werk het vir byna vyf jaar probleme in die Ring veroorsaak.

Na die spanning van die kerkskeuring ook verwerk is gedurende 1996 en 1997, kon die Ring weer met ywer hand aan die ploeg slaan. Nypende te kort op die begroting kon nie geïgnoreer word nie. Die GSK was ook oortuig dat dit 'n slag behoorlik op die Ring uitgepraat moes word. En, veral ook die impak daarvan op die Ring se werksaamhede. Die Ring, wat on Maart 1998 byeengekom het, het 'n lang agenda gehad. Die tekort aan geld is deeglik bespreek. Ook 'n manier om besparings te bewerkstellig. Maar, die bespreking het ook weer aangeknoop by die teologiese verantwoording en rigtingwysers wat byna 'n dekade gelede al beredeneer is. Hiermee saam is jare lange problematiek van die verdeeldheid van die Ring vierkantig in die oë gekyk. Die Ring moes handel. Dit doen hy in 'n Herderlike Brief aan die gemeentes (Notule Ring 20-22 Maart 1998). 'n Verkorte weergawe hiervan lui as volg: Die afgelope jare was daar baie verdeeldheid en rusies in die Ring. Ringslede het mekaar nie vertrou nie, elkeen het sy eie pad geloop. Daar was nie sprake van 'n visie nie. In Februarie 1998 is 'n buitengewone ringsitting gehou, om die tekort in die begroting van die Gesamentlike Sendingkommissie te bespreek. Tydens hierdie ringsitting het die ringslede tot die besef gekom dat 'n tekort aan finansies maar een van die baie probleme is. Ringslede het onder andere teenoor mekaar en God bely dat hulle soos blindes voel, en rigtingloos is in die bediening. Dat hulle eensaam is en dat hulle verlang na geestelike versorging en verdere opleiding. In hierdie tyd van nood het die Here vir die Ring 'n teks gegee uit Jesaja 43:19. *Kyk ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.*

Die Ring het hierna moed geskep en besluit om hande te vat en saam te begin soek vir 'n visie wat kon aanspoor. Gedurende die ringsitting het die ring gesê: **Ons wil 'n lewende ring wees. 'n Ring wat fokus om die evangelie te verkondig aan mense wat Jesus Christus as Verlosser nie ken nie, mense wat kerklos en -vreemd is.** Om as 'n lewende Ring, gesamentlik gefokus te bly, is daar besluit om aan die volgende sake aandag te gee:

1. Samewerking tussen ringslede.
2. Opleiding.
3. Die geskiedenis van die ring.
4. Herbepanning en vernuwing van aktiwiteite in die Ring.
5. Gereelde kritiese evaluering van aktiwiteite.
6. Skakelwerk.
7. Ringslede sal geleentheid gegee word om hulle gawes en vaardighede te ontwikkel en te beoefen.

Aan die einde van die Herderlike Brief word 'n beroep op al die gemeentes in die Ring gedoen om saam te werk, te bid en te droom rondom bostaande visie. Ons glo God sal ons verder lei om soos 'n land met lewende water te word. 'n Lewende Ring wat vrug dra tot eer van God (Notule Ring 20-22 Maart 1998).

Uit hierdie Herderlike Brief blyk dit duidelik dat die Ring as 'n samekoms van gemeentes nou op 'n uitgesproke manier sy opdrag en taak sonder die leiding van kerklike skakelliggame en kommissies, vir homself uitgeklaar het. Iets was met hom aan die gebeur. Hy het selfstandig geword. Hierdie ontdekking het nie net kerkregtelike gevolge vir die Ring ingehou nie. Dit het ook die manier waarop hy geroepe is om die Woordbediening in die plaaslike gemeente te beskerm, verruim. Dit blyk ook uit die feit dat die Ring doelbewus sy onderlinge verbondenheid begin verdiep het deur:

- gereeld werkswinkels hou;
- saam Bybelstudie doen;
- uitreikings onder die veewagters voort te sit;
- kerkraads-, vroue- en jeugkampe te hou;
- kerkraadopleiding te doen;
- ringsopdragte uit te voer;
- evangeliste toe te laat en aangemoedig vir verder teologiese opleiding;
- lekewerkers by sekere wykgemeentes te plaas;
- die werk in Lesotho doelgerig bekend te stel;
- die finansiële posisie begin te verbeter;
- meer verantwoordelikheid te aanvaar vir sy bestaan en toekoms;
- meer uitwaarts gerig te wees.

'n Hele stuk borrelende lewe het in die Ring posgevat. Dit is 'n wonderwerk. Om te dink dat die Ring in minder as vyf jaar van 'n sukkelende verdeelde

kerk kon verander in 'n kerk wat saamwerk en doelgerig gefokus is op sy roeping!

Hiermee is egter in die eietyd aangeland. 'n Lang reis afgelê. Daarin het die kerkhistoriese perspektief op dielandskap van die Ring van Lesotho hom ontvou. 'n Veelseggende perspektief. Die sakkie kan daarom nou toegeknoop word.

10. Samevatting

In die laaste hoofstuk van die studie is die lewe en werk van die Ring van Lesotho tussen 1987 en 1998 in behandeling geneem. Hierin het vier belangrike sake hulleself afgeëts. Allereers is daar vanuit die Ring en sy geleedere met teologiese en konfessionele besinning en verantwoording die kontoere van 'n nuwe benadering in kaart gebring. Die bedoeling was werklik om die Ring in die gereformeerde sin van die woord tot sy eie reg te laat kom. Die tweede saak is dat hierdie hele nuwe inset nie maklik sou deurgaan nie. Dit is in die wiele gery deur tugsake en byna vernietig deur 'n onbehaaglike verdeeldheid. Derdens het die verhouding met sy historiese buurkerk, die LEC, op die agendas verskyn. Hierdie verhouding wat eintlik 'n lang en mooi geskiedenis gehad het, is beskadig en sal met sensitiwiteit en opregtheid weer herstel moet word totdat dit in 'n onderlinge verbondenheid verwerklik is ter wille van die Koninkryk van Christus. Die heel laaste (vierde) saak dui aan dat die Ring tog in 'n reg van sy eie na 1996 handelend begin optree het. Teologiese verantwoording het vrug gedra.

Wat nou oorbly is om ten slotte die studie in sy geheel in perspektief te stel.

11. Die NGKA Ring van Lesotho in perspektief

Dit het tyd geword om saam te vat. 'n Lang skof is afgelê. Om die geskiedenis van die Ring van Lesotho te verhaal, of liever, dit in perspektief te bring. Dat dit in hierdie navorsing om perspektiewe op die betrokke verlede gaan, is 'n belangrike uitgangspunt. Die pretensie van die navorsing was dus nie om die volle verhaal op skrif te stel nie, maar om perspektiewe op 'n stuk kerkgeskiedenis te open. 'n Perspektheif open 'n bepaalde punt of aspek, maar op so 'n wyse dat dit die hele prentjie in sig hou. Waarop gefokus word, word dus in verband met 'n breëre konteks of horison geplaas. So word verhoed dat "kerkhistoriese fundamentalisme" aan die grondslag van die verhaal lê. Daarmee word ook 'n wag betrek by die verleiding om die geskiedenis normatief te laat opgaan in die leer van 'n aantal lesse. Normatiewe lering kom vir die gereformeerde kerkhistorikus uit die Woord van God, nie uit die geskiedenis nie. 'n Perspektief open uitsig op vergange kerklike lewe, waarmee in 'n sindraende verhouding getree word. Die vraag aan die verlede bly immers 'n vraag na die singewing van die tyd. Daarom is die perspektiewe op die verlede van die Ring van Lesotho nie 'n leë en niksseggende aftasting van

“verlede feite” nie. Die geskiedenis praat met ons in die hede. Die kuns is om te hoor wat hy sê.

Dit was min of meer die redes waarom die verlede verhaal van die Ring in perspektiewe gestel is. Eintlik is daar maar drie perspektiewe aan die orde gestel. Hulle kom egter deurlopend aan die orde, sodat die oplettende en interpreterende leser hulle in al die hoofstukke sou teë gekom het. Hierdie perspektiewe teenoor die stem van die verlede, verpak die lewe en werk van die Ring van Lesotho in ‘n onlosmaaklike ekklesiologiese (dit wil sê teologies en kerkhistoriese) omlysting. Wie dus mank gaan aan die kennis en betekenis van hierdie perspektiewe op die verlede, sal die hede misverstaan en ‘n mooi toekoms misloop. Daarom is die navorsing van soveel belang- veral noudat die Ring in eie reg na vore tree om in diens van Christus, wat die verband tussen die gemeentes is, die bediening van die Woord in die volle sin van die woord te beskerm.

Die vraag is inderdaad watter perspektiewe op die geskiedenis van die NGKA-Ring van Lesotho saakmakend is vir sy selfverstaan, identiteit en bediening? In hierdie verband het die navorser dit aan die geskiedenis oorgelaat om dit aan te dui. Nog ‘n metodologiese keuse! Die geskiedenis-as-werklikheid soos dit indie primêre bronne tot uitdrukking gekom het, het ‘n perspektief op die verhouding tussen die Kereke ea Lesotho (LEC) en die NGKA/NGK vereis. Daarom is soveel daarvan in die eerste en tweede hoofstukke gemaak. En, daarom keer terug in die laaste hoofstuk, toe ds. van der Watt daarvoor begin pleit het om die drade wat vanuit kerklike sinodale kommissies laat val is, nou weer in ‘n plaaslike sin op te tel. Wil die Ring in sy eie reg voortgaan, sal hy hom deeglik van hierdie perspektief op sy geskiedenis moet vergewis.

Die geskiedenis dui ook aan dat die sendingonderneming en kerk(oor)planting in Lesotho georganiseer en bestuur is uit kerklike strukture en funksionele kommissies op Sinodale vlak. In die laaste vier hoofstukke word ‘n deurlopende tema. In hierdie kommissies het die NGK en NGKA saamgewerk en saam gebid. Hierdie strukture het die gemeentes en die Ring kerkregtelik aan die hand geneem. Daarmee is die kerkverband eintlik na die kommissie – die GSK en die Skakelkommissie – verplaas. Hier het vir ‘n baie lang tyd die inisiatief gelê. Hierdie perspektief op die verlede lê dus ingewikkelde kerklike strukture, wat uiters funksioneel was, rondom en bo-oor die Ring bloot. Die Ring is dus nie ingebed binne die gemeentelike strukture rondom hom nie, maar in sinodale strukture. Dit het vir hom ‘n verwysingsraam geword. Wil die Ring dus in eie reg en roeping in diens van die plaaslike gemeentes wees, sal hy hierdie perspektief waarin ‘n tradisie afgeteken staan, baie deeglik moet vereken. Daar is immers baie voordele-veral funksioneel- om aan die hand deur Sinodale strukture geneem te word. Tog sal dit in die gereformeerde sin omgedraai moet word. Anders sal die Ring funksionaris van die Sinodale kerkverbande bly.

Die derde perspektief is 'n verassende een. Dit wys hoedat veral leraars algaande in 'n teologiese verantwoording begin ontdek het dat die eintlike kerkverband nie in die onderskeie kommissies setel nie, maar in die samekoms van die gemeentes en die gemeentes se ampsdraers. Tewens, wie die teologiese besinning wat na 1987 op dreef kom goed bekyk, sien daarin hoedatdie Ring as't ware ontdek is. Ná 1995het hy inderdaad tot sy reg gekom. Daarmee het 'n gereformeerde oortuiging hom weer laat geld.

Hierdie perpektiewe, en soos hulle betekenisvol in die verhaal van die Ring vervleg lê, is kieres vir hierdie kerkvergadering om die steil pad na die toekoms aan te durf.

OPSOMMING

In **Ekklesiologiese Perspektiewe op die geskiedenis van die NGKA-Ring van Lesotho** word nie net die verhaal van hierdie Ring weergegee nie, maar ook in kerkhistoriese perspektief vereken. Dit is dus in 'n breëre verbandlegging geplaas en beskryf. Daarom is die hele eertse hoofstuk daaraan afgestaan om 'n oorsig te gee van die verhouding van eers die PESG met die NGK OVS tot min of meer 1900. Gedurende die twintigste eeu het die PESG al meer die Kereke ea Lesotho geword en met die NGSK OVS ná 1910 bande geknoop, terwyl die NGK OVS op die agtergrond geraak het. Tussen 1947 en 1957 het die kerklike kommissies van die drie kerke dikwels vergader. Hulle was op soek na 'n bevredigende verstandhouding met betrekking tot die bediening van lidmate van die Kereke ea Lesotho wat na die Vrystaatse Goudvelde gekom het ter wille van 'n heenkome. Uiteindelik het hulle aanvaar dat kerke ook in die Vrystaat en Lesotho onderskeidelik sal werk. Dit gebeur terwyl die NGSK OVS en NGK OVS 'n gesamentlike sendingaksie in Basotholand beplan en na 1957 ook loods met die beroeping van werkkragte. Net na 1960 is die eerste gemeentes gestig en in 1963 word die Ring van Basotholand geïntitueer. Hierdie Ring is aan die hand geneem deur die kerklike skakelligame wat deur die NGK/NGSK daar gestel is. Hierdie liggame het in werklikheid die rol van 'n kerkverband gespeel. In die sewentiger jare is die sendingaksie met die steun van die NG gemeente Bothaville tot diep in die berge uitgebrei, met die klem nou op evangelisering. Ondertussen het die begroting dramaties gestyg. Die instandhouding van die bouprogram wat in 1966 geloods is het duur gekos. Die een tugsak na die ander het afbrekend die sending onderneming gestrem. 'n Krisis het ontwikkel. In 1987 sou 'n indringende debat en teologiese verantwoording eers die leraars en evangeliste in Lesotho en later die Ring betrek. Dit is hierdie verantwoording wat meegebring het dat die Ring van Lesotho homself erken het as die verband tussen die (nou) agt gemeentes in Lesotho.

SUMMARY

Perspectives on the history of the Presbytery of the Dutch Reformed Church in Africa in Lesotho does not only portray its story, but also places it in a broad church historical frame of reference. The first chapter is therefore a synoptic exposition of the relationship between the Paris Evangelical Missionary Society (PEMS) and the Dutch Reformed Church of the Orange Free State (DRC OFS). In 1910 the Dutch Reformed Mission Church (DRMC) of the OFS was instituted, which means that the PEMS had to relate to the two neighbour churches. In this regard the DRC OFS shifted to the background. Between 1947 and 1957 the three churches (the PEMS by now became the Kereke ea Lesotho) were through their respective synodical commissions involved in bilateral discussions concerning the ministry to LEC members in the Goldfields of the Freestate. In the end it was decided that the LEC should take on the responsibility herself. At the very same time the DRMC OFS and the DRC OFS were collaborating in planning and implementing a joint mission enterprise in Basotholand. During 1957 the first missionaries were called and ordained, in 1960 the first DRMC congregation were instituted and in October 1963 the Presbytery of Basotholand constituted for the first time. Thus a DRCA church was planted in Lesotho – the traditional area where the Kereke ea Lesotho worked for more than 130 years. The presbytery was lead by ecclesiastical structures (liaison comitees) that took the inisiative and made the decisions. Early in the sewenth decade expansion into the mountains was made possible by the involvement of the DRC congregation of Bothaville. The emphasis was now on evangelizing and a building programme. However, in the eighties, the enterprise faced a crisis. There were shortages on the budget and the one disciplinary hearing after the other that hampered the spirirtual development of the Presbytery. During these crisis years the ministers and evangelists realised that a thourough theological and ecclesiastical assessment should be made. During 1987 this started and eventually (after 1995) resulted in recocnizing that the Presbytery has come to age to take on ministerial responsibilities as the true expression and embodiment of the mutual connectedness between the (now) eight Lesotho congregations.

KEYWORDS

Churches in Lesotho
Churches in the Orange Freestate
History of the Dutch Reformed Mission Church in the Freestate
Paris Evangelical Mission Society
Lesotho Evangelical Church
Presbytery of the Dutch Reformed Church in Africa in Lesotho
Church history Lesotho
Relationship Lesotho Evangelical Church and the Dutch Reformed Church

SLEUTELBEGRIPE

Kerke in Lesotho
Kerke in die Oranje Vrystaat
Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat
Paryse Evangeliese Sendinggenootskap
Lesotho Evangeliese Kerk
Ring van Lesotho
Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika in Lesotho
Kerkgeskiedenis van Lesotho
Verhouding tussen die Lesotho Evangelical Church en die Nederduitse
Gereformeerde Kerk
Nederduitse Gereformeerde Sending Kerk in die Oranje Vrystaat en Lesotho

B R O N N E

1. Literatuur

Beukes, GJ 1991.

Op soek na 'n meer effektiewe bedieningswyse vir die Ned. Geref. Kerk in Afrika in Lesotho: 'n Verkenning. Ongepubliseerde BTh-skripsie, Universiteit van die UOVS.

Bosch, DJ 1991

Transforming Mission. Paradigm shifts in Theology of Mission. Orbis Books, Maryknoll. New York.

Britz, RM sonder datum.

Klasaantekeninge Suid-Afrikaans Kerkgeskiedenis 1650-1775. Ongepubliseerd.

Britz, RM 1998.

Geskiedenis van die NG Kerk Fauresmith. CLF Uitgewers. Bloemfontein.

Britz, RM 2000.

Waaksame Skans. Die Tweetoringkerk Bloemfontein 1848-1998. NG Kerkraad. Dupla Drukkers. Bloemfontein

Casalis, E 1861.

The Basutos. James Nisbet & Co. London.

Casalis, E 1889 (1971).

My life in Basutoland. C. Struik. Cape Town.

Crafford, D 1982.

Aan God die dank. 1. NG Kerkboekhandel. Pretoria.

Cronjé, JM 1982.

Born to Witness. NG Kerkboekhandel. Pretoria.

De Kock, MGW 1991.

Kerkwees langs die Vaksrivier: Bothaville 1891-1991. NG Sendingpers. Bloemfontein.

Du Toit, HDA 1967

Die kerstening van die Bantoe. NG Kerkboekhandel. Pretoria

Du Plessis, J 1910 (1965).

A history of Christian missions in South Africa. C. Struik. Cape Town.

Ellenberger, V 1938.

A century of mission work in Basutholand (1833-1933). Sesotho Book Depot. Morija.

Gensichen, H-W 1961

Missionsgeschichte der neueren Zeit. Vandenhoeck & Ruprecht. Göttingen.

Germond, RC 1967.

Chronicles of Basutoland. Sesotho Book Depot. Morija.

Gill, SJ 1993

A short history of Lesotho. In: Giesen JAM (Red): **Lesotho, Kingdom in the sky.** Afrika Museum. Berg en Dal. The Netherlands, 9-167.

Kane, JH 1977

A Global view of Christian missions from pentacost to the present. Baker Book House. Grand Rapids, Michigan.

Kleynhans, EPJ 1982.

Gereformeerde Kerkreg. 1. NG Kerkboekhandel. Pretoria.

Kleynhans, EPJ 1984.

Gereformeerde Kerkreg. 2. NG Kerkboekhandel. Pretoria.

Kritzinger, JJ 1979.

'n Missionêre bediening. NG Kerkboekhandel. Pretoria.

Kritzinger JJ, Meiring PGJ and Saayman WA 1984.

You will be my witness. NG Kerkboekhandel. Pretoria.

Mohapeloa, JM 1985.

From Mission to Church (1933-1983). Sesotho Book Depot. Morija.

Queiros, E 1989.

Gemeente en Sending. Pro Christo-Plubikasies. Bloemfontein.

Smith, EW 1939 (1996).

The Mabilles of Basutoland. Sesotho Book Depot. Morija.

Smit, J.H. 1974.

Die amp van die sendingleraar in die jongere kerke, met besondere verwysing na die jongere kerke uit die sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid Afrika. (Ongepubliseerde DTh-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch).

Smit, JH 1986. In: du Preez J, Pauw CM, Robinson PJ (Red): Kerkeenheid in inheemse kerke in sendingperspektief. **Sendinggenade..** NG Sendingpers. Bloemfontein, 126-135

Smit, JH 1989.

Samewerking tussen die PESG en die Ned. Geref. Kerk in die OVS - Wat het daarvan geword? In: Kritzinger, JJ (Red): **Getuie van Gods genade: 'n dankbaarheidsbundel aan dr. Johannie M. Cronjé ter geleentheid van sy 75ste verjaarsdag**, ISWEN. Pretoria, 66-76.

2. Periodieke publikasies

Basson, N.W. 1992.

Jaarboek 1922. Nasionale Boekdrukkery. Kaapstad.

Bührmann, A.S. 1986.

Ons blywende opdrag in Lesotho. **Die Sendingblad:** 46-50.

Du Plessis, A.J. 1973.

Sendinguitdaging van ons tyd: 'n antwoord in praktyk in Lesotho. **Die Sendingblad:** 158-162.

Du Preez, J. 1972.

Die ampte volgens die Skrif. In: Bosch DJ (Red): **Ampsbediening in Afrika:** NG Kerkboekhandel, Pretoria, 8-41

Fouché, F. 1990.

Lesotho: Leribe gemeente. **Die Sendingblad:** 23.

Maribe, E.R. 16 Junie 1956.

Re amohela NG Sendingkerk...in die **Leselinyana**.

Vivier, P. 1976.

Aanskou die lande: Die oesland van die Meester in Lesotho. **Die Sendingblad:** 333-337.

3. Regeringspublikasies

Die Naturellevraagstuk. 1950.

Tomlinson Verslag. 1954.

Hoofstukke 5, 14 en 40 oor die Kerklike Aspek van die verslag van

die kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika.
N.G. Sendingpers se fotostatiese afdruk.

4. Argivale bronne

4.1. *Gepubliseerde argivale bronne*

Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1988
Sendingjaar (1988) van die N.G. Kerkfamilie: Kongresbundel. ISWEN, Pretoria.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika. 1987
Agenda en Handeling van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Afrika.

Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Vrystaat.
Agenda en Handeling van die Sinode van die Ned. Geref. Sendingkerk OVS. 1912, 1915, 1919, 1925, 1928, 1934, 1940, 1944, 1947, 1951, 1955.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika in die Oranje Vrystaat.
Agenda en Handeling van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Afrika OVS. 1963, 1975, 1987, 1995 en 1999.

Nederduitse Gereformeerde Kerk Oranje Vrystaat.
Agenda en Handeling van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk OVS. 1867, 1887, 1889, 1944, 1956, 1960, 1964, 1968, 1972, 1975, 1979, 1983, 1987, 1995.

Die N.G. Sending in Lesotho: Inligting (Nuusbrief)
Mei 1973, Februarie 1974, September 1974, Junie 1975, Oktober 1975, Maart 1981, September 1984, Desember 1984, Maart 1985, April 1986, Julie 1986, Desember 1986.

Oberholster, J.J. en Van Schoor, M.C.E. 1963.
Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.
Bloemfontein: N.G. Kerk-Uitgewers.

Odendaal, A.A. en Odendaal, B.J. 1974.
Die triomfantlike handeling van Jesus Christus in die NGKA-OVS.
Eeufeesbrochure.

Wette en Verordeninge van die NGSK OVS. 1963

Wette en Verordeninge van die NGKA OVS OVS. 1967

4.2. Ongepubliseerde argivale bronne

Journal Des Missions Evangéliques.

1887, 1888, 1889 (soos vertaal deur A. Brutsch). Morija Museum & Archives.

Scheepers, C.R. 1988.

Die onvoltooide sendingtaak in Lesotho, uit Die Sendingjaar 1988 van die N.G. Kerk familie se kongresbundel. Pretoria: ISWEN. (Volledige dokument is ongepubliseerd).

Wessels, P en Rautenbach, D 1989

Ned. Geref. Kerk Vanstadensrus 1939-1989. "Feeskoerant"

4.3. Briewe

15 September 1928. 'n Brief van eerwaarde C Christeller aan die Sendingsekretaris van die NGK OVS, ds. JG Strydom. In Lêer van Algemene Korrespondensie 1928. NGK OVS Argiefbewaarplek.

9 April 1957. 'n Brief van die NG Sendingkerk aan Opperhoof P.K. Matsieng in Basotholand

18 Julie 1957. 'n Brief van die Office of the Paramount Chief, Matsieng aan die NG Sendingkerk OVS.

31 Januarie 1962. 'n Brief van die NG Sendingkerk aan die Hoë Kommissaris, Sir J. Maud.

28 Maart 1962. 'n Brief van die Acting Resident Commissioner aan die NG Sendingkerk OVS.

4 Desember 1992. 'n Brief (faks) van proponent August Basson aan ds. Lourie Erasmus.

4 Desember 1992. 'n Brief van ds. Lourie Erasmus aan proponent August Basson.

4.4. Notules van kerkvergaderinge

Gesamentlike Sendingkommissie van die NGK en NGSK.
Notuleboek 1958-1969

Lêer 1952-1969.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika OVS.

Notules van die Gesamentlike Kommissie vir Sendingwerk in Lesotho se vergaderings. 1965-1978 (soos gevind in 'n ller in Ficksburg se pastorie), 1979 - 2000.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in die OVS se Sinodale Sendingkommissie Notules 1954-2000.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika OVS. Ring van Lesotho. Ringsnotules: 1963 - 2000.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika OVS. Ring van Lesotho. Notules van die Skakelkommisievergaderinge. 1972 - 2000.

Sinodale Sendingkommissie van die NG Sendingkerk. Notuleboek 1955-1972. Lêer van die Sendingsekretaris.

Tse reriloeng ke Seboka.

1948 - 1955 (bygestaan deur A. Brutsch). Morija Museum & Archives.

4.5. Onderhoude

5 Mei 1993, te Morija met ds. M. Bernard

6 Mei 1993, te Morija met ds. Albert Brutch.

12 November 1993, te Morija met personeel van die LEC Seminarium.

27 Mei 2000, te Bloemfontein met ds. Adriaan Bhürmann.

10 Julie 2000, per telefoon met ds. Ockie van der Walt (op Parys)

17 Julie 2000, per telefoon met mnr. IC Potgieter (Oos-Londen)

